# “Saam met Christus gekruisig” en die etiek in die Briewe van Paulus: ’n Eksegetiese studie

Jacob Petrus Malan
(BA, BD)

Skripsie voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad *Magister Theologiae* in Nuwe Testament aan die Noordwes-Universiteit, Potchefstroom kampus.

Studieleier: Prof dr Fika Janse van Rensburg

Mei 2007

Potchefstroom

# VOORWOORD

By die voltooiing van hierdie studie wil ek graag dankie sê aan die volgende:

Prof Fika J van Rensburg, my studieleier, het kundige leiding aan my gegee. Dit is vir my 'n voorreg om onder sy leiding te werk.

Die ruim beurs wat ek ontvang het van die Noordwes-Universiteit vir die voltooiing van die navorsing.

My moeder wat getrou verneem het na die vordering van die studie. Vir haar liefde en sorg is ek dankbaar.

My vrou, Annake, en ons kinders vir hulle geduld, aanmoediging en ondersteuning tydens die studie. Hulle het tyd ontbeer om my vry te stel om die studie te onderneem.

Bowenal gaan my dank aan die Here vir die gawe om met sy Woord besig te wees en die wonder wat Hy bewerk het om vir my te sterf maar dat ek ook saam met Hom kon sterf.

Adullam
Evander

Mei 2007

# BEKNOPTE INHOUDSOPGAWE

VOORWOORD ..... i

BEKNOPTE INHOUDSOPGAWE ..... ii

INHOUDSOPGAWE ..... iii

HOOFSTUK 1: INLEIDING ..... 1

HOOFSTUK 2: "SAAM MET CHRISTUS GEKRUISIG" IN SOSIOHISTORIESE KONTEKS ..... 7

HOOFSTUK 3: DIE METAFOOR "SAAM MET CHRISTUS GEKRUISIG" IN GAL 2:15-21 ..... 19

HOOFSTUK 4: DIE METAFOOR "SAAM MET CHRISTUS GEKRUISIG" IN ROMEINE 6:1-14 ..... 43

HOOFSTUK 5: DIE OPENBARINGSHISTORIESE PLEK EN BETEKENIS VAN "SAAM MET CHRISTUS GEKRUISIG" ..... 65

HOOFSTUK 6: DIE ETIESE IMPLIKASIE VAN "SAAM MET CHRISTUS GEKRUISIG" ..... 89

HOOFSTUK 7: DIE ROL VAN GELOOF IN DIE VERWERKLIKING VAN DIE ETIESE IMPLIKASIE VAN DIE METAFOOR "SAAM MET CHRISTUS GEKRUISIG" ..... 101

HOOFSTUK 8: SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING ..... 119

ABSTRACT ..... 123

OPSOMMING ..... 125

BIBLIOGRAFIE ..... 127

# INHOUDSOPGAWE

## HOOFSTUK 1
## INLEIDING

1.1 PROBLEEMSTELLING ........ 1
1.1.1 Oriëntering ........ 1
1.1.2 Probleemstelling ........ 1

1.2 DOELSTELLING EN DOELWITTE ........ 3

1.3 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT ........ 3

1.4 METODE VAN ONDERSOEK ........ 3

1.5 HOOFSTUKINDELING ........ 4

1.6 SKEMATIESE SAMEVATTING ........ 4

## HOOFSTUK 2
## "SAAM MET CHRISTUS GEKRUISIG" IN SOSIOHISTORIESE KONTEKS

2.1 INLEIDING ........ 7

2.2 KRUIS EN KRUISIGING ........ 7
2.2.1 Terminologie ........ 7
2.2.2 Kruisigingskonvensies ........ 8
2.2.2.1 Kruisiging onder die Nie-Romeine ........ 8
2.2.2.2 Kruisiging onder die Jode ........ 8
2.2.2.3 Kruisiging onder die Romeine ........ 10
2.2.3 Kruisiging ........ 11
2.2.3.1 Die vorm van die kruis ........ 11
2.2.3.2 Kruisigingsmetode ........ 11
2.2.3.3 Fisiese oprigting van die kruis ........ 12
2.2.3.4 Die hoogte van die kruis ........ 12
2.2.3.5 Die dood aan die kruis ........ 13
2.2.3.6 Die liggaam ná die kruisiging ........ 13
2.2.3.7 Die skande van die kruis ........ 13
2.2.4 Kruisiging in die Nuwe Testament ........ 13

2.3 SAAM MET (σύν) ........ 15
2.3.1 Inleiding ........ 15
2.3.2 Terminologie ........ 15
2.3.3 Die betekenismoontlikhede van σύν ........ 15
2.3.4 Die objek wat saamkruisiging is ........ 16

2.3.5 Die skande wat "saamkruisiging" bring ....16
2.3.5.1 Die individu en die gemeenskap .... 16
2.3.5.2 Die Nabye-Oosterse individu en "saamkruisiging" ....17
2.3.6 Die pyn wat "saam"-gekruisig bring .... 17

2.4 GEVOLGTREKKING .... 18

**HOOFSTUK 3**
**DIE METAFOOR "SAAM MET CHRISTUS GEKRUISIG" IN GAL 2:15-21**

3.1 INLEIDING .... 19

3.2 GEBED OM LEIDING EN HERINNERING DEUR DIE HEILIGE GEES ... 19

3.3 DIE KEUSE VAN DIE PERIKOOP VIR EKSEGESE .... 19

3.4 DIE PLEK VAN GALASIËRS 2:15-21 IN DIE BRIEF, EN DIE PLEK VAN GALASIËRS IN DIE BYBEL .... 19
3.4.1 Die plek van Galasiërs 2:15-21 in die brief .... 19
3.4.2 Die plek van Galasiërs in die Bybel .... 21

3.5 DIE GENRE VAN GALASIËRS 2:15-21 EN VAN GALASIËRS .... 22

3.6 DIE VASSTELLING VAN DIE GRONDTEKS VAN GALASIËRS 2:15-21 ..22

3.7 DIE ONTLEDING VAN DIE GEDAGTE-OPBOU VAN GALASIËRS 2:15-21 .... 23
3.7.1 Die gedagte-opbou op mikrovlak .... 23
3.7.2 Die gedagte-opbou op makrovlak .... 26

3.8 DIE VERTALING VAN GALASIËRS 2:15-21 ....27

3.9 DIE KERNVERS VAN GALASIËRS:15-21 .... 28

3.10 DIE BEPALING VAN DIE SOSIO-HISTORIESE KONTEKS VAN GALASIËRS 2:15-21 .... 28
3.10.1 Inleiding .... 28
3.10.2 Skrywer en ontstaanstyd .... 28
3.10.3 Eerste lesers .... 29
3.10.4 Paulus se teenstanders in Galasië .... 29

3.11 WOORDSTUDIE VAN DIE BEGRIPPE IN DIE FRASE "SAAM MET CHRISTUS GEKRUISIG" .... 31
3.11.1 Raadpleging van Volume 2 van die Louw & Nida-leksikon .... 31
3.11.2 Interpretasie van die gegewens van Volume 2 .... 31
3.11.3 Fokus binne die konteks .... 31
3.11.4 Raadpleging van Volume 1 van die Louw & Nida-leksikon .... 31
3.11.5 Die relatiewe posisie van die semantiese veld .... 31
3.11.6 Kontrastering met direk omliggende semantiese velde .... 31

3.11.7 Kontrastering met sub-domeine ........ 32
3.11.8 Kontrastering van die betekenisse van die woorde binne die subdomein ........ 32
3.11.9 Die finale gevolgtrekking oor die betekenis van συσταυρόω ........ 32

3.12 DIE OPENBARINGSHISTORIES PLEK EN BETEKENIS VAN GALASIËRS 2:15-21 ........ 32

3.13 DIE OPENBARING OOR GOD IN GALASIËRS 2:15-21 ........ 33
3.13.1 Metodologiese oorwegings ........ 33
3.13.2 Toegepas op Galasiërs 2:15-21 ........ 33

3.14 DIE VERLOSSINGSFEITE IN DIE PERIKOOP, EN DIE OPROEPE OP GROND DAARVAN ........ 34
3.14.1 Metodologiese oorwegings ........ 34
3.14.2 Die verlossingsfeite in Galasiërs 2:15-21 ........ 34
3.14.3 Die oproepe in Galasiërs 2:15-21 ........ 34

3.15 DIE KOMMUNIKASIEDOEL VAN DIE PERIKOOP ........ 35
3.15.1 Metodologiese oorwegings ........ 35
3.15.2 Die kommunikasiedoel van Galasiërs 2:15-21 ........ 35

3.16 ONTLEDING VAN DIE METAFOOR "SAAMGEKRUISIG" IN GALASIËRS 2:15-21 ........ 35
3.16.1 Metodologiese aspekte van die metafoor ........ 35
3.16.1.1 Definisie van 'n metafoor ........ 35
3.16.1.2 Die oogmerk vir die gebruik van metafore ........ 36
3.16.1.3 Die metodiek in die ontleding van die metafoor ........ 36
3.16.1.3.1 Die konteks van die metafoor ........ 36
3.16.1.3.2 Die sosiohistoriese ekologie ........ 36
3.16.1.3.3 Die elemente van 'n metafoor ........ 36
3.16.1.3.4 Die boodskap van die metafoor ........ 37
3.16.2 Die metafoor "saam met Christus gekruisig" in Galasiërs 2:19 ........ 37
3.16.2.1 Die konteks van die metafoor ........ 37
3.16.2.2 Die sosiohistoriese konteks van die metafoor ........ 41
3.16.2.3 Die elemente van die metafoor ........ 41

3.17 SAMEVATTING ........ 42

**HOOFSTUK 4**
**DIE METAFOOR "SAAM MET CHRISTUS GEKRUISIG" IN ROMEINE 6:1-14**

4.1 INLEIDING ........ 43

4.2 GEBED OM LEIDING EN HERINNERING DEUR DIE HEILIGE GEES ........ 43

4.3 DIE KEUSE VAN DIE PERIKOOP VIR EKSEGESE ........ 43

4.4 DIE PLEK VAN ROMEINE 6:1-14 IN DIE BRIEF , EN DIE PLEK VAN ROMEINE IN DIE BYBEL ..... 43
4.4.1 Die plek van Romeine 6:1-14 in die brief ..... 43
4.4.2 Die plek van Romeine in die Bybel ..... 45

4.5 DIE GENRE VAN ROMEINE 6:1-14 EN ROMEINE ..... 45

4.6 DIE VASSTELLING VAN DIE GRONDTEKS VAN ROMEINE 6:1-14 ..... 46

4.7 DIE ONTLEDING VAN DIE GEDAGTE-OPBOU VAN ROMEINE 6:1-14 .. 46
4.7.1 Die mikrovlak-ontleding ..... 46
4.7.2 Makrovlak-ontleding ..... 53

4.8 DIE VERTALING VAN ROMEINE 6:1-15 ..... 55

4.9 DIE KERNVERS VAN ROMEINE 6:1-15 ..... 56

4.10 DIE BEPALING VAN DIE SOSIO-HISTORIESE KONTEKS VAN ROMEINE 6:1-14 ..... 56
4.10.1 Inleiding ..... 56
4.10.2 Skrywer en ontstaanstyd ..... 56
4.10.3 Eerste lesers ..... 57
4.10.4 Die doel van Romeine ..... 58

4.11 WOORDSTUDIE VAN BELANGRIKE BEGRIPPE IN DIE FRASE "SAAM MET CHRISTUS GEKRUISIG" ..... 58

4.12 DIE OPENBARINGSHISTORIESE PLEK EN BETEKENIS VAN ROMEINE 6:1-14 ..... 58

4.13 DIE OPENBARING OOR GOD IN ROMEINE 6:1-14 ..... 58
4.13.1 Metodologiese oorwegings ..... 58
4.13.2 Toegepas op Romeine 6:1-14 ..... 59

4.14 DIE VERLOSSINGSFEITE IN DIE PERIKOOP, EN DIE OPROEPE OP GROND DAARVAN ..... 59
4.14.1 Metodologiese oorwegings ..... 59
4.14.2 Die verlossingsfeite in Romeine 6:1-14 ..... 59
4.14.3 Die oproepe in Romeine 6:1-14 ..... 59

4.15 DIE KOMMUNIKASIEDOEL VAN DIE PERIKOOP ..... 60
4.15.1 Metodologiese oorwegings ..... 60
4.15.2 Die kommunikasiedoel van Romeine 6:1-14 ..... 60

4.16 ONTLEDING VAN DIE "SAAMGEKRUISIG" METAFOOR IN ROMEINE 16:1-14 ..... 60
4.16.1 Metodologiese aspekte van die metafoor ..... 60
4.16.2 Die metafoor "saam met Christus gekruisig" in Romeine 6:1-14 ..... 61
4.16.2.1 Die konteks van die metafoor ..... 61

4.16.2.2 Die sosiohistoriese konteks van die metafoor .................................. 63
4.16.2.3 Die elemente van die metafoor ...................................................... 63

4.17 SAMEVATTING .................................................................................. 64

**HOOFSTUK 5**
**DIE OPENBARINGSHISTORIES PLEK EN BETEKENIS VAN "SAAM MET CHRISTUS GEKRUISIG"**

5.1 INLEIDING ........................................................................................ 65

5.2 METODOLOGIESE OORWEGINGS ........................................................ 65
5.3 "Saam met Christus gekruisig" elders in die skrif ..................................... 66
5.4 Gevolgtrekking: Die openbaringshistoriese betekenis van
Galasiërs 2:19 en Romeine 6:6 ............................................................. 76
5.5 "Saam met Christus gekruisig" in die Gereformeerde Belydenisskrifte .... 77
5.5.1 "Saam met Christus gekruisig" in die Heidelbergse Kategismus ........... 77
5.5.2 "Saam met Christus gekruisig" in die Dordtse Leerreëls ...................... 79
5.5.3 "Saam met Christus gekruisig" in die Nederlandse Geloofsbelydenis .. 83
5.5.4 Gevolgtrekking uit die belydenisskrifte .................................................. 86

5.6 GEVOLGTREKKING ............................................................................ 87

**HOOFSTUK 6**
**DIE ETIESE IMPLIKASIE VAN "SAAM MET CHRISTUS GEKRUISIG"-WEES**

6.1 INLEIDING ........................................................................................ 89

6.2 METODOLOGIESE OORWEGINGS ...................................................... 89

6.3 IDENTITEIT, ETIEK EN ETOS IN GALASIËRS 2:15-21 ......................... 90
6.3.1 Inleiding ............................................................................................ 90
6.3.2 Identiteit ........................................................................................... 90
6.3.3 Etiek en Etos .................................................................................... 91
6.3.4 Gevolgtrekking .................................................................................. 92

6.4 IDENTITEIT, ETIEK EN ETOS IN ROMEINE 6:1-14 .............................. 94
6.4.1 Identiteit ........................................................................................... 94
6.4.2 Etiek en Etos .................................................................................... 94
6.4.3 Gevolgtrekking .................................................................................. 97
6.5 GOD SE AANDEEL EN DIE AANDEEL VAN DIE MENS ..........................98

6.6 GEVOLGTREKKING ........................................................................... 99

**HOOFSTUK 7**
**GELOOF EN DIE ETIEK VAN "SAAM MET CHRISTUS GEKRUISIG"-WEES**

7.1 INLEIDING ...................................................................................... 101

7.2 TERMINOLOGIE VIR GELOOF ... 101
7.2.1 Geloof soos verwoord in die Ou Testament ... 101
7.2.1.1 Geloof as getrouheid in gehoorsaamheid en vertroue op Jahwe ... 101
7.2.1.2 Samevattend ... 102
7.2.2 Geloof soos verwoord in die Nuwe Testament ... 103
7.2.2.1 Terminologie ... 103
7.2.2.2 Woordstudie van die begrip geloof ... 103
7.2.2.2.1 Raadpleging van Volume 2 van die Louw & Nida-leksikon ... 103
7.2.2.2.2 Interpretasie van die gegewens van Volume 2 ... 103
7.2.2.2.3 Fokus binne die konteks ... 103
7.2.2.2.4 Raadpleging van Volume 1 van die Louw & Nida-leksikon ... 104
7.2.2.2.5 Die relatiewe posisie van die semantiese velde ... 105
7.2.2.2.6 Kontrastering met direk omliggende semantiese velde ... 105
7.2.2.2.7 Kontrastering met sub-domeine ... 106
7.2.2.2.8 Kontrastering van die betekenisse van die woorde binne die subdomein ... 106
7.2.2.2.9 Die finale gevolgtrekking oor die betekenis van πίστις ... 107
7.2.2.3 Paulus se gebruik van πίστις ... 107
7.2.2.4 Die frase πίστεως Ἰησοῦ Χριστοῦ ... 109
7.2.2.4.1 Argumente vir Χριστοῦ as subjektiewe genitief ... 109
7.2.2.4.2 Die betekenis van Χριστοῦ as subjektiewe genitief ... 110
7.2.2.4.3 Argumente vir Χριστοῦ as objektiewe genitief ... 111
7.2.2.4.4 Samevattend ... 111
7.2.2.5 Geloof as gehoorsaamheid ... 112

7.3 DIE BELYDENISSKRIFTE OOR DIE GELOOF ... 114

7.4 GELOOF EN DIE "SAAMGEKRUISIG"-METAFOOR IN GALASIËRS 2:15-21 ... 114

7.5 GELOOF EN DIE "SAAMGEKRUISIG"-METAFOOR IN ROMEINE 6:1-14 ... 116

7.6 SAMEVATTEND ... 117

**HOOFSTUK 8**
**SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING**

8.1 INLEIDING ... 119

8.2 DIE NUWE LEWE IS GEGRONDVES OP DIE GETROUHEID VAN JESUS ... 119

8.3 DIE EINDE VAN DIE SELFLEWE ... 119

8.4 DIE NUWE LEWE VANUIT DIE GELOOF ... 120

8.5 DIE ETIESE IMPLIKASIE .................... 121

ABSTRACT .................... 123

OPSOMMING .................... 125

BIBLIOGRAFIE .................... 127

# HOOFSTUK 1
# INLEIDING

## 1.1 PROBLEEMSTELLING

### 1.1.1 Oriëntering

Gedurende my bediening in verskillende gemeentes en in die sending het ek te doen gekry met twee groepe mense. Aan die een kant kry jy dié wat hulleself Christene noem maar jy sien selde die vrug van die Gees in hulle lewe. Die oomblik wat jy 'n appèl maak op hulle dat hulle lewe moet getuig van 'n lewe met Christus, verdwyn die Christenskap soos mis voor die son. Hulle beskuldig jou van wettisisme en dat jy die regverdiging wat Christus bewerk het, ongeldig wil maak. Ek begryp dat hulle reken dat Christus alles gedoen het en dat hulle niks hoef te doen nie. My ondervinding is dat die lewens van baie gelowiges op geestelike vlak oppervlakkig, selfgerig en vol kompromieë is.

Aan die ander kant van die spektrum sien 'n mens die teenoorgestelde gebeur. Hier is Christene besig om 'n (vermeende) heilige lewe só na te strewe dat hulle wetties raak. Hulle sien dan ook hulle heilige lewe as 'n basis van hulle redding. Hierdie standpunt suggereer dat heiligheid slegs oor morele reinheid handel (Peterson 1995:11). Wanneer jy die boodskap bring dat redding alleen op grond van God se genade in Christus en deur die geloof ontvang word, word jy beskuldig dat jy die sonde in die lewe van Christene goedpraat.

Wat Christene nodig het is 'n Skrifgetroue begronding van hulle etiese lewe, wat relevant is vir ons huidige situasie. Ek is oortuig dat 'n geldige verstaan van die frase "saam met Christus gekruisig" lig werp op die verstaan van die etiek in die Briewe van Paulus. Die frase "saam met Christus gekruisig" kom voor in twee gedeeltes van Paulus se briewe nl Romeine 6 en Galasiërs 2. Dié twee gedeeltes word deur meeste navorsers beskou as sentraal vir die verstaan van die etiek in die Briewe van Paulus.

### 1.1.2 Probleemstelling

Onder teoloë is daar teenoorstaande standpunte oor 'n Skriftuurlik-etiese lewe. Die algemene veronderstelling is dat die Skriftuurlik-etiese lewe eenvoudig die proses is waardeur die gelowige meer en meer heilig word (Hoekema 1989:192). Teoloë isoleer gewoonlik die terme "regverdigmaking" en die "etiek" (heiligmaking), asof dit twee konsepte is wat nie veel verband met mekaar het nie. Dié skerp onderskeiding tussen wat God gedoen het en wat die etiese implikasie daarvan is, bring misverstand dat dit gaan oor twee totaal verskillende sake en dat die een kronologies op die ander volg. 'n Gevolg is dat gelowiges reken hulle kan die een werklikheid besit terwyl die ander een maar afwesig kan wees.

Soos reeds genoem: die frase "saam met Christus gekruisig" kom twee keer voor in die Briewe van Paulus:

- Romeine 6:6: τοῦτο γινώσκοντες ὅτι ὁ παλαιὸς ἡμῶν ἄνθρωπος συνεσταυρώθη, ἵνα καταργηθῇ τὸ σῶμα τῆς ἁμαρτίας, τοῦ μηκέτι δουλεύειν ἡμᾶς τῇ ἁμαρτίᾳ· (Ons weet tog dat die sondige mens wat ons was, saam met Christus gekruisig is,

sodat ons sondige bestaan beëindig kan word. Ons is dus nie langer slawe van die sonde nie (Bybel 1992).

- Galasiërs 2:19 ἐγὼ γὰρ διὰ νόμου νόμῳ ἀπέθανον, ἵνα θεῷ ζήσω. Χριστῷ συνεσταύρωμαι· (Maar wat my betref, deur die wet is ek vir die wet dood sodat ek vir God kan lewe: ek is saam met Christus gekruisig (Bybel 1992).

'n Oorsig oor die verskillende interpretasies van die frase "saam met Christus gekruisig" wys die gebrek aan konsensus.

Stott (1994:176) verstaan dat dié frase in Romeine 6:6 iets is wat mét ons gebeur, 'n wetlike juridiese dood as straf op die sonde wanneer ons met Christus identifiseer. Daarenteen sien hy die etiek as iets wat óns moet doen deur die navolging van Jesus Christus (Gal 5:24). Vir Cranfield (1975:295-296, 309) is "saam met Christus gekruisig" alleen maar die vertrekpunt vir ons verpligting om 'n Skriftuurlik-etiese lewe te leef. Ridderbos (1977:124) definieer "saam met Christus gekruisig" as 'n oorwinning oor sonde wat dan empiries uitgewerk moet word in die lewe van die gelowige. Hierdie groep standpunte sien dus die frase "saam met Christus gekruisig" as 'n verwysing na die etiek in progressiewe sin.

Daar is egter ook 'n ander groep standpunte waarvolgens die frase "saam met Christus gekruisig" verstaan word as 'n afgehandelde saak, met die etiek inbegrepe. Die Here máák mense heilig, eens en vir altyd, deur die werk van Jesus Christus aan die kruis. Hiervolgens is etiese lewe 'n toestand waarin gelowiges hulle reeds bevind vanweë die werk van Jesus Christus aan die kruis en die werk van die Gees in hulle lewe. Die gelowiges word opgeroep om in dié toestand te bly deur in ooreenstemming met heiligheid wat hulle ontvang te lewe (Bockmuehl 1988:614). Oor Romeine 6:6 sê Moule (1893:160-161): omdat ons geregverdig is, is ons heilig, geskei van sonde, afgesonder vir God. Dit is vir hom nie maar net 'n aanduiding dat ons geloof eg is en dat ons juridies sekuriteit het nie maar dat ons regverdig verklaar is juis met hierdie doel voor oë: om heilig te wees. Hiervolgens dui Paulus aan dat iemand wat regverdig verklaar is, daarmee saam ook heilig is én sal voortgaan om dit te wees (MacArthur 1991:318). Dat iemand se etiese lewe korreleer met sy regverdigmaking, is dus reeds volledig bewerkstellig, en al wat oorbly is dat dit deur die geloof uitgeleef word.

Hierdie verskillende standpunte oor die etiese implikasie vir die lewe in Christus laat nou die vraag ontstaan: watter lig werp die frase "saam met Christus gekruisig" op die etiek in die Briewe van Paulus? Juis dit is die hoofprobleem wat nagevors word.

Om hierdie hoofprobleem te beantwoord, word die volgende vrae beantwoord:

1. Wat is die sosiohistoriese konteks van die frase "saam met Christus gekruisig"?
2. Hoe moet die frase "saam met Christus gekruisig" in die Briewe van Paulus verstaan word?
3. Hoe word die frase "saam met Christus gekruisig" in die res van die Bybel en die onderskeie gereformeerde belydenisskrifte verstaan?
4. Wat is implikasie van die frase "saam met Christus gekruisig" vir die verstaan van die etiek in die Briewe van Paulus?

5. Hoe word die etiek van "Saam met Christus gekruisig"-wees in die lewe van die gelowige verwerklik volgens die Briewe van Paulus?

## 1.2 DOELSTELLING EN DOELWITTE

Die doelstelling van die navorsing is om 'n bydrae te lewer tot 'n geldige verstaan van die frase "saam met Christus gekruisig", asook om aan te dui wat die implikasie van hierdie frase vir die etiek in die Briewe van Paulus is.

Om hierdie doelstelling te bereik; word die volgende doelwitte vir die navorsing gestel:

1. Om die sosiohistoriese konteks van die frase, "saam met Christus gekruisig", te konstrueer.
2. Om detail-eksegese te doen van die twee perikope waar die frase "saam met Christus gekruisig" voorkom in die Briewe van Paulus.
3. Om 'n openbaringshistoriese kontrole te doen in die res van die Bybel en die onderskeie gereformeerde belydenisskrifte.
4. Om te bepaal wat die implikasie is van die frase "saam met Christus gekruisig" vir die etiek in die Briewe van Paulus.
5. Om te bepaal watter rol geloof speel in die verwerkliking van "Saam met Christus gekruisig"-wees in die lewe van die gelowige volgens die Briewe van Paulus.

## 1.3 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Die sentrale teoretiese argument van hierdie studie is dat die interpretasie van Χριστῷ συνεσταύρωμαι (ek is saam met Christus gekruisig) in Paulus se Briewe geldig bepaal kan word indien dit eksegeties geplaas word, en dat dié interpretasie lig sal werp op die etiese lewe van die gelowige.

## 1.4 METODE VAN ONDERSOEK

Hierdie Nuwe-Testamentiese studie word onderneem vanuit die gereformeerde tradisie (Jordaan 1991). Om die doelwitte te bereik, word die volgende metodes gebruik:

1. Om die sosiohistoriese konteks van die frase "saam met Christus gekruisig" te konstrueer, word primêre antieke bronne en sekondêre literatuur uit die huidige tyd bestudeer. Die metode van sosiohistoriese navorsing soos toegepas deur Malherbe (1983) word gebruik.
2. 'n Detail-eksegese van die frase "saam met Christus gekruisig" word volgens die grammaties-historiese metode (Deist & Burden 1980:111-113, soos toegepas deur De Klerk & Van Rensburg (2005) gedoen. Dit sluit onder andere in woord-eksegese volgens die komponensiële analise-metode. Die data van die Louw & Nida woordeboek (1989) word hiervoor ontgin.
3. 'n Openbaringshistoriese kontrole word gedoen deur 'n trefwoorde-ondersoek in die res van die Bybel en die onderskeie gereformeerde belydenisskrifte te doen.
4. Vir die bepaling van die implikasie van die frase "saam met Christus gekruisig" vir die etiek word gesteun op bogenoemde eksegetiese proses. Die uitgangspunt om die implikasie op die etiek aan te dui word geneem vanuit die drie-deling:

identiteit, etiek en etos (Van der Watt 2006:2), soos Van Rensburg (2006) dit toegepas het op 1 Petrus.

5. Vir die bepaling van die rol van geloof in die verwerkliking van die etiese implikasies word die begrip "geloof" ondersoek in die Ou Testament en in die Nuwe Testament om te bepaal hoe die etiese eise van "Saam met Christus gekruisig"-wees volgens die Briewe van Paulus 'n werklikheid word in die lewe van die gelowige.

## 1.5 HOOFSTUKINDELING

Die volgende hoofstukindeling word gevolg:

1. Inleiding
2. Die sosiohistoriese konteks van "saam met Christus gekruisig"
3. Die metafoor "Saam met Christus gekruisig" in Galasiërs 2:15-21
4. Die metafoor "Saam met Christus gekruisig" in Romeine 6:1-14
5. Die openbaringshistoriese plek en betekenis van "saam met Christus gekruisig"
6. Die etiese implikasie van "saam met Christus gekruisig"-wees
7. Geloof en die etiek van "saamgekruisig"
8. Samevatting en gevolgtrekking

## 1.6 SKEMATIESE SAMEVATTING

| Probleemstelling | Doelstellings | Metodologie |
|---|---|---|
| 1. Wat is die sosiohistoriese konteks van die frase "saam met Christus gekruisig"? | Om die sosiohistoriese konteks van die frase, "saam met Christus gekruisig", te konstrueer. | Die metode van sosiohistoriese navorsing soos toegepas deur Malherbe (1983) word gebruik. |
| 2. Hoe moet die frase "saam met Christus gekruisig" in die Briewe van Paulus verstaan word? | Om detail-eksegese te doen van die twee perikope in die Briewe van Paulus waarin die frase "saam met Christus gekruisig" voorkom. | Eksegese word volgens die grammaties-historiese metode (Deist & Burden 1980:111-113, soos toegepas deur De Klerk & Van Rensburg 2005) gedoen. Dit sluit onder andere in woord-eksegese volgens die komponensiële analise-metode. |

| | | |
|---|---|---|
| 3. Hoe word die frase "saam met Christus gekruisig" in die res van die Bybel en die onderskeie gereformeerde belydenisskrifte verstaan? | Om 'n openbaringshistoriese kontrole te doen in die res van die Bybel en die onderskeie gereformeerde belydenisskrifte. | 'n Trefwoorde-ondersoek in die res van die Bybel en die onderskeie belydenisskrifte. |
| 4. Wat is implikasie van die frase "saam met Christus gekruisig" vir die verstaan van die etiek in die Briewe van Paulus? | Om te bepaal wat die implikasie is van die frase "saam met Christus gekruisig" vir die etiek in die Briewe van Paulus. | Die uitgangspunt word geneem vanuit die drie-deling: *identiteit, etiek en etos* (Van der Watt 2006:2), soos toegepas deur Van Rensburg (2006). |
| 5. Hoe word die etiek van "Saam met Christus gekruisig"-wees volgens die Briewe van Paulus verwerklik in die lewe van die gelowige? | Om te bepaal watter rol geloof speel in die verwerkliking van "Saam met Christus gekruisig"-wees *in die lewe van die* gelowige volgens die Briewe van Paulus. | Die begrip geloof word in die Ou Testament en in die Nuwe Testament ondersoek om te bepaal hoe die etiese eise van "Saam met Christus gekruisig"-wees 'n werklikheid word in die Briewe van Paulus. |

# Hoofstuk 2

## "SAAM MET CHRISTUS GEKRUISIG" IN SOSIOHISTORIESE KONTEKS

### 2.1 INLEIDING

Die doel van hierdie hoofstuk is om die sosiohistoriese konteks van die metafoor "saam met Christus gekruisig" te ondersoek. Dit word gedoen vir die verstaan van Paulus se gebruik van die frase in Romeine 6:6 ὅτι ὁ παλαιὸς ἡμῶν ἄνθρωπος συνεσταυρώθη) en Galasiërs 2:19 (Χριστῷ συνεσταύρωμαι). Dit is onmoontlik om dié Skrifdele te verstaan sonder om aan die fisiese kruisdood aandag te gee. Dit is egter ook onmoontlik om aan die fisiese kruisdood te dink asof dít die betekenis van die teks volledig weergee (Morris 1966:14).

Die resultate van sodanige navorsing kan gekategoriseer word as historiese data oor die terminologie vir die kruis, die vorm van die kruis, en die gebruik van kruisiging as teregstellingsmedium in die antieke tyd. Die voorsetselfrase "saam met" word in die sosiohistoriese konteks nagevors om die implikasie te bepaal vir iemand wat saam met 'n ander tereggestel word. Die inligting kan dan verreken word in die interpretasie van Paulus se metafoor "saam met Christus gekruisig".

### 2.2 KRUIS EN KRUISIGING

#### 2.2.1 Terminologie

Kruisiging is die handeling waar 'n lewende (ook soms 'n reeds-gestorwe) persoon vasgespyker of vasgebind word aan 'n kruis of regop-paal (σταυρός of σκόλοψ) of 'n kruishout (ξύλον)[1].

In die klassieke en sekulêre Griekse literatuur word die σταυρός (paal) vir verskeie betekenismoontlikhede gebruik, nl as heining, 'n fondasie of 'n palissade. Daarom kan σταυρόω beteken: om 'n paal in te slaan of om palissade op te sit (Brandenburger 1980:391). Wanneer dit in verband gebring word met straf of teregstelling, is dit 'n meer spesifieke betekenis waarvoor die werkwoord gebruik word. Die σταυρός (paal) het later 'n dwarsbalk (soos die Latynse *patibulum*) bygekry wat op die skouers van die kruiseling gelê is; die σταυρός is met tyd ook gebruik as instrument van marteling en van teregstelling van veroordeelde misdadigers (Schneider 1979:572).

Die werkwoord word baie keer saamgesteld gebruik, soos ἀνασταυροω (ophang, deurboor) wat gewoonlik dieselfde beteken as ἀνακρεμάννυμι en ἀνασκολοπίζω (ophang, deursteek). Hierdie handeling het waarskynlik altyd die konnotasie van skande en afskrikmiddel (Brandenburger 1980:391). Herodotos gebruik die term ἀνασκολοπίζω

---

[1] In Handelinge 5:30 word ξύλον gebruik om die kruis van Jesus aan te dui. Louw & Nida (1988b:57) dui aan dat ξύλον buite die Nuwe Testament ook vir "galg" gebruik word.

vir wanneer 'n lewende persoon gekruisig word en ἀνασταυρόω vir wanneer lyke aan 'n kruis vasgemaak word (Schneider 1979:573).[2] Ná Herodotos word die werkwoorde egter sinonimies gebruik vir "om te kruisig" (O'Collins 1992:1207).

### 2.2.2 Kruisigingskonvensies

Die presiese tegniese vorm en aard van die teregstelling word nie outomaties deur die woorde σταυρός en ἀνασταυρόω oorgedra nie. Om die aard van die kruisiging te bepaal, moet die landstreek en die owerheid waaronder die kruisiging plaasgevind het, bekend wees (Brandenburger 1980:391). Daarom word die gebruik van kruisiging onder die verskillende antieke volke vervolgens van nader bestudeer.

#### 2.2.2.1 Kruisiging onder die Nie-Romeine

Die Perse het kruisiging as 'n vorm van teregstelling begin gebruik. Hulle het dit waarskynlik gedoen om nie die aarde, wat volgens hulle aan Ormuzd gewy was, te ontheilig met die liggaam van die tereggestelde persoon nie (Schneider 1979:573). Darius (530-486 vC) het byvoorbeeld 3000 inwoners van Babilonië gekruisig. Verwysings na kruisigings onder die Indiërs, Asiërs, Skitiërs, Taurense, en ander volke word gevind (O'Collins 1992:1207). In die Griekse wêreld is die veroordeeldes op 'n plat bord vasgekap wat baie herinner aan kruisiging. Alexander die Grote (356-323 vC) het dikwels mense só laat kruisig, soos die keer toe hy 2000 oorlewendes van Tirus gekruisig het (O'Collins 1992:1207). Die opvolgers van Alexander die Grote het by verskeie geleenthede opstande onderdruk deur van die opstandelinge te kruisig. Onder Antiochus Epifanus IV is mense wat getrou aan die Joodse wet gebly het, in 267 vC in Judea gekruisig.

Gedurende die voor-Romeinse periode het die Grieks-sprekende Ooste kruisiging gepraktiseer in die konteks van oorlog. Met die aanbreek van die Romeinse periode is dit ook gebruik vir die teregstelling van slawe en gewelddadige misdadigers.

#### 2.2.2.2 Kruisiging onder die Jode

Die Ou Testament gee blyke van die Oosterse wyse om 'n persoon tereg te stel, nl deur die persoon te onthoof en die lyk dan op 'n paal te sit (Brandenburger 1980:393). Dit het met Saul gebeur nadat Israel deur die Filistyne oorwin is (1 Sam 31:9v) en in die droom wat Josef vir die bakker verklaar (Gen. 40:18v).[3] Darius dreig dat elkeen wat 'n bevel van die koning verontagsaam, deurboor sal word met 'n paal uit sy huis (Ester 5:14; 6:4; 7:9v; 9:13v).

Die lyke van die gekruisigde (deursteekte) persoon mag volgens Ou-Testamentiese gebruik nie oornag aan die kruis gelos word nie want dit sou die land onrein maak (Jos 8:29; 10:26).[4] Die Ou Testament en die Joodse kriminele wet maak geen voorsiening vir kruisiging (op 'n paal sit) as 'n manier van pyniging of teregstelling nie (Lane 1979:562). Dit is gebruik as vernedering en om te wys dat hulle deur God vervloek is (Deut 21:22-23). Dit verklaar juis waarom die leiers van die Jode en die skare vra dat Jesus gekruisig

[2] Die tereggestelde misdadiger is in die openbaar ten toon gestel as 'n verdere afskrikmiddel vir die pleeg van soortgelyke misdade.
[3] Dit wil nie sê dat dit die algemene praktyk in Egipte was nie.
[4] Dit is anders as die Romeine wat soms doelbewus die persoon aan die kruis laat bly het om so 'n langduriger en effektiewer afskrikmiddel te wees.

moes word, sodat Hy sy laaste asem aan die kruis as 'n "vervloekte van God" uitblaas (Gal 3:13).

Die LXX gebruik nooit die selfstandige naamwoord σταυρός nie. Die werkwoord σταυρόω kom voor slegs in Ester 7:9 (vir die Hebreeus: *talah*); Ester 8:12 ('n LXX byvoeging); en in Klaagliedere 5:13. Die uitdrukking in Ester 7:9 "laat hy daarop gekruisig word" word dadelik opgevolg met "hy is gehang" wat verwys na Hamman wat aan die galg gehang is. Klaagliedere 5:13 kan verwys na 'n lewende persoon wat aan die boom/kruishout gehang is (ἐν ξύλον ἐσταυρωθεσαν). Die LXX se weergawe van Josua 8:29 wys dat die vertaler waarskynlik gedink het aan kruisiging; tog vermy hy die woorde σταυρός en σταυρόω. Hy praat van κρεμάννειμι ἐπι ξύλον (hang aan 'n boom/kruishout) en voeg by διδειμου (die tweevoudige boom/kruishout). Dit kan verstaan word as verwysend na die hang aan 'n kruis. Dit kan egter ook bloot na 'n galg verwys (Brandenburger 1980:394). Dit blyk dat die hellenistiese Jode geweet het van die kruisigingsgebruik in die Weste, soos duidelik word uit die LXX-vertaling.

In latere tye kom kruisiging wel onder die Jode voor. Die hoëpriester Alexander Jannes (in die amp 103-76 B.C.) het 800 Fariseërs gekruisig en hulle vroue en kinders is voor hulle doodgemaak terwyl hulle aan kruis hang (Josephus. Ant. 13 # 380-83). Hierdie vorm van teregstelling is ernstig veroordeel. Dit wys dat dit vir die Jode 'n baie ongewone en onaanvaarbare manier was.[5]

Deuteronomium 21:22-23[6] is later toegepas op dié wat gesterf het deur kruisiging soos in die *pesher* van Nahum blyk (Qumran Grot 4).[7] Dit word ook gesien in 'n Qumran-dokument (11QTemple 64:6-13) waar dié Skrifdeel verbind word met kruisiging wat waarskynlik deur die Esseners gebruik is om ernstige oortredings in hulle gemeenskap te straf. In die Rabbynse bronne is die Deuteronomium-skrifdeel geneem as die basis en verder gedefinieer; dit het kruisiging ingesluit (Fitzmyer 1998:138).[8] Die hang van 'n godslasteraar aan 'n paal, is deur die rabbyne as 'n wetlike formaliteit gesien, nadat die persoon gesteniging is. 'n Persoon sou ná die steniging die dooie (gestenigde) persoon net vasgebind aan die paal en ander het hom weer dadelik losgemaak (Schneider 1979:574). Vanaf die middel van die eerste eeu vC is die implementering van die doodstraf uit die hande van die Sanhedrin geneem.

Die antieke skrywers se bespreking van die kruisiging wys dat die Jode dié praktyk wat saam met die Romeine gekom het, met afkeur bejeën het. Kruisiging is dus nie wetlik deur die Jode gepraktiseer nie en is ook nie as 'n vorm van straf aangemoedig nie (Brandenburger 1980:394).

---

5 4QpNah 1:7 en Josephus (Ant. 11,261,266v.;17,295;20,102,129,161; War, 5,449vv.).

6 [22] "Wanneer iemand tereggestel word vir 'n oortreding wat die doodstraf verdien, en jy hang hom aan 'n paal op, [23] mag sy lyk nie die nag daaraan bly hang nie. Jy moet hom nog dieselfde dag begrawe, want wie opgehang word, is deur God vervloek. Jy mag nie die land wat deur die Here jou God aan jou as besitting gegee is, verontreinig nie"

7 Die relevante dele word gevind in fragmente 3-4, kolom I, reëls 1-11, veral reëls 7-8 (Fitzmyer 1998:129).

8 Paulus assosieer juis Deut 21:22-23 met Deut 27:26 ( "Daar rus 'n vloek op elkeen wat nie hierdie wet onderhou en daarvolgens lewe nie!") in sy argumentasie in Gal 3:13 om die verbinding tussen Jesus en die vloek van die kruis en die wet te vestig (Fitzmyer 1998:138).

### 2.2.2.3 Kruisiging onder die Romeine

Daar is skrywers uit die antieke tyd wat kruisiging beskryf as 'n barbaarse daad. Ander sê dit is wreed maar aanvaar dit as 'n manier om laer klasse en slawe in toom te hou en so die openbare orde te handhaaf (Lane 1979:561). Cicero noem kruisiging *crudelissimum taeterrimumque supplicium* (V, 64, 165) (die verskriklikste en wreedste teregstelling) en *servitutis extremum summumque supplicium* (V, 66, 169) (die mees verregaande wyse van teregstelling). Josephus, wat dit self aanskou het, sê dat dit die θανάτων τόν οἴκτιστον ("die mees ellendige dood") is wat 'n mens kan sterf (BF 7.203).

Die intensiteitsorde van die metodes van teregstelling is: onthoofding (*decollatio*), verbranding (*crematio*), en dan die kruis (*crux*) as die ergste.[9] Soms het die gooi van slagoffers vir die wilde diere (*bestiis obici*) die plek van onthoofding vervang. Kruisiging was egter eenvoudiger omdat wilde diere en 'n arena nie nodig was nie. Kruisiging was ook 'n effektiewe afskrikmiddel. In die tyd van Kaligula (37-41 nC), onder die goewerneur Flaccus, is Jode gepynig en gekruisig om die mense in die amfiteater in Alexandrië te vermaak (O'Collins 1992:1207). Gewoonlik is Romeinse burgers, veral van die hoër klas, nie gekruisig nie, maak nie saak wat hulle oortreding was nie (Brandenburger 1980:392).[10] Dood aan die kruis is meestal gereserveer vir uitlanders, muiters, geweldadige rowers en vir mense van die laer klas, veral slawe.[11] Cicero sê dat net die noem van die woord "kruis" vir 'n gerespekteerde Romeinse burger onaanvaarbaar is.[12] Die persone is baie keer gekruisig naby die misdaadtoneel en verkieslik langs 'n besige pad of kruising om effektiewer as afskrikmiddel te kan dien (Schneider 1979:574).

Skrywers uit die Antieke Tyd gee nie 'n detailbeskrywing van dié wreedaardige vorm van teregstelling nie; daarom bly baie vrae onbeantwoord.[13]

Kruisiging is ook metafories gebruik deur die Romeine. Seneca vergelyk begeertes (*cupiditates*) met *cruces, in quos unusquisque uestrum clauos suos ipse adigit* ("kruise waarin elkeen van julle sy eie spykers slaan"); *stipitibus singulis pendent* ("almal hang aan hulle eie kruise"); *ad supplicium acti* ("asof hulle tot straf gebring word") verder sê hy: *Quot cupiditatibus tot crucibus distrahunter* ("hulle word uitmekaar geskeur deur baie begeertes soos deur kruise", *Dialogue 7, De vita beata 19.3)*. Die gebruik van die beeld het egter nooit 'n positiewe konnotasie nie; dit is wyd gebruik om aan te dui dat elkeen sy eie lot moet dra en dan was dit 'n beeld van afgryse (Hengel 1977:68).

---

9 Dit is genoem die drie *summa supplicia* (die drie uiterste vorme van straf) (Hengel 1977:33).

10 Vgl. O'Collins (1992:1207) vir 'n paar voorbeelde van uitsonderings.

11 Vgl. O'Collins (1992:1208) vir voorbeelde van slawe wat tereggestel is deur kruisiging, soms tot 6000 op 'n slag. Soms, as die eienaar vermoor is, is al die slawe van 'n huishouding gekruisig. Plautus vertel van die skelm slaaf wat bang is dat sy eienaar van sy skelmstreke uitvind en sy naam sal verander: *facietque extemplo Crucisalum me ex Chrysalo* ("hy sal my naam dadelik verander van Chrysalus na Crucisalus". Dus: in plaas van "goud draer" word hy 'n "kruis draer") (Bacchides 362).

12 Cicero (*Pro Rabirio V.16)*: *nomen ipsum cruces absit non modo a corpore civium Romanorum, sed etiam a cogitatione, oculis, auribus* ("Net die woord 'kruis' moet nie net ver van die lippe van Romeinse burgers bly nie maar ook van hulle gedagtes, hulle oë, hulle ore").

13 Titus wat Jerusalem beleer het, het tot 500 van die Joodse vlugtelinge per dag gekruisig sodat almal wat nog in die stad was, dit kon sien, totdat daar nie meer plek vir kruise was nie en geen kruise vir liggame nie (Josephus, War 5 # 449-51). Die detail van kruisigings is nie beskryf nie, waarskynlik omdat dit so 'n algemeen-bekende verskynsel in die destydse Grieks-Romeinse wêreld was.

### 2.2.3 Kruisiging

#### 2.2.3.1 Die vorm van die kruis

Die kruis kon die vorm van paal of 'n T (*crux commissa*) of 'n + (*crux immissa*) hê (Louw & Nida 1988b:57).[14] Die primêre bronne kontemporêr met die Nuwe Testament gee nie definitiewe aanduidings van hoe presies die kruis gelyk het nie; die vorm die kruis kan slegs afgelei word. Die gebruik vir die Romeine was dat 'n plakkaat (τίτλος) voor die veroordeelde uitgedra is of om sy nek gehang is waarop die klag aangedui is. Die veroordeelde persoon is so verder aan spot deur die skare onderwerp. Die bord is dan ook bo aan die kruis vasgemaak (Schnackenburg 1982:271).[15] Die feit dat die opskrif (τίτλος) nie altyd gebruik was nie, maak dit nie noodwendig dat die kruis in sulke gevalle die *crux immissa* was nie; tog is dit waarskynlik wel die geval (Hendriksen 1976:648).

#### 2.2.3.2 Kruisigingsmetode

Daar is geen voorgeskrewe metode waarvolgens die kruisiging uitgevoer moes word nie (Green 1993:198). Dit het afgehang van die sadistiese ondernemingsvermoë van die laksmanne aan diens. Tog kan die tipiese prosedure taamlik akkuraat gekonstrueer word (O'Collins 1992:1208).

- Eerstens was daar die kruisiging van iemand wat deur die hof veroordeel is. In tye van oorlog kon die verhoor ook plaasvind op die plek van kruisiging. As die kruisiging op 'n ander plek as die verhoor was, het die veroordeelde sy kruis (waarskynlik net die *patibulum)* gedra na die plek van kruisiging.[16] Die Jode (Lev 24:14; Num 15:35v; 1 Kon 21:13; Hand 7:58; Joh 19:20) en die Romeine (Lane 1979:563) het die gebruik gehad om die teregstellings buite die stad te hou.
- Tweedens is die veroordeelde se klere uitgetrek en is hy kaal tereggestel. Die Jode het bepaal dat iemand nie heeltemal kaal tereggestel mag word nie en het met die steniging toegelaat dat die persoon 'n heupskort mag aanhê. Of die Romeine die Jode se voorkeur oor die saak in ag geneem het, is nie bekend nie (Lane 1979:566). Die Romeinse wet het bepaal dat die laksmanne die klere en kleiner besittings van die veroordeelde kon kry.
- Derdens is die veroordeelde gegésel, by die plek van kruisiging. Dit is gesien as 'n belangrike handeling tussen die verhoor en die kruisiging (Geldenhuys 1979:599).[17]
- Vierdens is die veroordeelde aan die kruis vasgemaak/vasgespyker en só gekruisig. Daar is die tradisie dat vroue uit Jerusalem 'n dwelmdrankie aan die veroordeeldes gegee het voor hulle gekruisig is, om hulle te help om die pyn te

---

[14] Daar is ook ander kruisvorms wat minder bekend is, soos bv die kruis van Andreas (wat soos 'n X gelyk het) en die gaffel-kruis (wat soos 'n Y gelyk het) (Van der Walt 1973:120).

[15] Pilatus gebruik die opskrif ook om te spot, maar nie met Jesus nie; hy spot met die Joodse leiers, want hy weet Jesus is onskuldig. Hy waarsku eintlik die Jode dat hulle geen ander koning as die keiser moet soek nie. Onwetend praat hy ook die waarheid: dat Jesus die Koning oor alles is (Geldenhuys 1979:610).

[16] Die uitdrukking "om jou kruis (σταυρός) te dra", wat 'n tipiese uitdrukking vir die straf van slawe was, het waarskynlik sy oorsprong hier (Brandenburger 1980:392).

[17] By die geseling van Jesus was dit Pilatus se plan om Jesus daarna te kon vry laat. Dit het soms die dood van die géseling veroorsaak.

verduur. Die tradisie is waarskynlik op Spreuke 31:6-7[18] gegrond;[19] die drankie was moontlik wyn gemeng met mirre.

**2.2.3.3 Fisiese oprigting van die kruis**

Daar is twee moontlike maniere waarop die kruis opgerig is:

- Die vertikale en die horisontale balk van die kruis is as 'n eenheid hanteer. Op die plek van teregstelling is die veroordeelde op die horisontale kruis laat lê en daaraan vasgebind of vasgespyker. Daarna is die kruis opgelig en in die gat vir die voetstuk van die paal staan gemaak; die vertikale paal is met spye in die gat vasgekap om dit stewig te laat staan (Brandenburger 1980:392).
- Die ander manier is om voor die teregstelling die paal klaar in die grond in te plant.[20] Die veroordeelde word aan die dwarsbalk (*patibulum*) vasgebind of vasgespyker en dan opgehys, waarna die horisontale balk aan die vertikale balk vasgemaak word (Brown 1982:900). Daar was 'n klein hout sitblokkie (*sedicula*) ongeveer in die middel van die vertikale paal, wat die hangende liggaam ondersteun het (Van der Walt 1973:121). Die voete is aan die vertikale balk vasgemaak of vasgespyker. In die klassieke weergawes is daar geen getuienis van 'n voetrus nie (Schneider 1979:573). Die stelsel waar die vertikale paal reeds geplant was, was 'n eenvoudiger manier van oprigting, en die dra van die dwarsbalk (*patibulum*) maak dat die *crux immissa* dalk die meer algemene praktyk was. Die gebruik om die kruiseling vas te spyker, het net in geïsoleerde gevalle voorgekom (Brandenburger 1980:393).

Die argeologiese getuienis van die man wat gekruisig is uit die beendere van Huis 4, Grafkelder 1 van *Giv'at ha-Mivtar*, is waarskynlik nie te verbind met die kruisiging van Jesus nie.[21] Dit bly egter 'n waardevolle getuienis uit die eerste eeu nC van Palestynse teregstellings deur middel van kruisiging. Die getuienis vir die praktyk van kruisiging is nie langer net in buite-Bybels literêre bronne nie, maar dit kan ook argeologies gestaaf word (Fitzmyer 1998:129).

**2.2.3.4 Die hoogte van die kruis**

Die hoogte van die kruis was waarskynlik nie veel hoër as 'n man se lengte nie. Indien die veroordelaars wou hê dat die veroordeelde meer sigbaar moes wees, is die kruis hoër gemaak (Lane 1979:565). Jesus se kruis was waarskynlik bietjie hoër gewees

[18] Spreuke 3: [6] "Gee sterk drank aan die wat besig is om dood te gaan, laat die wat swaar ly drink; [7] as so mens drink vergeet hy van sy armoede en dink hy nie meer aan sy moeilikheid nie."

[19] Lane (1979:564) dink dat dit hierdie vroue is wat dit ook vir Jesus aangebied het (vgl Mark 15:23) omdat dit 'n Joodse eerder as Romeinse gebruik was.

[20] Brown (1982:898) voer oortuigende bewyse aan dat die vertikale gedeelte van die kruis dikwels permanent op die plek van teregstelling geplant was.

[21] Tzaferis (1970:18vv) berig dat gedurende Junie 1968 in opgrawings die beendere van 'n jongman opgegrawe is wat gekruisig is in die eerste eeu na Christus. 'n Spyker is deur elk van sy voorarms gedryf en 'n derde spyker (van ongeveer 17-18 cm) was steeds in plek deur albei enkels. Sy bene was gebreek, soos berig is van die twee wat saam met Jesus gekruisig is (Joh 19:32).

omdat die soldaat wat die asyn[22] by sy mond wou bring, 'n riet nodig gehad het (Mark 15:36).

### 2.2.3.5 Die dood aan die kruis

Die kruisiging het nie van die lewensnoodsaaklike organe direk beskadig nie, en daarom het die dood stadig en eers ná geweldige lyding gekom. Die bloedverlies, ontsteking van die wonde en bloedvergiftiging, die liggaamsgewig wat die wonde in die hande en voete verder oopskeur, spierkrampe en gewrigte wat wil breek, die inwendige organe wat dreig om te skeur, die asemhaling wat al moeiliker word, die bloedsomloop wat nie meer kan plaasvind nie, blootstelling aan die elemente (son, wind en weer) en 'n ontsettende dors het in die meeste gevalle die dood veroorsaak (Van der Walt 1973:119). Ten einde die dood te bespoedig is die bene van die kruiseling later gebreek (vgl Joh 19:31-33).

### 2.2.3.6 Die liggaam ná die kruisiging

Die liggaam is dikwels aan die kruis gelos as waarskuwing aan die mense, en so word die kruiseling se liggaam kos vir roofdiere, en aas- en roofvoëls.[23] Daar is ook getuienis dat die liggaam soms vir die familie gegee is; dit het egter berus by die magistraat (Brandenburger 1980:393). Kruisiging as 'n manier van teregstelling is deur Konstantyn die Grote (sterf in 337) beëindig (Schneider 1979:574).

### 2.2.3.7 Die skande van die kruis

Die kruis het die veroordeelde van alle menswaardigheid ontneem. Die kruis is gereserveer vir die laagste klasse van die samelewing en die ergste kriminele (vgl 2.2.2.3 hierbo). Die Rabbi's het dit selfs verbind met Deuteronomium 21:22-23, waar die kruiseling deur God vervloek is. Na die veroordeling, terwyl die veroordeelde sy kruis (*patibulum*) dra, met die plakkaat (τίτλος) om sy nek, is hy deur die mense gehoon en bespot (Schneider 1979:578). Hy is buite die stad geneem, waar al die vullis van die stad uitgegooi is, langs die besigste paaie en by kruispaaie, sodat meer mense kon sien, die spot dryf en hom belaglik maak. Sonder klere, kaal, vir almal om te kyk en te lag het die kruiseling daar gehang. Oordromme wat wil bars, oë wat wil breek maar wat tog steeds die spot en die hoon meganies na die brein toe deurgee (Van der Walt 1973:119). Die hulpeloosheid, vasgespyker, met die seker vooruitsig van die dood, sonder die moontlikheid van redding of begenadiging. Die dood wat verseker kom maar eers binne 'n paar ure of dalk selfs eers ná twee of drie dae van lyding.

### 2.2.4 Kruisiging in die Nuwe Testament

Die werkwoord σταυρόω word gewoonlik in die Nuwe Testament vir kruisiging gebruik. Vir die kruis van Jesus word altyd σταυρός en nooit σκόλοψ gebruik nie. Die woorde σταυρός ("kruis"), ἀνασταυρόω en σταυρόω ("kruisig"), en συσταυρόω ("saamkruisig") kom in hoofsaaklik twee soorte tekstuele kontekste voor:

- Eerstens kom dit voor in die narratiewe oor die kruisiging van Jesus (Mark 15:1-47; Matt 27:1, 11-61; Luk 23:1-56; Joh 18:28 - 19:24). Hierby hoort ook: Matteus

[22] Suur wyn word in die Ou Testament as verfrissende drankie vermeld (Num 6:13; Rut 2:14). Ook in die Romeinse en Griekse literatuur word dit as 'n algemene drankie vir arbeiders en soldate vermeld omdat dit 'n goedkoop en goeie dorslesser was (Lane 1979:573).

[23] Daar is getuienis dat veroordeeldes hulle eiendom verloor het en soms ook die reg verbeur het om begrawe te word (Lane 1979:578).

20:19 (die verwysing na die kruisiging in Jesus se voorspelling van sy lyding); Matteus 26:2 (verdere voorspellings van die kruisiging); Lukas 24:20; Handelinge 2:36; 4:10 (stellings oor die Jode se aandeel in die kruisiging); Openbaring 11:8 (die identifisering van "groot stad" "waar die Here gekruisig is" met Sodom en Egipte).

- Tweedens kom dit voor in Paulus se briewe, ongeveer twintig (20) keer.[24] Hierby kan ook die volgende nie-Pauliniese gedeeltes gevoeg word, as gevolg van hulle inhoud: Hebreërs 6:6; 12:2 en die sinoptiese opdragte om jou kruis te dra (Mark 8:34; Matt 16:24; Luk 9:23; en Mark 10:38; Luk 14:27).[25] Paulus was die vroegste skrywer wat na die kruis verwys sonder om aandag aan die fisiese detail van die gebeure te gee. Dit wil egter nie sê dat die historiese gebeure minder belangrik geword het nie, nog minder dat die teologiese konsep die historiese vervang. Vir Paulus kom die teologiese op uit en bly verbonde met die historiese gebeure, die verlossingsgeskiedenis waarna hy verwys (Ellis 1974:69). Die kruis en die kruisiging van Jesus is en bly die hart van die Christelike geloof (Fitzmyer 1998:125).

'n Gekruisigde persoon is gesien as iemand wat deur God vervloek is en nie as iemand wat God se seën wegdra nie; daarom is die boodskap van die kruis 'n struikelblok[26] en dwaasheid (μωρία)[27] vir baie (1 Kor 1:23; Gal 5:11). Justinus beskryf die aanstoot as malheid (μανία) en sien die probleem veral in die Christelike geloof wat goddelike status aan die gekruisigde Jesus gee en sy betekenis vir die redding van die mens.[28] maar tog die krag en die wysheid van God. Jesus dra die goddelike oordeel oor die sonde. Die gehoorsaamheid wat Hy openbaar deur Hom aan die kruis te laat spyker, bring 'n ommekeer aan die ongehoorsaamheid waarmee Adam en Eva begin het (Lane 1979:562). Aan die kruis identifiseer Jesus met die mens as oortreder en oorkom die skeiding tussen mens en God deur in die mens se plek as 'n vervloekte te sterf.

Die tradisie oor die lyding en kruisiging van Jesus wys in antisipasie ook wat die navolgers van Jesus, die kerk, se verwagting behoort te wees (Brandenburger 1980:396). Die Redder wys die pad as 'n noodwendige lydingsweg vir sy volgelinge.

---

24 Die Skrifdele is die volgende: "kruisig" (σταυρόω) 1 Kor 1:13,23; 2:2,8; 2 Kor 13:4; Gal 3:1; 5:24; 6:14; en "saamkruisig" (συσταυρόω) Rom 6:6; Gal 2:19; en die selfstandige naamwoord "kruis" (σταυρός) 1 Kor 1:17,18; Gal 5:11; 6:12,14; Ef 2:16; Fil 2:8; 3:18; Kol 1:20; 2:14.

25 Die Evangelies gee baie min detail oor die kruisiging en die lyding, waarskynlik sodat gelowiges nie dalk só daarop konsentreer dat hulle nie besef en beleef wat Jesus vir hulle gedoen het om die vloek en die straf van God te dra nie (Geldenhuys 1979:608).

26 Daar is 'n bekende illustrasie van 'n gekruisigde figuur met 'n donkie kop op die Palatyn met die inskripsie: Αλεξάμενος σέβετε Θεον (Alexamenos aanbid god). Dit is die antichristelike bespotting van die gekruisigde Jesus, die Joodse afleiding van die Christelike geloof (Hengel 1977:19).

27 Die woord dui nie 'n intellektuele defek aan nie maar dui op die dwaasheid om te wil glo in 'n gekruisigde Verlosser (Hengel 1977:1).

28 Die malheid wat die heidene sien, lê volgens hom in die feit dat die Christene 'n gekruisigde man as die belangrikste ag naas die onveranderlike en ewige God, wat die Skepper van die wêreld is (Apology I, 13.4 ).

## 2.3 SAAM MET (σύν)

### 2.3.1 Inleiding

Hier word 'n sosiohistoriese konstruksie gemaak van die begrip "saam" gekruisig. Watter gedagtes sou "saam" oproep by die hoorder? Wat wil Paulus met hierdie metafoor by die leser tuisbring?

### 2.3.2 Terminologie

Die werkwoorde en byvoeglike naamwoorde waarmee σύν saam gebruik word, maak dit duidelik dat die σύν voltooi word met Χριστῷ en dat dit dui op ʼn inbegrepe wees in die Christus-gebeure.[29] Die saam-gekruisigde se lewe word begin en voortgesit σύν Χριστῷ, en geleef ἐν Χριστῷ of ἐν κυρίῳ (Grundmann 1979:767).

### 2.3.3 Die betekenismoontlikhede van σύν

In die Klassieke Grieks en die Koine Grieks beteken σύν (ξύν),[30] "saam met, met" en dit druk "saamwees" of "saam kom" uit. Van vroeg af is dit gebruik met ʼn assosiatiewe datief (Grundmann 1979:768). Σύν en μετά is naby verwant en word baie keer afwisselend gebruik. Dit is egter betekenisvol dat Paulus sy briewe afsluit met die gebed dat die genade met (μετά, nie σύν nie) die geadresseerdes sal wees. Hy dui egter die Christen lewe aan as een van identifikasie "met" Christus en die Christen se lewe/doel as "met Christus" (σύν, nie μετά, in beide gevalle). Σύν dui dus meer op die intieme persoonlike verhouding (vgl Kol 3:4) en μετά meer op die intieme assosiasie of gepaardgaande omstandighede (vgl 1 Tess 3:13) (Harris 1978:1206).

Louw en Nida 1988:791 dui drie moontlike betekenisse aan:

1. Koppeling tussen objekte of gebeure sonder om spesifieke verhouding of funksie te beskryf (Subdomein 89.105: "met, op, saam met, by, handel saam").
2. Assosiasie as ʼn merker wat gesamentlike deelname in sekere aktiwiteite aandui (Subdomein 89.107: "met, saam met, om saam te wees en te handel om mekaar te ondersteun en te help").
3. Merker van ʼn geassosieerde agent (Subdomein 90.2 (σύν χειρί): (ʼn idioom, letterlik "met die hand van") "deur, met die hulp van").

Die voorsetsel σύν dui ʼn intiem-persoonlike verhouding aan. Dit dui die totaliteit van een of meer van die volgende aan: persone wat saam is, of wat saam kom, of wat mekaar vergesel, of wat saam werk, of wat ʼn gemeenskaplike taak deel, of ʼn gemeenskaplike bestemming het en mekaar help en ondersteun.

[29] Deissmann (1911:305) dui aan dat die formule "saam met Christus" (σύν Χριστῷ) bykans altyd dui op die gemeenskap van die gelowiges met Christus ná hulle dood of ná sy koms. Hy vestig die aandag op ʼn *graffito* van Alexandria wat die woorde εὔχομαι κἀγώ ἐν τάχυ σύν σοί εἶναι ("Ek pleit dat ek spoedig saam met jou sal wees") wat getuienis gee van die hoop om ná die dood saam met die ander een te wees.

[30] Die etimologie van σύν is onbekend (Grundmann 1979:768).

**2.3.4 Die objek wat "saam" gekruisig is**
Die persone wat saam met Jesus gekruisig is, was misdadigers. Matteus en Markus beskryf elk as 'n λῃστής (dief, rebel).[31] Lukas noem hulle κακοῦργος (booswig). Dalk was dit diegene wat saam met Barabas in dieselfde opstand gevange geneem is.

Die aanhoor van die gedagte om "saam" met Jesus gekruisig te word was sekerlik vir die Jode en ander hoorders 'n afstootlike gedagte. Dit sou beteken het dat hulle booswigte en misdadigers was, want dit is net dié soort mense wat gekruisig is.

'n Joodse wet het verder bepaal dat nie meer as een persoon op 'n dag veroordeel kon word nie. Dit is nie duidelik of dié wet al in werking was in die tyd van Jesus nie en of die Romeine dit net nie in ag geneem het nie (Brown 1982:900). Indien ons aanvaar dat die skare bekend was met dié wet, sou hulle waarskynlik uitgeroep dat dit teen die wet is om "saam" gekruisig te word. Dit lyk dus asof hierdie wet tóé nog nie gepasseer was nie.

**2.3.5 Die skande wat "saamkruisiging" bring**
**2.3.5.1 Die individu en die gemeenskap**[32]
Westerlinge word groot met die beginsel om op sy eie voete te staan, as onderskeie individue, manlik en vroulik. Die mens word gemotiveer om reg op te tree, al is dit as enkele individu, onafhanklik van wat ander mag dink of sê. Die mens is dus alleen verantwoordelik vir sy eie handelinge omdat die mens 'n individu is ten opsigte van gevoelens en kennis, of oordeel en handel. Indien die mens in die Westerse kultuur met ander interaksie het, voel hy dat die ander ook unieke wesens is en só leef hy in sy sosiale en natuurlike omgewing. Dié soort individualisme is skaars in ander kulture en waarskynlik heeltemal afwesig in die Nuwe Testament.[33]

In die eerste eeuse Mediterreense wêreld vind ons die diadiese (uit twee bestaande) persoon. Die een persoon het die ander konstant nodig om te weet wie hy is. Dit beteken dat die persoon homself altyd sien in verhouding met ander persone. Elkeen het 'n spesifieke sosiale posisie, sowel horisontaal (met ander wat dieselfde status deel) as vertikaal (met ander bó en onder in sosiale orde).

Die belangrikste waardes vir so 'n persoon is eer en skande, nie skuld nie. Eer is 'n aanspraak op waarde, plus openbare erkenning van die waarde. Die aanspraak op eer is altyd 'n openbare saak want dit vra die oordeel van die publiek om dit te kry. Skande is 'n gesindheid van sensitiwiteit oor iemand se eer, 'n besorgdheid oor wat ander dink, sê en doen relatief tot die persoon self. Dit gaan oor die konstante soeke na 'n goeie reputasie wat ander aan die persoon kan toeskryf. Die woordeskat van die Bybel is dus uitgebreid waar dit handel oor eer maar vir skuld is daar nie baie woorde nie.

In die Grieks-Romeinse wêreld sal die een persoon hom altyd deur die oë van ander sien want eer kan hy net van ander kry. Wat ander sien, is dus baie belangrik en die persoon moet altyd daarvan bewus bly. Gewete is daarom die persoon se sensitiwiteit om bewus te bly van die openbare mening oor sy eie optrede. 'n Persoon wat só optree

[31] Dié titel kan ook op die Selote van toepassing wees.
[32] Vgl die goeie samevatting van Malina (1979:126-138).
[33] Vir verdere toeligting kan gekyk word na Geertz (1976:221-237).

is 'n respektabele en eerbare persoon. Om een lid van die groep te ken is om almal te ken want die individu is die verteenwoordiger van die groep.

Die individu is ingebed in die groep, en die individu se gedrag word bepaal deur die siening en verwagting van dié wat saak maak.

**2.3.5.2 Die Nabye-Oosterse individu en "saamkruisiging"**

'n Mens uit die antieke Nabye Ooste vir wie gesê word om "saam" gekruisig te word of sy kruis op te neem, sou dadelik 'n krisis ervaar. Hy sou dadelik besef het dat dit geen eer sou bring nie en dat die gemeenskap dit nie as 'n eervolle iets sou sien nie. Dit sou trouens die grootste skande wees en moes dus ten alle koste vermy word. Sy eer moet nou beskerm word. Die kruis is gereserveer vir die laagste klasse van die samelewing en vir die ergste misdadigers (vgl 2.2.2.3 hierbo). Indien jy gekruisig moet word, sou dit beteken dat jy tot daardie groep behoort, en dit sou 'n skande wees. Die Rabbi's het dit selfs verbind met Deuteronomium 21:22-23, waar staan dat die kruiseling deur God vervloek is.

Die skande om as veroordeelde sy kruis (*patibulum*) te dra, met die plakkaat (τίτλος) om sy nek, sou beteken dat hy nie vir sy eer kon opstaan om homself te verdedig nie. Hy sou die spot deur die mense gelate moes aanvaar. Die feit dat die kruisiging plaasvind by die besigste paaie en die kruispaaie, beteken dat dit nie iets is wat weggesteek sou kon word nie; baie mense kon sien, die spot dryf en hom belaglik maak. Die skande gaan egter verder: sonder klere, kaal, met geen hand (vasgespyker) of klere (deur die soldate gevat) om sy skaamte te bedek nie. Almal is vry om te kyk en te lag.

Die hulpeloosheid, vasgespyker, onmoontlik om vir sy eer op te staan, net die dood wat hom kan red van die skande; maar die dood kom tog só stadig. Die kruis het die veroordeelde van alle menswaardigheid ontneem.

Die persoon wat die woorde "saamgekruisig" hoor, sal dit nie wil kies nie want dit sou net tot skande lei en geen eer sou vir die groep kom nie.[34]

**2.3.6 Die pyn wat saamkruisiging bring**

Die pyn wat gepaard gegaan het met kruisiging was iets wat sekerlik nie voldoende beskryf kan word nie (vgl by 2.2.2.3 vir wat die antieke skrywers self sê). Seneca sê: *Invenitur aliquis, qui velit inter supplicia tabescere et perire membratim et totiens per stilicidia emittere animam quam semel exhalare? Invenitur, qui velit adactus ad illud infelix lignum, iam debilis, iam pravus et in foedum scapularum ac pectoris tuber elisus, cui multae moriendi causae etiam citra crucem fuerant, trahere animam tot tormenta tracturam?*[35] Indien 'n persoon hoor dat hy saam gekruisig moet word, sal die lyding wat

[34] Dit verklaar waarom Christenleiers wat nie die skande van die kruis kon ontken nie, doelbewus geswyg het oor die dood van Jesus. Dit is dalk ook dié dilemma wat gemaak het dat sommige die docetisme aangehang het (Hengel 1977:4).

[35] "Kan iemand gevind word wat verkies om weg te kwyn in pyn en ledemaat vir ledemaat te sterf, of om sy lewe druppel vir druppel prys te gee, eerder as om dit onmiddellik af te gee? Kan enige man gewillig wees om aan 'n vervloekte kruis vasgemaak te word, reeds verswak, alreeds vervorm, met lelike swelsels op die skouers en bors, en om die asem van lewe te laat uittrek in uitgerekte pyn? Hy sal baie verskonings hê om te sterf voordat hy op die kruis vasgemaak word" (Dialogue 3 (*De ira* 1) 2.2.

hy weet voorlê, gedagtes van vrees in hom wakker maak. So 'n persoon sal alles in werking stel om dit te ontvlug want hy weet: as jy eers aan die kruis hang, is daar geen moontlikheid van ontvlugting nie.[36]

## 2.4 GEVOLGTREKKING

Die sosiohistoriese ondersoek wys dat die oproep om "saam" gekruisig te word teen die grein van elke persoon in die Middellandse See-gebied sou ingaan. Die hart van die Christelike godsdiens, wat Paulus beskryf as "die woord van die kruis" (λόγος τού σταυρού) is nie net heeltemal teen die Romeinse politieke denke in nie maar ook teen die hele etos van die godsdiens in die antieke wêreld en in besonder teen die oortuigings oor God wat geleerde mense gehad het (Hengel 1977:5). Die ware Romeinse en Griekse gode is gesien as onsterflik. Hulle het niks in gemeen gehad met 'n kruis wat 'n teken van skande (αἰσχύνη) Heb 12:2) of skandpaal (*infamis stipes*), die droë (*infelix lignum*) of misdadigershout (πανουργικόν ξύλον), die verskriklike kruis (*maxuma mala crux*) van die slawe.

Die kruis - die barbaarse manier van straf, die vervloekte deur God (verwerp deur hemel en aarde), die wreedste vorm van sterf, vreemd aan die Ou-Testamentiese kultuur, nie eers genoem teenoor 'n gerespekteerde Romeinse burger nie – dit is die plek waar God versoening bewerk tussen Hom en sondige mens. Dit is te verstane dat hierdie evangelie 'n struikelblok vir die Jood is, en dwaasheid vir die Griek.

Die metafoor wat Paulus gebruik is 'n treffende een wat sou aandui dat hy klaar is met die ou lewe en net in Christus kan lewe, en Christus in hom. Die implikasie van 'n gekruisigde lewe wat vir goed verby is, sou deeglik verstaan word deur die omstanders. Dit sou hulle tot stilstand ruk en tot diepe nadenke dring.

[36] Die man van *Giv'at ha-Mivtar* (vgl hierbo by voetnota 22) is met 'n stuk van sy kruis en spyker nog deur die enkels begrawe want dit was waarskynlik te moeilik om die spyker uit te kry en sy liggaam van die kruis los te kry (Haas 1970:40).

# HOOFSTUK 3

# "SAAM MET CHRISTUS GEKRUISIG" (GAL 2:15-21)

## 3.1 INLEIDING

Die doel van hierdie hoofstuk is om die metafoor "saam met Christus kruisig" in Galasiërs 2:15-21[37] te interpreteer. Die betekenis van die metafoor "saam met Christus gekruisig" word in hierdie studie bepaal volgens die grammaties-historiese metode soos toegepas deur De Klerk & Janse van Rensburg (2005), met spesifieke fokus op hulle stappe 1 tot 14.

## 3.2 GEBED OM LEIDING EN HERINNERING DEUR DIE HEILIGE GEES

Die betroubare oordra van die boodskap van die Skrif veronderstel dat die verklaarder met die Heilige Gees as Outeur van die Skrif vervul is (De Klerk & Janse van Rensburg 2005:12). Dit is my vooronderstelling dat die Skrif die Woord van God is, geïnspireer deur sy Gees, en dat die Gees die Verklaarder van die Skrif is. My doel met hierdie stap is om as verklaarder my afhanklikheid van die Gees aanvanklik en voortdurend in gebed te bely, en om vir die leiding van die Gees te bid. Ek besef ook dat die leiding van die Gees nie persoonlike inspanning en harde werk onnodig maak nie.

## 3.3 DIE KEUSE VAN DIE PERIKOOP VIR EKSEGESE[38]

Galasiërs 2:19[39] is deel van die perikoop Galasiërs 2:11-21 wat op sy beurt deel vorm van die groter eenheid Galasiërs 1:11 - 2:21. Galasiërs 2:11-21 bevat die weergawe van die gebeure by Antiogië. Galasiërs 2:15-21 is 'n opsomming en konklusie van Paulus se argumentasie in Galasiërs 1:11-21, en daarom kies ek dit as die perikoop om te eksegetiseer. Paulus staan vas by die ware evangelie teenoor die vermenging van die evangelie met die wetsonderhouding.

## 3.4 DIE PLEK VAN GALASIËRS 2:15-21 IN DIE BRIEF, EN DIE PLEK VAN GALASIËRS IN DIE BYBEL[40]

### 3.4.1 Die plek van Galasiërs 2:15-21 in die brief[41]

Daar is 'n duidelike verbindings "Ότε δὲ" ("maar toe") in 2:11 wat 'n spesifieke breuk en verhouding met die voorafgaande deel merk. By 3:1 is die uitroep "Ὦ ἀνόητοι Γαλάται" ("O, onverstandige Galasiërs") wat aandui dat daar 'n duidelike nuwe begin is by 3:1. Die perikoop eindig dus by die vorige vers. Die inhoud van die gedeelte 2:11-21 is 'n aanduiding dat hierdie deel 'n eenheid is. Op sy beurt kan 2:15-21 as 'n verdere

37 Ek volg hier die kronologiese orde van die brief aan die Galasiërs en die brief aan die Romeine, en nie die kanon-orde nie. Vir die volledige bespreking van die datering vgl 3.10.2 Só kan ook vasgestel word of daar enige ontwikkeling by Paulus is in sy gebruik van die frase.

38 De Klerk & Janse van Rensburg (2005:14) se bedoeling met hierdie stap is om die perikoop wat geëksegetiseer word, te identifiseer.

39 Gal 2:19: "ἐγὼ γὰρ διὰ νόμου νόμῳ ἀπέθανον, ἵνα θεῷ ζήσω. Χριστῷ συνεσταύρωμαι·" ("Maar wat my betref, deur die wet is ek vir die wet dood sodat ek vir God kan lewe: ek is saam met Christus gekruisig") (Bybel 1992).

40 Die doel van stap 3 is om die plek van die gekose perikoop in die boek en van die boek in die Bybel te bepaal (De Klerk & Janse van Rensburg 2005:15).

41 Vgl Bybel, Multivertaling (2004:1530-1531), Guthrie (1970:468-470), Lategan (1984:112) en Tolmie (2004:40-97).

onderdeel onderskei word, omdat Paulus in hierdie verse 'n opsomming gee van dit wat hy bespreek het.

Dit kan skematies soos volg voorgestel word:

**Briefinleiding**

Gal 1:1-5 Afsender, ontvangers en seëngroet

**Aanloop tot die hoofbetoog**

Gal 1:6-10 Daar is geen ander evangelie nie

**Hoofbetoog in drie dele**

| | | |
|---|---|---|
| **Hoofbetoog 1.** | 1:11-2:21 | Paulus se evangelie is nie deur 'n mens uitgedink nie |
| **Hoofbetoog 2.** | 3:1-4:31 | Vryspraak deur die geloof uit verskillende hoeke verdedig |
| **Hoofbetoog 3.** | 5:1-6:10 | Die nuwe lewe deur die Gees |

**Afloop van die hoofbetoog**

6:11-17 Laaste opmerkings en waarskuwings

**Briefafsluiting**

6:18 Seëngroet

Die plek van 2:15-21 binne die geheel van 1:11 - 2:21 is duidelik uit die volgende voorstelling:[42]

- 1:11-2:21 Hoofbetoog 1 **Paulus se evangelie is nie deur 'n mens uitgedink nie**
  - 1:11-12 Inleidende basiese stelling: Die herkoms van Paulus se evangelie
  - 1:13-14 Paulus se vroeëre lewe in Judaïsme
  - 1:15-17 Paulus geroep deur God
  - 1:18-20 Paulus se eerste besoek aan Jerusalem
  - 1:21-24 Paulus se sendingwerk
  - 2:1-10 Paulus se tweede besoek aan Jerusalem om te bewys dat die evangelie wat hy verkondig deur leiers in Jerusalem erken is
  - 2:11-14 a. Paulus wys Petrus in Antiochië tereg om te bevestig dat hy vir die ware evangelie staan<br>2:15-21 b. Paulus se samevatting van die waarheid

### 3.4.2 Die plek van Galasiërs in die Bybel

Galasiërs is deel van die Nuwe Testament, naas Romeine, 1 Korintiërs en 2 Korintiërs, een van die hoofbriewe van Paulus (Bruce 1982:1).[43] Dié boek was die oorlogskreet van die Reformasie; Luther verwys byvoorbeeld na Galasiërs as sy Katherina (sy vrou) (MacArthur 1987:ix).

[42] Hierdie verdeling is gegrond op die retoriese verdeling wat Tolmie (2004:51-97) maak met die onderverdeling van 2:11-21 my eie. Bruce (1982:57) plaas die 2:15-21 by die volgende hoofbetoog. Ek reken egter dat daar nie genoeg grond daarvoor is nie. Lategan (1984:112) en Bybel, Multivertaling (2004:1531) kies ook vir 2:15-21 as 'n eenheid van opsomming.

[43] Reeds Marcion in 140 nC (die eerste persoon wat 'n geslote kanon voorgestaan het) plaas Galasiërs bo aan die lys in sy *Apostolikon* (Bruce 1982:2).

### 3.5 DIE GENRE VAN GALASIËRS 2:15-21 EN VAN GALASIËRS[44]

Die brief aan Galasiërs vertoon die kenmerkende eienskappe van die Pauliniese briefvorm (Lategan 1984:98).[45] In terme van die briefvorme van sy tyd, sou Paulus se briewe as persoonlik, vermanend en lerend beskryf kon word. Hy skryf immers aan mense met wie hy 'n persoonlike verhouding het, maar terselfdertyd skryf hy bewustelik as apostel aan dié geloofsgemeenskappe. Sy onderrig en vermaning word in briefvorm gegiet. Verder vertoon Paulus se briewe die Hellenistiese indeling van briefopening, briefliggaam en briefslot (Lategan 1984:112). Hy pas dit egter vryelik aan om sy behoeftes en doelwitte te pas. Die gevaar is om met 'n bepaalde vooraf-geformuleerde raamwerk na die teks te gaan en dit as't ware op die teks afforseer. Die navorser behoort nie die teoretiese raamwerk vooraf so te formuleer en die data dan daarvolgens verklaar nie maar eerder die data stap vir stap ondersoek in 'n poging om konseptuele kategorieë daar te stel waardeur die data verklaar moet word (Tolmie 2000:353).[46]

Die gedeelte 2:11-21 begin as 'n narratief (2:11-14), wat die verhaal van die gebeure by Antiochië weergee, en gaan al meer oor in lerende en vermanende stof (2:15-21).[47] Paulus begin deur die argument te fokus op die gebeure in Antiochië; die Galasiërs is as te ware toeskouers van die geskilpunt tussen Paulus en Petrus. Op 'n stadium kom die Galasiërs egter agter dat die rol verander het en dat hulle by die argument ingetrek is. Die fokus het iewers, moeilik om te sê waar, verander van die gebeure in Antiochië na die saak in Galasië (Tolmie 2000:365-366).[48]

Die doel van dié gedeelte is dat Paulus aandui hoe sy opponente afwyk van die algemeen-aanvaarde Christelike tradisie en hulle daarteen verset (Tolmie 2000:368). Hy wil dit regstel deur te wys hoe hy vir die waarheid opstaan, al het dit beteken dat hy een van die pilare (Petrus) in die openbaar moes teengaan. Hy gaan dan verder deur die evangelie duidelik te maak, dat redding nie deur die werke is nie maar deur die geloof alleen. Dié argument bou hy dan verder in die brief uit.

### 3.6 DIE VASSTELLING VAN DIE GRONDTEKS VAN GALASIËRS 2:15-21[49]

Vir doeleindes van hierdie studie word die UBS-teks (2001) gebruik. Met die grondteks van Galasiërs is daar weinig probleme omdat *p46* en die tweede Chester Beatty-

44 De Klerk & Janse van Rensburg (2005:19) se bedoeling met hierdie stap is om die genre van die perikoop, en van die boek waaruit die perikoop kom, te bepaal, sodat die interpretasie daarvan in die eksegese verreken kan word.

45 Betz (1979:14-25) maak 'n sterk saak uit dat Galasiërs 'n voorbeeld is van die apologetiese brief-genre, vanweë die elemente van outobiografie en apologie. Die brief veronderstel ook 'n ware of fiktiewe situasie van 'n geregtelike hof met die geadresseerdes as die jurie, Paulus as die aangeklaagde en die opponente as die aanklaers (forensiese retoriek). Dit, sê Betz, maak die brief 'n "self-apologie" wat nie in persoon aangebied word nie maar in die vorm van 'n brief. Daar is ook iets magies omdat hy begin met 'n goed-geformuleerde vloek teen dié wat 'n ander evangelie preek; aan die einde vermeld hy seën vir dié wat lojaal bly. Longenecker (1990:C) maak ook die indeling baie op grond van die retoriese struktuur.

46 Ook genoem die "grounded theorical approach" (Tolmie 2000:353).

47 Betz (1979:25) sien Gal 2:15-21 as die proposisie.

48 Martyn (1998:246) dui hierdie oorgang aan as tussen 2:16 en 2:17.

49 De Klerk & Janse van Rensburg (2005:23) se bedoeling met hierdie stap is om die relevante tekskritiese getuienis oor die teks te weeg en op grond daarvan die grondteks van die perikoop vir eksegetiese doeleindes vas te stel.


papirus, wat rondom 200 nC dateer, feitlik die volledige teks van die brief bevat. In die majuskels kom die brief in die belangrikste manuskripte voor, soos Codex Sinaïticus, A, B, C en D (Lategan 1984:108).


Volgens De Klerk & Janse van Rensburg (2005:23) se metode is dit nodig om slegs tekskritiese aantekeninge met 'n C- of D-sekerheidsgradering verder te ondersoek. Die UBS-teks (2001) se tekskritiese apparaat bevat drie variante, en elkeen dra 'n A gradering. Daarom word nie verdere aandag aan die variante gegee nie, en met die UBS-teks van Galasiërs 2:15-21 volstaan.

## 3.7 DIE ONTLEDING VAN DIE GEDAGTE-OPBOU VAN GALASIËRS 2:15-21


### 3.7.1 Die gedagte-opbou op mikrovlak

Die gedagte-opbou op mikrovlak is die interkorrelasie van alle eenhede van die teks, insluitend dié van die kleinste eenhede (rededele) van die teks (De Klerk & Janse van Rensburg 2005:40). Die mikrovlak-ontleding van slegs Galasiërs 2:15-21 word hier weergegee aangesien dit, soos hierbo aangedui is, die opsomming van die perikoop is en besondere lig werp op die aard van die metafoor "saam met Christus gekruisig".





καὶ ἡμεῖς
εἰς
Χριστὸν
Ἰησοῦν
ἐπιστεύσαμεν
ἵνα δικαιωθῶμεν
ἐκ πίστεως
Χριστοῦ
καὶ οὐκ ἐξ ἔργων
νόμου
ὅτι ἐξ ἔργων
νόμου
οὐ δικαιωθήσεται
πᾶσα
σάρξ.
εἰ δὲ ζητοῦντες
δικαιωθῆναι
ἐν Χριστῷ
εὑρέθημεν
καὶ αὐτοὶ
ἁμαρτωλοί
ἆρα
Χριστὸς
(ἔστι)
ἁμαρτίας
διάκονος
μὴ γένοιτο

17


18
γὰρ (ἐγὼ)
ἃ κατέλυσα
ταῦτα
πάλιν
εἰ οἰκοδομῶ
παραβάτην
ἐμαυτὸν
συνιστάνω
19
ἐγὼ γὰρ
διὰ νόμου
νόμῳ
ἀπέθανον
ἵνα
θεῷ
ζήσω
Χριστῷ
συνεσταύρωμαι·
20
ζῶ δὲ οὐκέτι
ἐγώ,
ζῇ δὲ
ἐν ἐμοὶ
Χριστός·
ὃ δὲ νῦν
ζῶ
ἐν σαρκί,
ἐν πίστει
ζῶ (ζωὴ)
τῇ τοῦ υἱοῦ
τοῦ θεοῦ
τοῦ ἀγαπήσαντός
με
καὶ παραδόντος
ἑαυτὸν
υπὲρ ἐμοῦ.

21




**3.7.2 Die gedagte-opbou op makrovlak**

Die gedagte-opbou op makrovlak is die interrelasie van alle gedagte-eenhede van die teks, m.a.w. nie dié van rededele onderling met mekaar nie (= mikrovlak), maar van gedagte-eenhede (d.i. elke frase wat 'n eie werkwoord het) (De Klerk & Janse van Rensburg 2005:40).

**Basiese stelling**

2:15 Ons is Jode van geboorte en nie sondaars uit die heidene nie

**Die eerste konsekwensie dat ons as Jode gebore is:**
Ons *weet* dat vryspraak uit die geloof en nie uit die werke is nie.

→ 2:16a En tog weet ons dat 'n mens nie van sonde vrygespreek word deur die wet van Moses te onderhou nie. Maar alleen deur in Jesus Christus te glo.

**Die tweede konsekwensie dat ons as Jode gebore is:**
Ons het tot *geloof* gekom nie deur die wet te onderhou nie.

→ 2:16b Ook ons het tot die geloof in Christus Jesus gekom, en dit is hoe ons vrygespreek is: deur in Christus te glo en deur die wet te onderhou nie, want geen mens word vrygespreek op grond daarvan dat hy die wet onderhou nie.

**Die derde konsekwensie dat ons as Jode gebore is:**
Ons het *gevind* Christus is nie dienaar van die sonde nie al is ons ook sondaars

→ 2:17 As uit ons soeke na vryspraak in Christus geblyk het dat ons ook sondaars is, beteken dit dan dat Christus in diens van die sonde staan? Beslis nie!

**Die vierde konsekwensie dat ons as Jode gebore is:**
Ek (ons) kan *nie weer opbou* wat ons afgebreek het nie

> 2:18 Maar as ek die bepalings van die wet wat ek nietig verklaar het, weer laat geld, dan maak ek myself daarmee tot 'n oortreder.

**Die vyfde konsekwensie dat ons as Jode gebore is (Klimaks):**
Ek (ons) *is dood* en Christus *lewe* nou in my (ons)

> 2:19-20 Maar wat my betref, deur die wet is ek vir die wet dood sodat ek vir God kan lewe: ek is saam met Christus gekruisig, en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe. Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my

**Die gevolgtrekking: Christus het nie verniet gesterf nie:**
Ek (ons) *verwerp nie* die Genade van Christus nie

> 2:21 Ek verwerp nie die genade van God nie. As 'n mens vrygespreek kon word op grond daarvan dat hy die wet onderhou, sou dit immers beteken dat Christus verniet gesterwe het.

## 3.8 DIE VERTALING VAN GALASIËRS 2:15-21[50]

Die 1983 Afrikaanse Vertaling word as uitgangspunt geneem. Dit bied 'n geldige dinamies-ekwivalente vertaling van Galasiërs 2:15-21. Tog stel ek die volgende aanpassing in vertaling voor:

2:15: Die 1983 Afrikaanse Vertaling vertaal ἔθνος as "heidene". Ek stel voor "nie-Jode" want Paulus wil eerder dié aandui wat nie deel van Judaïsme is nie.[51]

2:16: Die 1983 Afrikaanse Vertaling vertaal νόμος (*wet*) *as* "wet van Moses". Ek stel voor net "wet" want die wet wat hier ter sprake is, is wyer as net die wet van Moses. Die wet verwys hier waarskynlik na die wet van God wat toegepas en geïnterpreteer word as 'n legalistiese sisteem (Burton 1921:132) en die wet, wat heilig van onheilig skei, Jood van nie-Jood (Martyn 1998:256).

2:20 Die 1983 Afrikaanse Vertaling vertaal ἐν σαρκί (*in [die] vlees*) as "nog hier". Ek stel voor "as mens."[52]

---

[50] De Klerk & Janse van Rensburg (2005:49) se bedoeling met hierdie stap is om enige wesenlike verskille tussen die eksegeet se eie vertaling en die gebruikte amptelike vertaling uit te wys en te motiveer.

[51] Louw & Nida (1988): Semantiese velde 11.37 en 11.55.

[52] Ek is dit eens met die alternatief wat Bybel, Multivertaing (2004:1532) voorstel.

### 3.9 DIE KERNVERS VAN GALASIËRS:15-21[53]

Die kernvers is die teksgedeelte in elke perikoop waar die sentrale tema en hoofgedagte saamtrek tot 'n eenheid (De Klerk & Janse van Rensburg, 2005:50). Galasiërs 2:19-20 is die klimaks van sy argumente wat hy opgebou het: "Ek (ons) is dood en Christus lewe nou in my (ons)". Die gevolgtrekking is dus dat die gelowige nie die vryspraak deur die geloof in Christus ongeldig moet maak deur vryspraak te soek in die werke van die wet nie.

### 3.10 DIE BEPALING VAN DIE SOSIO-HISTORIESE KONTEKS VAN GALASIËRS 2:15-21[54]

#### 3.10.1 Inleiding

Die kerk het in die tyd toe die brief geskryf is, 'n oorgang beleef vanuit die Joodse milieu na nie-Joodse milieu namate al meer gelowiges uit die nie-Joodse nasies tot gemeentes toegevoeg is (Bybel, Multivertaling 2004:1530). Dit het die kerk gedwing om rekenskap te gee van die minimum voorwaardes vir die toetrede tot die Christelike gemeenskap (Lategan 1984:96). Die kerk het nie meer - soos tipies in die Judaïsme - die onderhouding van die wet vereis nie, wat veroorsaak het dat die skeiding tussen kerk en sinagoge al groter geword het. Dit het ook weerstand van die Judaïseerders[55] teen die gelowiges laat ontstaan. Hulle was van mening dat, om deel te kan hê aan die redding, die Joodse wette en gebruike steeds nagekom moes word. Aan die ander kant was daar verwarring by die gelowiges oor wat die Christelike vryheid in praktyk inhou (Lategan 1984:96).

Paulus se doel met die skryf van die brief is om duidelike leiding oor albei die sake te gee: hy verduidelik dat God vryspraak deur die geloof gee, en nie deur die onderhouding van die wet nie; hiermee saam spel hy ook uit wat die implikasies van die nuwe Lewe deur die Gees is.

#### 3.10.2 Skrywer en ontstaanstyd

Die Pauliniese outeurskap van Galasiërs word deur min navorsers betwis. Daar word dus feitlik algemeen aanvaar dat Paulus die outeur is, soos Galasiërs 1:1 dit aandui. Dit is 'n uitspraak wat ook nie deur die vroeë kerk betwyfel is nie (Lategan 1984:98). Gedurende die eerste helfte van die negentiende eeu was daar geleerdes wat dit wel in twyfel getrek het maar die siening het nie verder veld gewen nie.

Paulus het die Galasiërbrief waarskynlik iewers tussen 50-55 nC geskryf. Die een moontlikheid is ongeveer 50-52 nC uit Korinte, aan die einde van sy tweede sendingreis (indien aanvaar word dat die Suid-Galasiërs die ontvangers is), en die ander is ongeveer 52-55 nC uit Efese (indien die Noord-Galasiërs as die ontvangers beskou word) (Du Toit 1984:35)[56].

---

[53] De Klerk & Janse van Rensburg (2005:50) se bedoeling met hierdie stap is om die kernvers van die perikoop te bepaal.

[54] De Klerk & Janse van Rensburg (2005:51) se bedoeling met hierdie stap is om die sosio-historiese konteks van die eerste lesers/hoorders te konstrueer.

[55] Dunn (1983:25) dui die Judaïseerders tereg aan as dié wat vra *"that the law ought to be kept in a more strictly Jewish fashion"*.

[56] Vir die onderskeid tussen Suid- en Noord-Galasië, vergelyk paragraaf 3.10.3 direk hieronder.

**3.10.3 Eerste lesers**
Paulus skryf die brief vir nie-Jode (4:8) wat verspreid lewe oor Klein-Asië. Hulle het die boodskap van Paulus by 'n vroeëre geleentheid (3:1; 4:13-15) ontvang, iewers in die laat veertiger jare van die eerste eeu na Christus. Die bediening van Paulus het baie vir hulle beteken en hulle het ervarings gehad met die Heilige Gees wat hulle lank bygebly het (3:2-5).

Galasië (Γαλατίας) (hedendaagse Turkye) kan na twee gebiede verwys (Lategan 1984:99). Eerstens kan dit verwys na die landstreek in die hart van Klein- Asië in die omgewing van die stede Ankira, Pessinus en Tavium. Dit is in hierdie dele dat die Keltiese stamme hulle gevestig het in die derde eeu vC na 'n lang trek uit Frankryk. Tweedens kan dit verwys na die Romeinse provinsie Galasië, wat ook die suidelike dele van Klein-Asië insluit. Paulus en Barnabas het tydens hulle eerste sendingreis ten minste drie stede in die Romeinse provinsie Galasië besoek, naamlik Ikonium, Listra en Derbe (Hand 13:2-14:28). Ná die apostelvergadering (Hand 15) word ten minste nog twee besoeke in Handelinge vermeld (Hand 16:6 en 18:23). Paulus verwys ook in die brief self na "die eerste keer", wat hy die evangelie aan hulle verkondig het (Gal 4:13).

Die keuse tussen die landstreek (Noord-Galasië) en die provinsie (Suid-Galasië) is nie eenvoudig nie. Vir elke argument is daar 'n teenargument maar die feit dat die werk in die provinsie so volledig deur Handelinge beskryf word, laat dalk die skaal effens in die rigting van die provinsie-moontlikheid swaai (Lategan 1984:100).

Die Galasiërsbrief is anders as Paulus se ander briewe. Dit is die enigste van Paulus se briewe waarin hy skynbaar só ontsteld is dat hy die gebruiklike danksegging, waarmee hy sy briewe begin, uitlaat. In plaas daarvan om iets te sê soos "Ek dank God vir julle", begin hy met die kras: "Dit verbaas my dat julle ... so gou van God afvallig geword het!" (Gal 1:6) en: "Is julle dan so sonder begrip?"(Gal 3:1)

**3.10.4 Paulus se teenstanders in Galasië**
Paulus het ná sy aanvanklike bediening onder die Galasiërs voortgegaan met sy sendingreise. Daar het toe 'n groep Joodse Christen-evangeliste gekom, wat 'n ander evangelie (1:6) as Paulus verkondig het (Longenecker 2003:64). Hy sien hierdie mense as moeilikheidmakers, mense met onsuiwer motiewe en wat die gemeente verwar (1:7; 4:17; 5:10). Paulus ervaar hierdie leer as 'n bedreiging vir die hart van die evangelie. Hulle aandrang op die besnydenis en die onderhouding van die wet het verwarring in die gemeente veroorsaak. Die opponente het die gemeente binnegedring onder vals voorwendsels; hulle was gelowiges wie se integriteit onder verdenking is (Lategan 1984:102). Die manier waarop Paulus die vryheid verstaan het, het hulle nie aangestaan nie. Hulle het geëis dat die Christene die wet steeds moes onderhou.

Die profiel van die moeilikheidmakers kan in drie punte weergegee word:[57]

- Die moeilikheidmakers het goeie retoriese vaardighede gehad en hulle kon veral die geskrifte van Israel vaardig uitlê. Sommige van die gedeeltes wat

[57] Hierdie is 'n indeling van Longenecker (2003:64-66), met my eie aanvullings en bydraes van ander navorsers soos telkens aangedui.

Paulus in Galasiërs gebruik, kan 'n poging wees om alternatiewe interpretasies van sommige gedeeltes daar te stel.

- Die moeilikheidmakers kon aangedui het dat hulle met 'n mandaat van die gemeente in Jerusalem optree, juis dié gemeente wat gesien is as die moedergemeente.[58] Of hulle amptelik enige verbinding gehad het met die kerkleiers in Jerusalem kan egter nie op grond van die gegewens in Galasiërs met sekerheid gesê word nie (Lategan 1984:103). Paulus wat reeds by Antiogië met die verteenwoordigers gebots het (2:11-14), kon dalk al meer soos 'n rebel gelyk het. Daarom dat hy begin om aan te dui dat hy die evangelie deur openbaring van God ontvang het en dat die gemeente in Jerusalem sy boodskap met blydskap ontvang en in 'n sin goedgekeur het (1:11-14; 2:1-10). Paulus dui aan dat hy nie die een is wat dwaal nie maar dat dit eerder die leiers van Jerusalem is (2:5), soos dit in die geval van Petrus al duidelik geword het, miskien met die seën van Jakobus (2:11-14).
- Die moeilikheidmakers verkondig 'n vorm van Christen-wees wat van Abraham af kom, saam met die verbondswet van Moses. Die Messias speel 'n belangrike rol en daarom sal Hy nie die vereistes van die wet ongeldig maak nie. Die vereistes sluit in besnydenis (6:12-13) en ander algemene Joodse gebruike (4:21; 5:4). Die skielike vryheid en die feit dat sonde nog voorgekom het, het dalk gemaak dat hulle Christus gesien het as die werklike Verlosser van die mensdom, maar binne die raamwerk van die Tora. Deur die besnydenis kon hulle in die verbond ingelyf word en die beskerming van God geniet het. Die bekende van die ou bedeling het vir hulle sekuriteit gebied. Hulle is gered maar glo dat hulle deur die onderhouding van die wet heilig word en só aanvaarbaar vir God word (Betz 1979:8-9). Die feit dat Paulus dit 'n "ander evangelie" noem, dui daarop dat dit nie 'n terugval na die Jodedom is nie maar 'n variasie binne 'n Christelike konteks (Lategan 1984:102). Paulus se klem lê daarop dat die Christen homself moet gee sodat Christus in hom kan lewe. Dit is die mees intieme verhouding met God.

Ons kan dus aflei dat die opponente van Joodse herkoms was wat aangedring het dat die gelowiges van Galasië die besnydenis en sekere ander Joodse wette moet onderhou, ondanks die werksverdeling waartoe in Jerusalem ooreengekom is (2:7,9).[59] Dit lyk of die opponente wou insinueer dat Paulus ook die leer van die besnydenis voorstaan (Gal 5:2ev). Paulus reageer in die brief daarteen. Paulus redeneer teologies met hulle dat die hou van die wet lei tot slawerny aan die sonde. Hy wys daarop dat die besnydenis se aanvaarding daartoe lei dat die hele wet onderhou moet word.

58 Die feit dat Galasië gestig is uit Antiogië, maak dit moontlik dat die Antiogiërs 'n afvaardiging daarheen stuur om die belange van Antiogië te beskerm; dit kan egter ook dieselfde groep wees wat in Antiogië die probleme veroorsaak het (Dunn 1983:39-40).

59 As gevolg van die druk van die Romeine en die swak goewerneurs het daar 'n al sterker Joodse nasionalisme ontstaan. Die Christene wat die Joodse gebruike nagelaat en soms teengestaan het, was een van die teikens van dié nasionalistiese beweging. Dit is moontlik dat Jakobus en die kerk in Jerusalem onder dié invloed gekom het en die afvaardiging wel gestuur het. Dit kan egter ook 'n groep wees wat op eie inisiatief die besoek onderneem het om die Christene daartoe te oortuig om meer aan die tradisionele gebruike vas te hou terwille van 'n nasionale volksidentiteit (Dunn 1983:11).

## 3.11 WOORDSTUDIE VAN DIE BEGRIPPE IN DIE FRASE "SAAM MET CHRISTUS GEKRUISIG"

De Klerk & Janse van Rensburg (2005:63) bied 'n verwerking van Botha (1989:24-39) se metode vir woordstudie, en ek volg dit ook in hierdie studie.

### 3.11.1 Raadpleging van Volume 2 van die Louw & Nida-leksikon

Die inskrywing onder συσταυρόω (saamkruisig) in volume 2 van die Louw & Nida-leksikon (1988:239) is die volgende:

| | | |
|---|---|---|
| Συσταυρόω | *Crucify with* | 20.78 |

### 3.11.2 Interpretasie van die gegewens van Volume 2

Die woord kom in een semantiese veld voor naamlik veld 20. Die veld dui op "geweld, skade, vernietiging, doodmaak". Domein 20 fokus op fisiese leed in kontras met psigologiese leed. Die agent wat die leed veroorsaak, kan lewende wesens of dooie kragte wees.

### 3.11.3 Fokus binne die konteks

Aangesien daar slegs een betekenismoontlikheid gegee word, is dit hoogs waarskynlik dat dit in die konteks van toepassing is.

### 3.11.4 Raadpleging van Volume 1 van die Louw & Nida-leksikon

Inskrywing 20.78 lees soos volg: συσταυρόω: *to crucify someone at the same time that another person is being crucified.* Die Leksikon bied die volgende as vertaalmoontlikheid aan: '*to crucify together with.*' As voorbeeld word Matteus 27:4 aangehaal: τὸ δ' αὐτὸ καὶ οἱ λῃσταὶ οἱ συσταυρωθέντες σὺν αὐτῷ ὠνείδιζον αὐτόν" ("Op dieselfde manier het die misdadigers wat saam met Hom gekruisig is, Hom ook beledig").

### 3.11.5 Die relatiewe posisie van die semantiese veld

Slegs een semantiese veld is ter sprake en daarom is dit die fokus van verdere ondersoek, sonder dat enige verdere afbakening nodig is.

### 3.11.6 Kontrastering met direk omliggende semantiese velde

Die omliggende semantiese velde is die volgende:

- Veld 17 dui op liggaamshoudings, -posisies en gebeure wat daarmee verband hou (Staan, sit, kniel, neerbuig, sit/aanlê om te eet, lê, buig).
- Veld 18 dui op beslaglegging (gryp, hou, vasmaak, bly by).
- Veld19 dui op fisiese impak (slaan, sny, skeur, breek, druk, grawe).
- Veld 21 dui op gevaar, risiko, veiligheid, red.
- Veld 22 dui op moeilikheid, ontbering, verligting, gunstige omstandighede.
- Veld 23 dui op fisiese prosesse en toestande (eet, drink, slaap, ens).

Hieruit blyk dit dat die klem val op aksies, gevolge van die aksies en omstandighede van die mens. Die aksies, gevolge en omstandighede kan positief of negatief wees. Die intensiteit van die gebeure neem toe van 18 tot 20 om na 20 weer 'n dalende intensiteit te toon. Veld 20 is die gevolg van die aksies in veld 19, met "sterf/kruisig" as die uiterste

vorm. Die betekenis van "(saam) gekruisig" in Galasiërs 2:19 en Romeine 6:5 dui op die negatiewe, ergste vorm van fisiese impak van een mens op 'n ander.

### 3.11.7 Kontrastering met sub-domeine

Συσταυρόω kom voor in subdomein D: Doodmaak *("kill")*. Dit is die mees intense fisiese leed wat 'n persoon aangedoen kan word uit al die sub-domeine, dit is meer as geweld, meer as leed aandoen of wond en meer as die vernietiging van strukture en objekte.[60]

### 3.11.8 Kontrastering van die betekenisse van die woorde binne die subdomein

Die betekenisse van Domein 20.73 – 20.83 kan soos volg gekontrasteer word:

| Doodmaak | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 20.73 | .74 | .75 | .76 | .77 | .78 | .79 | .80 | .81 | .82 | .83 |
| Dood te veroorsaak | + | + | + | + | ++ | + | + | + | + | + | + |
| Geweldadige dood | + | + | | + | + | + | + | + | | | + |
| Figuurlike gebruik | | | | | + | + | | | | | + |
| Met voorbedagte rade | + | + | + | + | + | + | + | + | + | + | + |
| Bonatuurlik gedood | + | | ++ | | | | | | | | |
| Dood deur siekte | + | | | | | | | | | | |
| Dood met skande | | | | + | + | + | | | | | |
| Uitgerekte pynlike dood | | | | + | + | + | | | | | |
| Met wetlike gesag | | | | + | + | + | + | + | | | |
| Sonder wetlike gesag | + | | | | | | + | | + | ++ | + |
| Selfmoord | | | | | | | | | + | | |
| Dood vanweë steniging | | | | | | | + | | | | |
| Sterf in oorlog | | ++ | | | | | | | | | |

Die betekenisse binne die sub-domein dui die verskillende vorms van doodmaak en sterf aan. Dit is duidelik dat die betekenisse 76-78 dui op die mees geweldadige en uitgerekte dood denkbaar, met die grootste skande wat daarmee saamgaan.

### 3.11.9 Die finale gevolgtrekking oor die betekenis van συσταυρόω

"Kruisiging" is die geweldadigste fisiese handeling wat aan 'n mens gedoen kan word. Dit lei, met skande en groot vernedering, tot 'n uitgerekte pynlike dood. Dit sou vir niemand wat van saamkruisiging gehoor het, aanloklik wees om "saam" met Christus gekruisig te word nie.

## 3.12 DIE OPENBARINGSHISTORIES PLEK EN BETEKENIS VAN GALASIËRS 2:15-21[61]

Met die doel van die studie in gedagte, word die Skrif-met-Skrif-vergelyking en openbaringshistoriese studie beperk tot begrippe wat binne Paulus se gebruik van die

[60] Die sub-domein C ("vernietig") verskil van die ander drie sub-domeine (A, B en D). Vernietig handel oor strukture en objekte wat vernietig word en die ander handel oor die fisiese leed en pyn wat'n persoon aangedoen word.

[61] De Klerk & Janse van Rensburg (2005:77) se bedoeling met hierdie stap is om ander Bybelboeke te ontgin oor dieselfde tema of onderwerp, en om die inligting te sistematiseer en die relatiewe bydrae van die betrokke perikoop te bepaal.

saamgekruisig-metafoor van belang is. Hierdie stap word in Hoofstuk 5 aan die orde gestel.

## 3.13 DIE OPENBARING OOR GOD IN GALASIËRS 2:15-21[62]

### 3.13.1 Metodologiese oorwegings

Hier word nie gevra na wat God oor sy wil openbaar nie, maar wat openbaar God Drie-enig van Homself, sy werk, sy dade, sy genade, sy sorg en sy oordeel. In Galasiërs 2:15-21 kom God se openbaring van Homself as Drie-enige God duidelik na vore. Die Vader en die Seun word eksplisiet aan die orde gestel en die Gees implisiet.

Die vrae aan die orde is:

- Wie is Hy (Name en eienskappe)?
- Wat **dóén** Hy?
- Wat **sê** Hy van Homself?

### 3.13.2 Toegepas op Galasiërs 2:15-21

| | **Vader** (Skepper, Onderhouer, ...) | **Seun** (Verlosser, Saligmaker, ...) | **Heilige Gees** (Troos, Hulp, ...) |
|---|---|---|---|
| **Eksplisiet** | | | |
| Wie is Hy? | God is 'n God van genade (2:21). Hy wil dat die gelowiges in die vryspraak deel (2:16, 17 en 21). | Christus het die gelowige absoluut liefgehad (2:20). | Nie eksplisiet nie. |
| Wat doen Hy? | Hy bewys genade en wil nie dat die gelowiges dit verwerp nie (2:21). | Jesus is die Een wat in die gelowiges lewe (2:20). Hy het sy lewe vir hulle aan die kruis afgelê (2:21). | Nie eksplisiet nie. |
| Wat sê Hy? | Nie eksplisiet nie. | Nie eksplisiet nie. | Nie eksplisiet nie. |
| **Implisiet** | | | |
| Wie is Hy? | Die Vader is die een vir wie die gelowiges moet lewe (2:19). | Die Seun is vir dié wat in hom glo, die vryspraak (2:16). | Die Gees lei die gelowige om die vryspraak te aanvaar (2:16). |
| Wat doen Hy? | Hy het die Joodse volk uitgekies en die openbaring vir hulle gegee (2:15). | Hy het die gelowiges saam met Hom aan die kruis gevat (2:20). | Hy woon in die gelowiges (2:20). |

[62] De Klerk & Janse van Rensburg (2005:87) se bedoeling met hierdie stap is om vas te stel wat God oor Homself in die perikoop openbaar.

| Wat sê Hy? | Die gelowiges moet die genade nie verwerp nie. | Die gelowiges moet die genade nie verwerp nie. | Die gelowiges moet die genade nie verwerp nie. |
|---|---|---|---|

## 3.14 DIE VERLOSSINGSFEITE IN DIE PERIKOOP, EN DIE OPROEPE OP GROND DAARVAN

### 3.14.1 Metodologiese oorwegings

De Klerk & Janse van Rensburg (2005:91) bedoel met hierdie stap om die verlossingsfeite in die perikoop vas te stel. Dit is uitsprake/stellings wat handel oor die openbaring van die afgehandelde verlossing van die mens. Dit gaan dus nie oor wat die mens moet doen of 'n bepaalde gesindheid wat die mens moet hê as voorwaarde vir redding nie. Vrae in hierdie verband is:

- Wat het God (in Christus) gedoen om die gelowige te verlos?
- Wat het God in die gelowige deur sy Gees gedoen?
- Watter beloftes is daar oor wat God in die toekoms sal doen?

Nadat die verlossingsfeite vasgestel is, word die oproepe in die perikoop vasgestel. Dit is die opdragte van God (implisiet of eksplisiet) op grond van die verlossingsfeit(e). Vrae in dié verband is:

- Watter eksplisiete oproepe is daar in die perikoop, en watter implisiete oproepe is daar?
- Watter aanduidings is daar vir die praktiese wyse daarop die oproepe uitgevoer moet word?
- Watter aanduidings is daar van die gesindheid waarin die oproepe gehoorsaam moet word?
- Watter waarskuwings of beloftes is aan die oproep verbind?
- Aan watter spesifieke verlossingsfeit(e) is elke oproep gekoppel?

### 3.14.2 Die verlossingsfeite in Galasiërs 2:15-21

In Galasiërs 2:15-21 stel Paulus dat God aan die gelowiges genade bewys het (2:21). Hy maak dit vir die gelowiges moontlik om in die regte verhouding met Hom te kom deur middel van die geloof in Jesus Christus (2:16). Christus het die gelowiges absoluut liefgehad (2:20). Hy bewys hierdie liefde deur aan die kruis te sterf om só vir hulle die redding te bewerk (2:20v). Dit is dus duidelik dat Christus in die gelowiges woon en deur hulle lewe (2:20).

### 3.14.3 Die oproepe in Galasiërs 2:15-21

Die gelowiges in Galasië word opgeroep om nie die redding te soek in die onderhouding van die wet nie, want daarin is geen vryspraak nie (2:16). Hulle word opgeroep om te glo in die verlossingswerk van Jesus aan die kruis (2:16). Net as hulle sterf vir die wet, sal hulle nie meer onder die veroordeling van die wet staan nie (2:19). Hulle mag nie die wet weer toelaat om heerskappy oor hulle te kry nie; Christus moet nou hulle lewe beheer. Indien hulle die wet weer die heerskappy sou gee in hulle lewe, verwerp hulle die genade van God (2:21).

## 3.15 DIE KOMMUNIKASIEDOEL VAN DIE PERIKOOP

### 3.15.1 Metodologiese oorwegings

De Klerk & Janse van Rensburg (2005:93) bedoel met hierdie stap die vasstelling van die kommunikasie-inhoud van die betrokke perikoop aan die eerste lesers/hoorders. Dit gaan oor die doel wat die Heilige Gees deur middel van die mens-outeur wou bereik. Daar word hier onderskei tussen die algemene en die spesifieke doelwitte.




### 3.15.2 Die kommunikasiedoel van Galasiërs 2:15-21

In Galasiërs 2:11-21 is Paulus besig om te skryf teen die dwaling van die leraars in Galasië wat die verwarring veroorsaak het. Hy verduidelik dat die evangelie wat hy gebring het, nie van 'n mens afkomstig is nie maar van die Here. Hierdie evangelie hou juis nie in dat die mens regverdig verklaar word op grond van wat hy as mens doen of nie doen nie (spesifiek besnydenis en sekere eetgebruike) maar in die regverdiging deur die geloof in Jesus.

Die kommunikasiedoel van Galasiërs 2:15-21 is dat die gelowige moet verstaan dat die breuk met dié tipe onderhouding van die wet reeds plaasgevind is. Daar is geen grond vir hoop of vertroue in "die vlees" (= die mens se eie vermoë om te doen wat God wil hê) nie. Die Galasiërs moet besef dat hulle deur die wet gesterf het vir die wet. Paulus gaan sover om te sê dat hy gekruisig is saam met Christus, hy kan nie weer die wetsonderhouding wil opbou om daaraan vas te hou om só redding te probeer kry nie. Nee, hy is dood en Christus lewe nou in hom deur die geloof, die redding is alleen uit God. Slegs as gelowiges dít verstaan, het Christus nie verniet gesterf nie.

Om dit alles in een konsentraatsin saam te vat: Iemand wat in Christus glo, is dood vir sy eie pogings tot redding, sodat Christus wat in hom is, deur hom kan lewe.

## 3.16 ONTLEDING VAN DIE METAFOOR "SAAMGEKRUISIG" IN GALASIËRS 2:15-21

### 3.16.1 Metodologiese aspekte van die metafoor[63]

#### 3.16.1.1 Definisie van 'n metafoor

'n Metafoor word gedefinieer as twee onderskeie woorde wat gekoppel is om 'n vergelyking te vorm met semantiese implikasies (Van der Watt 2000:6). Die woorde se betekenisse bly behoue maar saam kry dit 'n nuwe betekenis en die nuwe betekenis is die metafoor. 'n Metafoor is 'n beknopte vergelyking waar die woorde wat "vergelyking" merk, nie gebruik word nie. Die onderstaande voorbeeld illustreer dié verskil:

- Metafoor: Die Here is 'n veilige vesting.
- Vergelyking: Die Here is <u>soos</u> 'n veilige vesting.

[63] Vir die doel van hierdie skripsie volstaan ek met die werkswyse en bevindings van Van der Watt (2000). Vir 'n volledige bespreking van die onderwerp, vgl Goede (2004:6-20).

**3.16.1.2 Die oogmerk met die gebruik van metafore**
Metafore kan vir 'n verskeidenheid van redes gebruik word. Hiervan is die volgende die belangrikste:[64]

- Duidelikheid: Die metafoor word gebruik om 'n saak te illustreer wat aan ander geleer word. Sonder om lang verduidelikings te gee, kan almal verstaan wat gesê word (Van der Watt 2000:140). 'n Goeie voorbeeld is Jesus wat die konsep "die Koninkryk van die hemel" metafories verduidelik met 'n skat wat in 'n saailand verborge is (Matt 13:44-45).
- Aandag-gryper: Die metafoor vang en behou die aandag van die hoorder omdat hier iets op 'n totale nuwe manier gesê word, soos toe Paulus die Christene opgeroep het om versigtig in hulle omgang met mekaar te wees met: "Julle byt en verskeur mekaar" (Gal 5:15).
- Emosionele opwekker: Die metafoor wek 'n sekere emosionele reaksie by die hoorder op. Hier kan ons dink aan die talle metafore en vergelykings wat op mekaar gestapel word om die Levitiatan te beskryf in Job 41:12-34.

**3.16.1.3 Die metodiek in die ontleding van die metafoor[65]**
**3.16.1.3.1 Die konteks van die metafoor**
Die metafoor is 'n oop manier van kommunikasie; die konteks het egter meganismes wat die verstaan rig (Van der Watt 2000:139). Die konteks van die metafoor moet dus gekonstrueer word om die betekenis van die metafoor ten volle te verstaan.

**3.16.1.3.2 Die sosio-historiese ekologie**
Die metafore van die Bybel is interafhanklik van die sosiale werklikheid van die Ou Nabye Ooste (Van der Watt 2000:139). Die agtergrond en die objekte waarna die metafoor verwys moet deur die interpreteerder verstaan word om die metafoor reg te kan interpreteer (Van der Watt 2000:26).

**3.16.1.3.3 Die elemente van 'n metafoor**
Daar is gewoonlik drie elemente in 'n metafoor (Bekker 2002:137):

- die topiek - dit is die werklike persoon/objek of gebeure waaroor gepraat word;
- die illustrasie – dit is die persoon/objek of gebeure waarmee die topiek geïdentifiseer word;
- die punt(e) van ooreenkoms – dit is die komponente van betekenis wat die topiek en die illustrasie in gemeen het.

Dit is raadsaam om ná die ontleding die metafoor te herskryf in nie-figuurlike taal om jou verstaan van die metafoor só onder woorde te bring.[66]

Byvoorbeeld: in die sin "Benjamin is 'n wolf wat verskeur" is die verskillende elemente:

[64] Bekker (2002:136-7) dui dié drie redes aan as die belangrikste redes vir die gebruik van die metafoor.
[65] Ek verklaar die metafoor in Galasiërs 2:15-21 volgens hierdie metode.
[66] Vgl Van der Watt (2000:112). Hy wys dat die woord wat in die vervanging gebruik word belangrik is vir die verstaan van die metafoor.

- die topiek: Benjamin
- die illustrasie: ʼn wolf wat verskeur
- die punt van ooreenkoms: kwaai en verwoestend
- Nie-figuurlike ekwivalent: Benjamin is kwaai en verwoestend

**3.16.1.3.4 Die boodskap van die metafoor**

Die boodskap het altyd prioriteit bo die beeld (Van der Watt 2000:143). Die beeld bly bloot die draer van die boodskap. Die formele struktuur van die beeld kan nie gebruik word as die basis vir die bepaling van die belangrike teologiese waarhede nie (Goede 2004:19). Die beeld word deur die outeur gebruik net sover dit hom pas en net sekere aspekte van die beeld word deur hom toepaslik gemaak (Van der Watt 2000:145). Die leser het beperkte vryheid en kan slegs binne die raamwerk van die boodskap beweeg (Van der Watt 2000:149); dit is dus nie asof die metafoor 'n volledig óóp teks is nie. Die skrywer gebruik die letterlike beeld om as't ware die hoorder in te lei in die waarhede van die geestelike wêreld. Juis dit maak die metafoor nuut en vars.

**3.16.2 Die metafoor "saam met Christus gekruisig" in Galasiërs 2:19**

**3.16.2.1 Die konteks van die metafoor "saam met Christus gekruisig" in Galasiërs 2:19**

Die lyding wat Paulus beleef het vandat hy ʼn Christen geword het, was die oorsprong vir die metafoor van die sterf en opstaan saam met Jesus. Omdat hy die duur stap in die geloof geneem het, sal hy nie in sonde volhard nie (Campbell 1999:275). Sedert Paulus se ontmoeting met Jesus op die pad na Damaskus en nadat hy sy hele lewe in diens van die gekruisigde Jesus gestel het, het ʼn pynlike gaping tussen hom en sy vroeëre bondgenote onstaan. Hy is al meer geïdentifiseer met die Christelike gemeenskap wat hy vroeër vervolg het. Hy het ʼn duur prys betaal vir wat die ander gesien het as ʼn afdwaling van die waarheid. Dit is duidelik sigbaar in Handelinge en dit word ook bevestig in sy eie briewe (Kruse 1992:260-72).[67]

In Galasiërs is dit ook ʼn belangrike tema: Paulus is vervolg omdat hy nie die besnydenis verkondig het nie (Gal 5:11); baie ander het hulle laat besny omdat hulle gevrees het vir vervolging (Gal 6:12; vgl 4:29). Paulus verkondig die godsdiens wat hy eens probeer uitwis het (Gal 1:23); hy reken sake wat kleinode vir die Judaïsme is, as verwerplik (Fil 3:8); hy was gesien as iemand wat Jode aanmoedig om nie die wet te onderhou nie (Gal 2:11-14) en hy was verdink dat hy die etiese voorskrifte verslap het (Rom 3:7-8). Die koste wat hy moes betaal vir sy wegdraai van die Judaïsme af, word beskryf in Filippense 3:4-10, veral 3:10: τοῦ γνῶναι αὐτὸν καὶ τὴν δύναμιν τῆς ἀναστάσεως αὐτοῦ καὶ [τὴν] κοινωνίαν [τῶν] παθημάτων αὐτοῦ, συμμορφιζόμενος τῷ θανάτῳ αὐτοῦ ("Al wat ek wens, is om Christus te ken, die krag van sy opstanding te ondervind en deel te hê aan sy lyding deur aan Hom gelyk te word in sy dood").

Die argument sou geopper kon word dat Paulus nie tipies is van al die Christene nie en dat daar baie min getuienis is dat Christene in dié tyd vervolg is. Dit is waar dat daar nie werklik sistematiese vervolgings deur regerings was nie. In gemeenskappe waar godsdiens só nou verweef was in al die aspekte van die alledaagse lewe, sou die

[67] Die sleutelsake blyk in 2 Korintiërs 11:23-33, veral die 5 keer wat hy 39 houe van die Joodse owerstes ontvang het. Dit wys dat hy homself steeds gesien het as deel van die Joodse gemeenskap.

Christene egter die vyandigheid van hulle familie en vriende ervaar het. As dit die vrede sou versteur, het die owerhede betrokke geraak omdat hulle gevoel het dat die staatsveiligheid bedreig word (Campbell 1999:277). Dié wat hulle tot Christus bekeer het, het noodwendig hulle rug gedraai op die gode en gebruike waarmee hulle groot geword het. Dit is nie gelate deur almal aanvaar nie want dit is gesien as 'n versteuring en bedreiging van die welwese van die gemeenskap. Indien 'n nie-Jood die Joodse geloof aanvaar het, het sodanige proseliet 'n deeglike her-sosialisering ondergaan, soveel so dat mens kan sê dat hy deel van 'n nuwe volk met nuwe gebruike geword het (Barclay 1996:410).

Christene wat hulle tot Jesus Christus bekeer het, het dus verseker die wind van voor gekry (vgl ook Hare 1967:78). Die vervolging was dus nie in die eerste plek 'n fisiese slagting nie maar dié wat hulle met Jesus vereenselwig het, het 'n groot sosiale en psigologiese prys daarvoor betaal. 'n Mens sou kon praat van hulle "sterf" aan die wêreld waaraan hulle tot nou met gemak deel gehad het en waarin hulle betekenis en sin gevind het (Campbell 1999:277). Paulus kon maklik die parallel trek tussen hulle as Christene, en Jesus wat in skande gesterf het. Daarom praat hy van sterf saam met Christus. Jesus het juis gesê dat daar 'n seën in vervolging is (Luk 6:22), en Hy roep die dissipels op om hulle kruis op te neem en Hom te volg (Mark 8:34 en par), en Hy belowe dat hulle gedoop sal word met die doop waarmee Hy gedoop sal word (Mark 10:38).

Dit is hierbo reeds aangetoon dat Galasiërs 2:19-21 die hoogtepunt van Paulus se argumentasie is waarin hy verduidelik waarom hy nie langer soos 'n Jood kan lewe of ander Christene kan dwing om dit te doen nie (vgl 3.7.2 en 3.9 hierbo). In 2:11-14 vertel Paulus wat gebeur het in Antiogië waar hy gebots het met Petrus oor die saam-eet met nie-Joodse Christene. Dit was die gebruik om saam te eet en Petrus het daarmee ingestem. Met die verskyning van die afvaardiging van Jerusalem het Petrus en van die ander Joodse Christene hulle egter onttrek uit vrees vir negatiewe reaksie van die kant van Jode. Die vrees vir kritiek, vir afkeur van die leiers in Jerusalem en die moontlike vervolging deur die Judaïseerders maak dat Petrus en die ander só optree. Hierdie selfde vrees het gemaak dat lede van die gemeente hulle laat besny (Gal 6:12).

In Galasiërs 2:15-16 probeer Paulus grond kry waaroor hulle saamstem en dit is dat die regverdiging deur die geloof is en nie op grond van die werke van die wet nie. Uit 2:17 blyk dit dat daar waarskynlik teenkanting teen Paulus se argument was, of dalk herinner hy aan die argument van Petrus in Antiogië. Petrus sou waarskynlik gesê het dat Paulus die argument van die regverdiging deur die geloof te vêr vat. Sy beswaar was dalk dat as die onderskeid tussen Jood en nie-Jood opgehef word, hulle as sondaars gebrandmerk kan word omdat hulle nie die wet onderhou nie (Dunn 1993:124). Dit sou dan aan Christus 'n slegte naam gee asof Hy die oorsaak van die sonde is.

Paulus argumenteer dat dit nie Christus (of dié wat op Hom vertrou) is, wat die sondaar is nie, maar hulle wat in hulle geloof wankel en swig onder die druk. Die sondaars is dié wat weer opbou dit wat afgebreek is (Campbell 1999:280). Paulus wil sê dat die dinge afgebreek was in die kerk van Antiogië, en onder druk is dit weer opgebou. Alhoewel hy die eerste persoon enkelvoud gebruik, verwys hy nie na homself nie maar na Petrus. Paulus sien homself as dood vir die wet en daarom sal en kan hy nie swig onder die druk van die bewaarders van die wet nie.

Paulus begin nou emfaties (ἐγώ) na sy persoonlik ervaring wys, hy het voorheen so onder die wet gelewe maar hy het weggedraai en al die brûe verbrand en is nou lojaal net aan die Seun van God, Jesus Christus.[68] Sy vorige verhouding tot die wet is verby; hy soek nie meer die wet se belonings nie en hy vrees nie die straf daarvan nie want hy is nie meer onder die heerskappy van die wet nie.[69] Hy het gesterf vir die wet, wat so 'n wankelende optrede soos dié van Petrus en die ander in Antiogië ondenkbaar maak (Campbell 1999:280).

Die betekenis van διὰ νόμου is moeiliker bepaalbaar. Die volgende interpretasies is al gegee:

- Die wet het nie meer enige eis op Christus nie omdat Hy gesterf het, die vloek gedra het en die straf uitgeput het. Omdat die gelowige saam met Christus gesterf het, beteken dit dat die gelowige ook vry is van die veroordeling van die wet. Die ergste wat die wet aan 'n mens kan doen is om hom dood te maak; as hy dit eenmaal gedoen het, het die wet nie 'n verdere houvas op hom nie.[70] Campbell (1999:281) dui aan dat dit nie hier oor die veroordeling van die wet gaan nie maar om die wet as verdrukkende tiran. Dit is waar dat Christus die straf van die sonde gedra het maar of dit vir Paulus die vryheid gee om die werke van die wet na te laat en nie aan die verdedigers van die wet te steur nie, is nie duidelik nie.
- Dat die wet se doel was om sy eie werk oortollig te maak en na die voller verhouding met God heen te wys. Gelowiges is dus nie meer aangewese op die lewe onder die wet nie.[71] Die wet sê dus selfs aan die Jood om regverdiging op 'n ander plek te soek as in en deur die wet (Bligh 1970:212).[72]
- Dat Paulus in gehoorsaamheid aan die wet van die geloof (τὸν νόμον τοῦ Χριστοῦ [wet van Christus], Gal 6:2) die wet van Moses verlaat. Paulus kon hiermee saamgaan, maar in die konteks word nie van die wet van die geloof gepraat nie. Verder bederf dit die paradoks as die woord "wet" hier twee verskillende bedoelings het (Bligh 1970:212).
- Dit verwys na Paulus se eie toewyding aan die wet voor hy 'n Christen geword het. Juis omrede hy die wet so fanaties gevolg het, het hy die kerk vervolg, maar dit lei tot sy bekering. Sy toewyding aan die wet bring hom tot redding. Dit beteken dat hy deur die wet vir die wet dood is. Alhoewel hy die eise van die wet probeer vervul het, het dit nie redding bewerk nie (Betz 1979:122; Ziesler 1992:22). Dit is 'n beter verklaring, veral as 'n mens die debat wat hier afspeel, in gedagte hou. Hy sê vir die opponente dat hy die pad van fanatiese toewyding

[68] Calvyn (1996:42) sê dat gelowiges vry van die heerskappy van die wet is, soveel so dat hulle geen vertroue daarin het nie en dat dit hulle nie meer gevangene hou onder die juk van slawerny nie.

[69] Moule (1970:367-75) merk tereg op dat die datief (νόμῳ) 'n datief is wat verhouding aandui.

[70] Voorstanders van hierdie interpretasie is bv Bruce (2002:143); Ryken (2005:7); Tannehill (1967:59); Tolmie (2004:92) en Wuest (1948:81).

[71] Voorstanders van hierdie interpretasie is bv Betz (1979:122); Bligh (1970:211) en Longenecker (1990:91).

[72] Bligh (1970:212) haal Psalm 143:16 as bewys aan.

geloop het en juis dit het hom by Christus gebring. Só het hy die bankrotskap van die wet ontdek. Maar dan sou Paulus moes sê dat hy gesterf het vir die wet deur die openbaring van Jesus en nie deur die wet nie. Dan is die verband met die gekruisigde Jesus nie duidelik nie (Campbell 1999:281).

- Maar hoe sterf hy deur die wet? Op dieselfde wyse as Jesus wat gekruisig is as 'n verbreker van die wet: deur die proses wat die wet voorskryf. Jesus het by verskeie geleenthede die wet, soos toegepas deur die Jode, uitgedaag en op Golgota sterf Hy aan die hande van die bewaarders van die wet. Nadat Hy deur die wet gevonnis is, verloor die wet egter alle mag op Hom, en wanneer God Hom opwek, word die wet gediskrediteer (Bligh 1970:213). Waar Paulus identifiseer met Jesus, plaas hy homself in die posisie om dieselfde oordeel te ontvang, wat ook baie keer gebeur het soos reeds hierbo aangedui is.[73] Dit beteken dat die prys van Paulus se identifikasie met die gekruisigde Christus so deur die wet voltrek is en sy dood vir die wet so uitgewerk is in sy lewe (Campbell 1999:283).

Paulus vrees nie meer die sensuur van die wet, of die bewakers van die wet nie, en soek ook nie die guns van die wet nie. Die wet het alle mag om 'n vonnis oor Jesus se lewe te gee of oor dié wat met Hom identifiseer, verloor. Die ou self wat gedefinieer is deur die dunk en goedkeuring van ander, is dood. Paulus lewe nog maar sy lewe word nou gedefinieer deur die besorgdheid oor wat God se Seun van hom dink; Hy het nie net gesterf vir hom nie maar ook opgestaan, en Hy lewe in die gelowiges deur die Gees.

Met dit alles as agtergrond, kom ek nou by die woorde Χριστῷ συνεσταύρωμαι. Dit is 'n oorspronklike metafoor van Paulus, een wat die harte sou raak en 'n skokgolf deur die hoorders sou stuur in 'n gemeenskap waar hulle baie kruisigings gesien en beleef het, en gevrees het.

Waar sou dié "kruisiging" kon gebeur het? Sekerlik by die eenwording met Jesus deur die geloof. As 'n mens sy geloof in Christus plaas het, is hy/sy een met Hom. Die gelowiges is deur die geloof vas-gesement in Christus, sodat Hy en gelowiges soos een persoon is, wat nie geskei kan word nie, maar vir ewig verenig bly (Luther 1963:168). Die eenwording maak dat dit wat Christus gedoen het, word asof die gelowiges dit gedoen het. Dit is wat versinnebeeld word in die gebeure van die doop (Bruce 2002:144). As Paulus die gelowiges wil terug verwys na die begin van hulle geloof, doen hy dit altyd deur na die doop te verwys (Gal 3:26-28). Dit is waar hulle Christus "aangetrek" het (soos 'n mens klere aantrek); dit is waar hulle "die vlees", die natuurlike mens met sy luste en drange gekruisig het; en dit is waar Paulus homself ook gevind het: dood vir wet en gekruisig saam met Christus (Guthrie 1981:646). Die finaliteit van die dood het 'n einde gemaak aan die ou orde en 'n skeiding gebring tussen die ou lewe en die nuwe lewe in Christus (Bruce 2002:144).

Hier word nie aan die doop gedink as private seremonie, 'n geestelike gebeure nie, maar 'n gebeure waarvoor 'n prys betaal is, 'n openbare identifisering met 'n Persoon wat kort tevore deur sy eie mense verwerp is en 'n skandelike dood gesterf het, vervloek aan 'n kruis (Gal 3:13). So het Paulus se identifisering met Jesus hom in dieselfde posisie

[73] Vgl voetnoot 29.

gelaat. Paulus is gekruisig in die oë van die starende wêreld waar hy in die openbaar homself identifiseer met Christus. Dit is 'n saak van publieke verwerping en skande (Campbell 1999:283). Dit het hom nie net selfverloëning gekos nie, maar ook die verlies van eer, vriendskappe en goeie gesindhede. Daarmee verloor hy sy sosiale identiteit in die gemeenskap. Dit kon ook potensieel vir gelowiges lei tot die verlies van hulle lewe maar beslis die einde van hulle lewe soos hulle dit geken en geniet het. In Paulus se geval beteken om saam met Christus gekruisig te wees, om te sterf aan die wet, dit wat sy vorige lewe in Judaïsme regeer het. Die sterwingsmetafoor is integraal deel van Paulus se teologie want dit wys op die imperatief van die nuwe lewe wat deur die opgestane Christus kom (Guthrie 1981:646).

Gelowiges is met Christus in sy dood verenig. Dit het nie net 'n effek op die innerlike lewe nie maar die mens se hele persoon en geskiedenis. Hierdie is nie 'n mistieke aangeleentheid nie, alhoewel daar 'n mistieke kant is aan die eenwording met Christus; dit val buite die mens se verwysingsraamwerk (Bligh 1970:216). Die voorsetselfrase "saam met" merk dat die mens te staan kom in 'n verhouding met Christus (Furnish 1978:176).

Christus leef nou in Paulus (ζῇ δὲ ἐν ἐμοὶ Χριστός). Hierdie uitdrukking kan ook beteken "Christus fermenteer in my" soos nuwe suurdeeg geleidelik transformerend werk deur die hele deeg. Paulus ervaar hierdie proses in hom en sien dit ook in die lewe van ander (Bligh 1970:216). Gelowiges het nie meer 'n lewe van hulleself nie. Die enigste lewe wat hulle het, is die lewe wat God in hulle sit deur Jesus Christus.

Paulus praat in die eerste persoon enkelvoud maar dit is nie iets wat net van hom geld nie; wat van hom geld, geld van elkeen in Christus. Christus wat gesterf het, word die skepper van 'n nuwe mensheid deur die gelowige te bevry van die versoeking om die weg van die wet en van eiewilligheid en opstand te vat. Christus is sowel die fondasie as die lewenssfeer van die geregverdigde mens (Käsemann 1970:161).

#### 3.16.2.2 Die sosio-historiese konteks van die metafoor "saam met Christus gekruisig" in Galasiërs 2:19

Hieroor is in Hoofstuk 2 hierbo volledig gehandel.

#### 3.16.2.3 Die elemente van die metafoor "saam met Christus gekruisig" in Galasiërs 2:19

Die volgende elemente kan geïdentifiseer word:

**Topiek:** "Ek". Paulus gebruik die eerste persoon enkelvoud om die daad van God aan te dui waar die ou mens sterf en hy nou die identiteit openbaar van die eskatologiese mens wat God nuut skep in Christus (Martyn 1998:258).[74]

**Illustrasie:** Saam met Christus gekruisig.


[74] McKnight (2000:279) interpreteer die "ek" as Paulus wat as die verteenwoordiger van die Jode wat deur die geloof na Jesus Christus bekeer is. Die nie-Joodse gelowige het dit nie werklik nodig nie, want hulle het nie die wet so geken nie. Tog is die betekenis vir hulle dat hulle moet sterf aan enige iets wat die suiwerheid van die evangelie aantas.

**Punte van ooreenkoms:** Soos Christus se lewe in hierdie aardse bedeling verby is, veroordeel deur die wet, so is die gelowige se lewe ook verby vir hierdie bedeling onder die wet en sonde. Hierdie dood is 'n skandelike, pynlike en uitgerekte dood. As gelowiges nie só sterf nie, kan Christus nie in hulle lewe nie en kan hulle nie vir God lewe nie.

**Nie-figuurlike ekwivalent:** My ou lewe toe die wet oor my regeer het, is finaal verby. Die lewe onder die wet is vir altyd verby en nou staan ek onder die bevrydende regering van God, nadat Hy my op grond van Christus se sterwe aan die kruis in my plek, regverdig verklaar het. My ou mens is dus saam met Christus aan die kruis dood.

### 3.17 SAMEVATTING

Dié boodskap kan skematies soos volg saamgevat word:




Ek (A) het gesterf (1). Dit is nie 'n gewone sterf nie maar 'n skandelike dood aan die kruis soos Christus ook gesterf het (2). Ek het gesterf vir die wet, die wet het geen krag meer op my nie. Die wet het Christus veroordeel en Hy het die prys betaal, sodat die wet nie meer kan veroordeel nie (3 en 4). Ek lewe nie meer nie (5 en 6). Tog lewe ek nog, maar die verskil is dat Christus in my lewe en dit is moontlik deur die geloof (7,8 en 9). Dit bring die groot verskil, eers was dit alles "EK" (A) maar nou is alles vir God (B).

# HOOFSTUK 4

# DIE METAFOOR "SAAM MET CHRISTUS GEKRUISIG" IN ROMEINE 6:1-14

## 4.1 INLEIDING

Die doel van hierdie hoofstuk is om die metafoor "saam met Christus gekruisig" in Romeine 6:1-14[75] te interpreteer. Die betekenis van die metafoor "saam met Christus gekruisig" word in hierdie studie bepaal volgens die grammaties-historiese metode soos toegepas deur De Klerk & Janse van Rensburg (2005), met spesifieke fokus op stappe 1 tot 14.

## 4.2 GEBED OM LEIDING EN HERINNERING DEUR DIE HEILIGE GEES

Vgl soos by Hoofstuk 3, 3.2.

## 4.3 DIE KEUSE VAN DIE PERIKOOP VIR EKSEGESE

Romeine 6:6[76] is deel van die perikoop Romeine 6:1-14 wat op sy beurt deel vorm van die groter eenheid Romeine 6:1-23 wat deel is van die groter deel Romeine 5:1 - 8:39. Romeine 6:1-14 bevat Paulus se argument dat die gelowige gesterf het vir die sonde en opgestaan het tot 'n nuwe lewe. Die redding uit genade alleen deur die geloof (Rom 5), het die vraag laat ontstaan of gelowiges dan maar in die sonde kan voortlewe. Paulus antwoord die vraag deur daarop te wys dat dié wat dood is vir die sonde, nie daarin kan voortlewe nie.

## 4.4 DIE PLEK VAN ROMEINE 6:1-14 IN DIE BRIEF, EN DIE PLEK VAN ROMEINE IN DIE BYBEL

### 4.4.1 Die plek van Romeine 6:1-14 in die brief[77]

Romeine 6:1 begin met 'n retories vraag, Tί οὖν ἐροῦμεν; ("Wat moet ons nou hiervan sê?") en 'n volgende retoriese vraag by 6:15: Tί οὖν; ("Wat beteken dit?") Die inhoud van die gedeelte 6:1-14 is ook 'n duidelike merker dat hierdie deel 'n eenheid is, alhoewel 'n onderafdeling van 6:1-23.

My verstaan van die plek van 6:1-23 binne die geheel van die Romeine-brief kan soos volg voorgestel word:[78]

---

75 Ek volg hier die kronologiese orde van die brief aan die Galasiërs en die brief aan die Romeine, en nie die kanon-orde nie (vgl 3.10.2 en voetnoot 38).

76 Rom 6:6: τοῦτο γινώσκοντες ὅτι ὁ παλαιὸς ἡμῶν ἄνθρωπος συνεσταυρώθη, ἵνα καταργηθῇ τὸ σῶμα τῆς ἁμαρτίας, τοῦ μηκέτι δουλεύειν ἡμᾶς τῇ ἁμαρτίᾳ· ("Ons weet tog dat die sondige mens wat ons was, saam met Christus gekruisig is, sodat ons sondige bestaan beëindig kon word. Ons is dus nie langer slawe van die sonde nie". [Bybel 1992]).

77 Daar is verskil van mening of die breuk ná 6:11 of ná 6:14 is. Vir 'n keuse ná 6:11 kies: Cranfield 1980:28, Käsemann 1980:159 en Ridderbos 1977:20. Vir 'n keuse na 6:14: Guthrie 1970:414-419, Kummel 1975:307, Morris 1992:33 en Schreiner 2005:26. Die Bybel, Multivertaling (2004:1464-1465) kies om 6:1-23 as eenheid te hou. Lekkerkerker (1974:256-286) maak 'n driedelige verdeling 6:1-10, 6:11-14 en 6:15-23. Moule (1893:xiv) maak die breuk na 6:13.

78 Ek sluit hiermee hoofsaaklik aan by die gedagte-opbou van die Bybel, Multivertaling (2004:1464-1465).

**Briefinleiding**

| |
|---|
| 1:1-7 Afsender, ontvangers en seëngroet |

**Danksegging**

| |
|---|
| 1:8-12 Dank, verlange en verpligting |

**Aanloop tot die hoofbetoog en tema**

| |
|---|
| 1:13-17 Die voorneme om die gemeente te besoek, en die evangelie in 'n neutedop |

**Hoofbetoog in vier dele**

| |
|---|
| **Hoofbetoog 1.** 1:18-4:25 Almal is skuldig, maar almal wat glo, word vrygespreek<br>**Hoofbetoog 2.** 5:1-8:39 As vrygespreektes is gelowiges nuwe mense met hoop<br>**Hoofbetoog 3.** 9:1-11:36 God se plan met Israel<br>**Hoofbetoog 4.** 12:1-15:13 Christenskap in praktyk |

**Afloop van die hoofbetoog**

| |
|---|
| 15:14-33 Paulus se reisplanne en enkele ander opmerkings |

**Briefafsluiting**

| |
|---|
| 16:1-27 Groete, laaste oproepe en lofprysing |

My verstaan van die plek van 6:1-14 binne die groter eenheid 5:1-8:39 blyk uit die volgende voorstelling:[79]

5:1-8:39 Hoofbetoog 2 **Gelowiges is as vrygespreektes is nuwe mense met hoop**

- 5:1-11 Die versekering van gelowiges se hoop
- 5:12-21 Die hoop in Christus se oorwinning oor Adam se sonde
- 6:1-23 Die genade triomfeer oor die mag van die sonde
  - 6:1-14 Die vryheid van die tirannie van die sonde
  - 6:15-23 Die vryheid van die slawerny van die sonde
- 7:1-25 Die lewe gekenmerk deur die vryheid van die wet se veroordeling
  - 7:1-6 Vry van die veroordeling van die wet staan ons onder Christus
  - 7:7-25 Die verhouding tussen die wet en die sonde
- 8:1-39 Lewe wat gekenmerk word deur die inwoning van die Gees
  - 8:1-30 Die inwoning van die Gees
  - 8:31-39 Gelowiges is algehele oorwinnaars omdat God hulle in Christus liefhet

### 4.4.2 Die plek van Romeine in die Bybel

Romeine is deel van die Nuwe Testament, en saam met 1 en 2 Korintiërs en Galasiërs een van die hoofbriewe van Paulus (Bruce 1982:1). Die brief was dié Bybelboek wat deur die eeue seker die grootste invloed uitgeoefen het op die teologie van die kerk.[80] Die rede hiervoor is dat min ander boeke die evangelie so duidelik maak, so kragtig en met soveel oortuiging verkondig as hierdie brief (Pelser 1984:41).

## 4.5 DIE GENRE VAN ROMEINE 6:1-14, EN VAN ROMEINE

Die brief aan die Romeine vertoon die kenmerkende eienskappe van die Pauliniese briefvorm (Pelser 1984:41). Dit bevat die tipiese aanhef (adres) en briefslot (groet).[81] In terme van die briefvorme van sy tyd, sou Paulus se briewe as persoonlik, oproepend en

[79] Die gedagte-opbou hier volg, wat Rom 5 en 6 betref, Schreiner (2005:26) se indeling, Rom 7 volg Cranfield (1980:28) en Rom 8 volg Cranfield (1980:28) en Bybel, Multivertaling (2004:1464).

[80] Schreiner (2005:1) beklemtoon tereg dat dit Romeine is wat Augustinus, Luther, Calvyn en Barth se teologie bepalend beïnvloed het.

[81] Pelser (1984:41) dui ook aan dat die epistel in so 'n briefraamwerk vervat kan word. Hy beskryf ook al die verskillende tiperings wat al aan Romeine toegedig is (Pelser 1984:42).

lerend beskryf kon word. Hy skryf immers aan mense met wie hy persoonlike verhoudings het, maar terselfdertyd skryf hy bewustelik as apostel aan geloofsgemeenskappe. Sy onderrig en oproepe word in briefvorm gegiet. Hy pas die konvensionele briefvorm egter vryelik aan om sy behoeftes en doelwitte te pas. Die gevaar is om met 'n bepaalde vooraf-geformuleerde raamwerk na die teks te gaan en dit bloot op die teks af te druk. Dit is beter dat die navorser die argument van die brief volg en kyk hoe die argument ontvou (Schreiner 2005:25). Die beste werkswyse is dus om nie by voorbaat 'n teoretiese raamwerk te formuleer om die data te verklaar nie maar die data stap vir stap met mekaar te vergelyk in 'n poging om konseptuele kategorieë daar te stel waardeur die data verklaar word (Tolmie 2000:353).[82]

Die gedeelte 6:1-14 toon baie kenmerke van die diatribe-styl, waarin gepoog word om die gespreksgenoot deur middel van vrae en teenvrae, argumente en teenargumente van 'n bepaalde standpunt te oortuig. Die styl vang die aandag van die leser vas en hou hom betrokke by die argument.[83]

## 4.6 DIE VASSTELLING VAN DIE GRONDTEKS VAN ROMEINE 6:1-14

Vir doeleindes van hierdie studie word die UBS-teks (1993), 4 de uitgawe, gebruik. Met die teks van Romeine is daar weinig probleme. Die grootste probleme met die teks lê op drie plekke:

- Wat word bedoel met ἐν Ῥώμῃ in 1:7 en τοῖς ἐν Ῥώμῃ in 1:15. Is dit oorspronklik, of is dit later bygevoeg?
- Was Romeine 16 oorspronklik deel van die brief?
- Is die doksologie in Romeine 16:25-27 van Paulus afkomstig of later bygevoeg?

Omdat hierdie sake nie direk 'n invloed het op die gedeelte onder bespreking (Rom 6:1-14) nie, word dié sake nie hier behandel nie.[84]


Volgens De Klerk & Janse van Rensburg (2005:23) se metode is dit nodig om slegs tekskritiese aantekeninge met 'n C- of D-sekerheidsgradering verder te ondersoek. Die UBS-teks (1993), 4 de uitgawe, se tekskritiese apparaat bevat vier variante, en drie dra 'n A- en een 'n B-gradering. Daarom word nie verdere aandag aan die variante gegee nie, en word met die UBS-teks van Romeine 6:1-14 volstaan.

## 4.7 DIE ONTLEDING VAN DIE GEDAGTE-OPBOU VAN ROMEINE 6:1-14

### 4.7.1 Die mikrovlak-ontleding

Die gedagte-opbou op mikrovlak is die interkorrelasie van alle eenhede van die teks, insluitend dié van die kleinste eenhede (rededele) van die teks (De Klerk & Janse van Rensburg 2005:40).

[82] Hierdie benadering woord ook genoem die "grounded theorical approach" (Tolmie 2000:353).
[83] Die styl is hoofsaaklik Hellenisties maar maak ook gebruik van elemente van die Joodse leergesprek (Pelser 1984:42).
[84] Schreiner (2005:5-10) gee 'n volledige beskrywing hiervan, asook aanbevelings vir die oplos van die probleme.


1
Τί οὖν
ἐροῦμεν;
ἐπιμένωμεν
τῇ ἁμαρτίᾳ,
ἵνα
ἡ χάρις
πλεονάσῃ
2
μὴ γένοιτο
οἵτινες
ἀπεθάνομεν
τῇ ἁμαρτίᾳ,
πῶς ἔτι
ζήσομεν
ἐν αὐτῇ;
3
ἢ ἀγνοεῖτε
ὅτι
ὅσοι
ἐβαπτίσθημεν
εἰς Χριστὸν
Ἰησοῦν
εἰς τὸν θάνατον
αὐτοῦ
ἐβαπτίσθημεν;

4 συνετάφημεν οὖν

αὐτῷ

διὰ τοῦ βαπτίσματος

εἰς τὸν θάνατον,

ἵνα ὥσπερ ἠγέρθη

Χριστὸς

ἐκ νεκρῶν

διὰ τῆς δόξης

τοῦ πατρός,

οὕτως καὶ ἡμεῖς

ἐν καινότητι

ζωῆς

περιπατήσωμεν.

5 εἰ γὰρ σύμφυτοι

γεγόναμεν τῷ ὁμοιώματι

τοῦ θανάτου

αὐτοῦ,

ἀλλὰ καὶ (σύμφυτοι)

(τῷ ὁμοιώματι)

τῆς ἀναστάσεως

ἐσόμεθα·

6 τοῦτο

γινώσκοντες

ὅτι ὁ παλαιὸς

ἡμῶν

ἄνθρωπος

συνεσταυρώθη,

ἵνα καταργηθῇ

τὸ σῶμα

τῆς ἁμαρτίας,

τοῦ μηκέτι

δουλεύειν

ἡμᾶς

τῇ ἁμαρτίᾳ·

7 ὁ γὰρ ἀποθανὼν

δεδικαίωται

ἀπὸ τῆς ἁμαρτίας.

8 εἰ δὲ ἀπεθάνομεν

σὺν Χριστῷ,

πιστεύομεν

ὅτι καὶ συζήσομεν

αὐτῷ,

9 εἰδότες

ὅτι
Χριστὸς
ἐγερθεὶς
ἐκ νεκρῶν
οὐκέτι
ἀποθνῄσκει,
θάνατος
αὐτοῦ
οὐκέτι
κυριεύει.

10 ὃ γὰρ
ἀπέθανεν,
τῇ ἁμαρτίᾳ
ἀπέθανεν
ἐφάπαξ·
ὃ δὲ
ζῇ,
ζῇ
τῷ θεῷ.

11 οὕτως καὶ

ὑμεῖς

λογίζεσθε

ἑαυτοὺς

[εἶναι]

νεκροὺς μὲν

τῇ ἁμαρτίᾳ

ζῶντας δὲ

τῷ θεῷ

ἐν Χριστῷ

Ἰησοῦ

12 Μὴ οὖν βασιλευέτω

ἡ ἁμαρτία

ἐν τῷ

θνητῷ

ὑμῶν

σώματι

εἰς τὸ ὑπακούειν

ταῖς ἐπιθυμίαις

αὐτοῦ,

13 μηδὲ παριστάνετε

- τὰ μέλη
  - ὑμῶν
  - ὅπλα
    - ἀδικίας
  - τῇ ἁμαρτίᾳ,

ἀλλὰ παραστήσατε

- τῷ θεῷ
- ἑαυτοὺς
  - ὡσεὶ
    - ἐκ νεκρῶν
    - ζῶντας
- καὶ τὰ μέλη
  - ὑμῶν
  - ὅπλα
    - δικαιοσύνης
- τῷ θεῷ.

14 ἁμαρτία γὰρ

ὑμῶν

οὐ κυριεύσει·

οὐ γάρ ἐστε

ὑπὸ νόμον

ἀλλὰ (ἐστε)

ὑπὸ χάριν.

**4.7.2 Makrovlak-ontleding van die gedagte-opbou**

Die gedagte-opbou op makrovlak is die inter-relasies van alle gedagte-eenhede van die teks, m.a.w. nie dié van rededele onderling met mekaar nie (mikrovlak ontleding), maar van gedagte-eenhede, d.i. eenhede wat 'n eie werkwoord het (De Klerk & Janse van Rensburg 2005:40).[85]

**Basiese vraag (Probleemstelling)**

6:1 Wat moet ons hiervan sê? Moet ons aanhou sonde doen sodat die genade kan toeneem?

**Die basiese stelling (antwoord) om nie aan te hou sondig nie:**
Ons is dood vir die sonde, ons kan nie daarin voortleef nie.

6:2 Beslis nie. Hoe kan ons wat dood is vir die sonde, nog daarin voortleef?

**Die eerste argument om nie aan te hou sondig nie:**
Ons is immers in Jesus se dood gedoop.

6:3 Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie?

[85] Volgens Schreiner (2005:302) ea is Rom 6:1-14 een van die mees gekompliseerde en kontroversiële dele van die brief.

**'n Gevolgtrekking as tweede argument om nie aan te hou sondig:**
Ons is dus[86] saam met Jesus begrawe om opgewek te word tot 'n nuwe lewe.

> 6:4 Deur die doop is ons dus saam met Hom in sy dood begrawe, sodat, soos Christus deur die wonderbaarlike magsdaad van die Vader uit die dood opgewek is, ons ook so 'n nuwe lewe kan lei.

**Die derde argument om nie aan te hou sondig nie:**
Ons het immers saam met Jesus opgestaan omdat ons saam met Hom gesterf het en ons nie meer slawe van die sonde is nie.

> 6:5-6 Aangesien ons met Hom een geword het in sy dood, sal ons sekerlik ook met Hom een wees in sy opstanding. Ons weet tog dat die ou patroon van lewe, saam met Christus gekruisig is, sodat ons sondige bestaan beëindig kon word. Ons is dus nie langer slawe van die sonde nie.

**Die basiese stelling om nie aan te hou sondig nie (herhaal):**
Gelowiges is dood en daarom vry van die sonde se mag.

> 6:7 Iemand wat gesterf het, is immers vry van die mag van die sonde.

**Die vierde argument om nie aan te hou sondig nie:**
Ons lewe saam met Christus want die dood het geen mag oor Hom nie.

> 6:8-9 Ons het saam met Christus gesterwe; daarom glo ons dat ons ook saam met Hom sal lewe. Ons weet dat Christus wat uit die dood opgewek is, nie weer kan sterwe nie; die dood het nie meer mag oor Hom nie.

**Die konkluderende argument om nie aan te hou sondig nie:**
Jesus is vir die sonde dood en Hy lewe vir God.

> 6:10 Hy het immers gesterwe en is eens en vir altyd vir die sonde dood. Nou lewe Hy, en Hy lewe vir God.

**Die eerste voortvloeiende opdrag om nie aan te hou sondig nie:**
Julle moet *onthou* dat julle vir die sonde dood is en vir God moet lewe.

> 6:11 So moet julle dus reken dat ook julle vir die sonde dood is, maar vir God lewe, omdat julle een is met Christus Jesus.

[86] Die Bybel (1992) gee die οὖν verkeerdelik weer met "immers", in plaas van met "dus".

**Die tweede voortvloeiende opdrag om nie aan te hou sondig nie:**
Julle moet dus *nie toelaat* dat die sonde oor julle heers nie.

> 6:12 Moet dan nie toelaat dat die sonde nog langer oor julle heerskappy voer en julle die begeertes van julle sterflike aardse bestaan laat gehoorsaam nie.

**Die derde voortvloeiende opdrag om nie aan te hou sondig nie:**
Julle moet julle-self *nie tot diens* van goddeloosheid stel nie.

> 6:13a Julle moet geen deel van julle liggame in diens van die sonde stel as 'n werktuig om goddeloosheid te bedrywe nie.

**Die vierde voortvloeiende opdrag om nie aan te hou sondig nie:**
Julle moet julle-self *in diens* van God stel om sy wil te doen.

> 6:13b Nee, stel julle in diens van God as mense wat dood was maar lewend gemaak is, en stel elke deel van julle liggame in diens van God as werktuig om te doen wat God wil.

**Samevatting:**
Die sonde is immers nie julle baas nie want julle is nie onder die wet nie maar onder die genade.

> 6:14 Die sonde moet immers nie meer baas wees oor julle nie, want julle staan nie onder die wet van Moses nie, maar onder die genade.

## 4.8 DIE VERTALING VAN ROMEINE 6:1-15

Die Afrikaanse Vertaling (Bybel 1992) is as uitgangspunt geneem. Dit is 'n geldige dinamies-ekwivalente vertaling van Romeine 6:1-14. Tog stel ek die volgende alternatiewe vertalings voor:

6:4 Die Afrikaanse Vertaling (Bybel 1992) gee die οὖν verkeerdelik weer met "immers", in plaas van met "dus".

6:6 Die Afrikaanse Vertaling (Bybel 1992) vertaal ὁ παλαιὸς ἡμῶν ἄνθρωπος ("ons ou mens") as "die sondige mens wat ons was." Ek stel voor "ons ou patroon van lewe." [87]

---

[87] Vgl Louw & Nida 1988: Semantiese veld 41.43.

6:11 Die Afrikaanse Vertaling vertaal ὑμεῖς λογίζεσθε ἑαυτοὺς as "julle moet dus altyd onthou." Ek stel voor "reken julleself."[88]

### 4.9 DIE KERNVERS VAN ROMEINE 6:1-15

Die kernvers is die teksgedeelte in elke perikoop waar die sentrale tema en hoofgedagte saamtrek tot 'n eenheid (De Klerk & Janse van Rensburg 2005:50). Romeine 6:11 is die klimaks van die argumente wat Paulus opgestapel het: Jesus is vir die sonde dood en Hy lewe vir God, en omdat ons een is met Christus is ons ook dood vir die sonde. Ons kan nou vir God lewe. Dit is die feite waarop ons moet reken (Fitzmyer 1993:430).

### 4.10 DIE BEPALING VAN DIE SOSIO-HISTORIESE KONTEKS VAN ROMEINE 6:1-14

#### 4.10.1 Inleiding

Paulus gee 'n volledige uiteensetting van die feit dat God sondaars in die regte verhouding met Hom stel deur die versoeningsdood van Jesus Christus. Die sondige mens kry deel hieraan slegs deur die geloof en nie deur wetsonderhouding of ander eie prestasies nie (Bybel, Multivertaling 2004:1464). Die vraag is dadelik: "As alles rus op wat God gedoen het, wat maak dit dan saak hoe ons lewe?" In Romeine 6 gaan Paulus voort deur te wys hoe die geregverdigde persoon lewe.

Daar moet ook nie 'n te definitiewe skeiding gemaak word tussen Romiene 5 en Romeine 6 nie. Die regverdiging deur die geloof is volledig verbind aan heiligmaking (Morris 1992:243). Die dood en die opstanding hoort onlosmaaklik bymekaar. Paulus spel dus die implikasies van die nuwe lewe, in Christus, deur die Gees uit.

#### 4.10.2 Skrywer en ontstaanstyd

Die outeurskap van Romeine, in Romeine 1:1 as Paulus aangedui, word selde betwis. Dit is 'n uitspraak wat aanvaar word alhoewel daar enkele navorsers was wat die Pauliniese outeurskap bevraagteken (Schreiner 2005:2). Die outeursvraag is dus uitgemaak en afgesluit. Paulus het die Romeinebrief waarskynlik iewers tussen 55-56 nC geskryf, terwyl hy in Korinte oorwinter het (Du Toit 1984:35). Hy het waarskynlik gewag vir die begin van lente wanneer die seeroetes vir skeepvaart weer oop is. Volgens Handelinge 20:3 was hy drie maande in Griekeland, en Korinte is die mees waarskynlike plek vir hierdie oorwintering (Morris 1992:6).

Hy was op pad na Jerusalem om die kollekte vir die kerke in Judea te gaan afgee (Rom 15:25-27). Daar is by hom 'n onsekerheid oor hoe hy in Jerusalem ontvang gaan word (Rom 15:31; Hand 20:22). Ten spyte van die onsekerheid skryf hy hierdie buitengewone brief wat van sy geloofsvolwassenheid en sy teologiese genialiteit getuig; dit was net moontlik onder die leiding van die Gees (Pelser 1984:46).

Die brief is dus geskryf op die draaipunt van Paulus se derde sendingreis (vgl Hand 18:23vv). Hy was toe al ongeveer tien jaar besig met onvermoeide werk onder die nie-Jode met baie ervarings en ontberings wat hy deurgemaak het (2 Kor 11:23vv). Hy het al 'n rype ervaring gehad en hy skryf sy laaste brief voordat hy in die gevangenis sou

88 Vgl Louw & Nida 1988: Semantiese veld 30.9; 29.4; 31.1; 57.227.

beland (Pelser 1984:46). Hy sien sy taak in dié gebied as afgehandel en het die oog op bediening in Spanje (Rom 15:24).

### 4.10.3 Eerste lesers

Romeine 1:7,15 dui aan dat die lesers gelowiges was wat hulle in Rome bevind. Alhoewel enkele handskrifte nie "Rome" bevat nie, is die teksgetuienis oorweldigend ten gunste van Rome en is dit dus taamlik seker dat die brief werklik aan die gelowiges in Rome gerig is (Pelser 1984:43). Die brief is die vroegste aanduiding dat daar Christene in Rome was en dan ongeveer vanaf die veertigerjare van die eerste eeu nC. Die uitsetting van die Jode uit Rome geskied immers in 49 nC, en onder hulle was alreeds Christene (Cranfield 1980:16). In Handelinge 18 is dit duidelik dat Paulus in Korinte kennis maak met die Jood Aquila en sy vrou Priscilla. Hulle het pas vantevore uit Rome in Korinte aangekom as gevolg van die uitsetting uit Rome. Dit is waarskynlik dat hulle met die uitsetting reeds Christene was, aangesien hulle bevoeg was om Apollos noukeuriger in die evangelie te onderrig (Hand 18:26).

Dit bly 'n raaisel onder wie se bediening die lesers gelowiges geword het. Nêrens word daar lig op die saak gewerp nie. Petrus se naam word later met die gemeente verbind maar dit is hoogs onwaarskynlik dat hy die stigter van die gemeente was, omdat hy met Apostelkonvent (48-50 nC) waarskynlik nog in Jerusalem was (Guthrie 1978:393). Handelinge 2:10 meld besoekers, Jode en proseliete uit Rome tussen die skares tydens die Pinkstergebeure. Dit kon maklik van hulle gewees het wat die gemeente onder die kragtige werking van die Heilige Gees tot stand gebring het (Guthrie 1978:393). Die gemeente, dalk nie onder 'n spesifieke persoon tot stand gekom nie, kon verder gegroei en opgebou word deur Christene wat gereis het tussen die hoofstad en ander stede en gebiede van die Romeinse Ryk (Kummel 1979:308; Morris 1992:4). Romeine 16 gee getuienis van 'n hele aantal Christene wat na Rome verhuis of teruggekeer het. Dit kon deur die toedoen van dié mense wees dat die gemeente ontstaan en gegroei het.

Wat die verhouding tussen die Joodse en nie-Joodse Christene was, is nie so duidelik nie.[89] Daar het reeds in die tweede eeu vC Jode in Rome gewoon. Na beraming was daar met die aanbreek van die Christelike era reeds tussen veertig en sestig duisend Jode in die stad woonagtig. Dit is nie duidelik hoeveel Jode deur Klaudius uitgesit is en hoeveel na sy dood in 54 nC weer teruggekeer het nie. Dit word egter algemeen aanvaar dat die Jode en Joodse Christene wel na die stad terug gekeer het. Uit die gedeeltes 1:5v; 1:13vv; 11:13, 23v, 28, 31; 15:15v lyk dit asof die lesers uitsluitlik nie-Jode was. Uit 4:1; 3:31; 7:1,4 blyk dit egter nie uitgesluit te wees dat daar ook Joodse Christene in die gemeente was nie (Bybel, Multivertaling 2004:1464).

[89] Guthrie (1978:395) gee 'n bespreking van verskillende teorieë: 1. Hoofsaaklik 'n Joodse groep; 2. Hoofsaaklik nie-Joodse groep; 3. 'n Gemengde gemeenskap.

#### 4.10.4 Die doel van Romeine[90]

Dit lyk nie of daar iets spesifieks in die gemeente was wat vir Paulus aanleiding gegee het om die brief te skryf nie. Al sou 14:1 - 15:13 gerig wees tot die twee strydende groepe in die gemeente, sou dit nie voldoende rede wees vir die skrywe van die brief nie (Pelser 1984:47).

Wat sou die rede dan wees? Kan dit wees as gevolg van sy volhoudende begeerte om die gemeente te besoek (1:8-13), of omdat hy verhinder was om te gaan (1:13; 15:22); of is dit om ondersteuning te vra vir sy voorgenome reis na Spanje (15:24); of is daar iets meer agter? Indien hy hulle hulp wou gehad het, is dit sekerlik nie nodig om bloot daarvoor 'n brief van hierdie omvang te skryf nie.

In 1:11-15 stel hy tog sy doel baie versigtig en diplomaties. Hy sien dit as sy roeping om die evangelie ook in Rome te gaan verkondig en so te deel in die vrug (1:11,13). Hy het jare lank reeds die begeerte om daar besoek af te lê. Sy ingesteldheid sou dus nie net wees om 'n paar dae daar te kuier nie maar om tog 'n bydrae daar te lewer, al was dit al 'n sterk gevestigde gemeente. Sy voorgenome werk in die Weste het sekerlik ook 'n rol gespeel in die skrywe van die brief. Waarskynlik wou hy nie net aandoen by Rome nie maar die gemeente as basis gebruik vir sy bediening na die Weste. Dit lyk dus asof hy die brief skryf om homself by die gemeente bekend te stel as bedienaar van die evangelie (Morris 1992:17). Paulus stel egter nie net homself bekend nie maar eintlik die evangelie wat hy verkondig (Sanders 1991:1). Hy het volle vertroue in hierdie evangelie en die reddende krag daarvan, en het daarom die vrymoedigheid om dit vir die gemeente voor te lê.

## 4.11 WOORDSTUDIE VAN BELANGRIKE BEGRIPPE IN DIE FRASE "SAAM MET CHRISTUS GEKRUISIG"

Die woordstudie van "saamgekruisig" is reeds in hoofstuk 3 (3.11) gedoen, en word dus nie hier herhaal nie.

## 4.12 DIE OPENBARINGSHISTORIESE PLEK EN BETEKENIS VAN ROMEINE 6:1-14

Met die doel van die studie in gedagte, word die Skrif-met-Skrif vergelyking en openbaringshistoriese studie beperk tot begrippe wat vir Paulus se gebruik van die saamgekruisig-metafoor van belang is. Vgl hiervoor Hoofstuk 5 (5.3) hieronder.

## 4.13 DIE OPENBARING OOR GOD IN ROMEINE 6:1-14

#### 4.13.1 Metodologiese oorwegings

Die metodologiese oorwegings vir hierdie stap is in hoofstuk 3 (3.13.1) behandel.

---

[90] Guthrie (1978:398-400) en Morris (1992:8-18) gee 'n volledige beskrywing van die verskillende motiewe wat deur die jare aangedui is as die rede vir die skryf van die Brief aan die Romeine. Cranfield (1980:23-24) gee ook 'n aantal moontlike redes. Hy maan egter om geen finale besluit te neem nie en nie met 'n vaste besluit die brief te lees nie; dit kan die verstaan van die brief negatief beïnvloed.

**4.13.2 Toegepas op Romeine 6:1-14**

| | **Vader** (Skepper, Onderhouer, ...) | **Seun** (Verlosser, Saligmaker, ...) | **Heilige Gees** (Troos, Hulp, ...) |
|---|---|---|---|
| Eksplisiet | | | |
| Wie is Hy? | Hy is die barmhartige God wat die verlossing bewerk; Hy bewys sy genade (6:14). | Jesus bring die redding tot uitvoer deur te sterf vir gelowiges se sonde (6:11). | Nie eksplisiet nie. |
| Wat doen Hy? | Hy wek Jesus op uit die dood met 'n wonderbaarlike magsdaad (6:4). | Jesus het sy lewe vir die gelowiges aan die kruis afgelê (6:6). Hy lewe (6:10). | Nie eksplisiet nie. |
| Wat sê Hy? | Nie eksplisiet nie. | Nie eksplisiet nie. | Nie eksplisiet nie. |
| Implisiet | | | |
| Wie is Hy? | Die Vader is die een vir Wie ons moet lewe om sy wil te doen (6:13). | Die Seun is die vryspraak vir dié wat in Hom glo (6:11). | Die Gees lei die gelowige om in verbondenheid met Jesus te lewe (6:11). |
| Wat doen Hy? | Hy maak die pad oop om van die ou mens verlos te word (6:6). | Hy het die gelowiges saam met hom aan die kruis gevat (6:6). | Hy woon in die gelowiges en maak hulle een met Jesus (6:11). |
| Wat sê Hy? | Die gelowiges moenie die genade verwerp en in die sonde voortlewe nie. | Die gelowiges moenie die genade verwerp en in die sonde voortlewe nie. | Die Heilige Gees maak die nuwe lewe moontlik. |

## 4.14 DIE VERLOSSINGSFEITE IN DIE PERIKOOP, EN DIE OPROEPE OP GROND DAARVAN

### 4.14.1 Metodologiese oorwegings

Die metodologiese oorwegings vir hierdie stap is in hoofstuk 3 (3.14.1) behandel.

### 4.14.2 Die verlossingsfeite in Romeine 6:1-14

In Romeine 6:1-14 blyk dit dat God aan die gelowiges genade bewys het (6:14). Hy maak dit vir hulle moontlik om in die regte verhouding met Hom te kom slegs deur die eenwording met Jesus Christus (6:11). Christus het die gelowiges absoluut liefgehad (6:10). Hy bewys hierdie liefde deur aan die kruis te sterf. Só bewerk Hy redding vir die gelowiges. Dit is duidelik dat Christus in die gelowige woon en deur die gelowige lewe (6:11). Die gelowiges in Rome kan dus weet dat hulle onder die liefdevolle goedheid van die Vader staan, en nie meer onder die mag van die sonde nie.

### 4.14.3 Die oproepe in Romeine 6:1-14

Die Christene in Rome word opgeroep om nie die redding te soek in die onderhouding van die wet nie, maar in die genade (6:14). Hulle word opgeroep om nie meer te sondig

nie omdat hulle in Christus se dood gedoop is en saam met Hom opgestaan het (6:3-4). Hulle is een met Christus en hulle moet dit altyd onthou en lewe in verbondenheid met Christus (6:11). Hulle word opgeroep om nie toe te laat dat die sonde oor hulle heerskappy voer deur toe te gee aan die begeertes van die sterflike liggaam nie (6:12). Hulle word opgeroep om nie enige deel van hulle liggaam in diens van die sonde te stel nie (6:13); hulle moet hulle-self in diens van God stel om sý wil te doen (6:13). Hulle mag nie weer die wet toelaat om die heerskappy oor hulle te kry nie; Christus moet nou hulle lewe beheer (6:14).

## 4.15 DIE KOMMUNIKASIEDOEL VAN DIE PERIKOOP

### 4.15.1 Metodologiese oorwegings

Die metodologiese oorwegings vir hierdie stap is in hoofstuk 3 (3.15.1) behandel.

### 4.15.2 Die kommunikasiedoel van Romeine 6:1-14

In Romeine 6:1-14 is Paulus besig om te antwoord op die retoriese vraag wat in hy in 6:1 binne sy diatribiese styl vra: "Moet ons hieruit aflei dat ons kan aanhou sonde doen sodat die genade kan toeneem?"

'n Mens kan jou indink hoe Paulus se argument tot stand kom. Terwyl hy die brief dikteer, dink hy aan wat die reaksie op 5:12-21 kan wees, waar hy aandui dat alles rus op wat God gedoen het. Hy stel dit duidelik dat die mens in die regte verhouding met God kom deur die geloof alleen en nie deur te vertrou op die prestasie van die mens nie. Sy diatribiese vraag sou tipies afkomstig kon wees van 'n Joodse moralis wat bang was dat die morele standaarde van die nie-Joodse Christene sal verlaag as daar nie meer van hulle verwag word om "die werke van die wet" na te kom nie (Rom 3:8) (Campbell 1999:285). Hierdie beswaar het dieselfde krag as die beswaar in Galasiërs 2:17 dat Christus binne Paulus se weergawe van die evangelie 'n dienaar van die sonde is.

Die kommunikasiedoel van Romeine 6:1-14 is dat die gelowige moet verstaan dat die breuk met dié tipe onderhouding van die wet, die lewe in sonde, verby is. Daar het 'n beslissende breuk gekom met die ou lewe; die gelowiges in Rome moet besef hulle is dood, saam gekruisig, begrawe en hulle het saam met Christus opgestaan om núút vir God te lewe. Daar is geen hoop of vertroue in die "vlees" nie. Deur die wet het hulle gesterf vir die wet en lewe nou onder die genade (Rom 6:14). Daarom moet hulle hulle lede in diens van God stel om sy wil te doen en nie om ongeregtigheid te bedryf nie.

Om dit in een sin te konsentreer: 'n Nuwe Persoon in Christus is dood vir die sonde, saamgekruisig, saambegrawe en saamopgestaan sodat hy/sy vir God kan lewe met volle vertroue in die verdienste van Christus en nie in die verdienste van eie pogings nie.

## 4.16 ONTLEDING VAN DIE "SAAMGEKRUISIG" METAFOOR IN ROMEINE 16:1-14

### 4.16.1 Metodologiese aspekte van metafoor

Die metodologiese aspekte van metafoor is reeds in Hoofstuk 3 (3.16.1) behandel en kom dus nie weer hier aan die orde nie.

### 4.16.2 Die metafoor "saam met Christus gekruisig" in Romeine 6:1-14

#### 4.16.2.1 Die konteks van die metafoor "saam met Christus gekruisig" in Romeine 6:1-14

Paulus wil in dié konteks argumenteer dat die ou lewe verby is en dat 'n nuwe lewe begin het. Daarom is dit vir die gelowige onmoontlik om eenvoudig in die sonde te bly voortlewe soos voorheen. Die prent wat Paulus skets is een van sterf en opstaan. Dit kan van twee kante bekyk word.

- Eerstens kan dit dui op die sterwe van Jesus as die gelowiges se Plaasvervanger waarmee die gelowige deur die geloof identifiseer. Die gelowige is dus deur God ingesluit in die dood van Christus en só sterf die gelowige saam met Christus. Só is die gelowige ook ingesluit in die opstanding van Christus.
- Tweedens kan dit van die Christen se kant gesien word: die gelowige identifiseer met Jesus, en haal só die gramskap van vorige vriende, familie en kollegas op die hals. Die Christen ervaar dieselfde haat van die wêreld wat Jesus ervaar het. Die gelowige se lewe sal dus nooit weer dieselfde wees nie. Sy lewe is verby omdat hy homself identifiseer met Jesus Christus.

Gelowiges moet besef hulle hét gesterf vir die sonde (die ou manier van lewe). Nóóit (μὴ γένοιτο) kan hulle dink om daarin voort te lewe nie. Dit is die einde van die heerskappy van die sonde en die begin van die regering van die genade.

Die kruisiging saam met Christus gebeur by die doop (Rom 6:3-5). Die doop is nie iets magies nie, nie iets sakramenteel nie. By hulle doop het die gelowiges van Rome hulle geloof in Christus bely. Dit het in die openbaar geskied, vóór al die vriende en familie (Campbell 1999:285). In die doop word die ou lewe begrawe, omdat die gelowige met Christus identifiseer. Daaruit vloei die nuwe lewe, 'n nuwe gehoorsaamheid wat moontlik word deur die Heilige Gees van dieselfde Christus (Rom 8:9). Die doop skeur die persoon los van sy natuurlike toestand ("in Adam"), van sy natuurlike lewe ("in die vlees") en van etniese verknogtheid ("onder die wet"). Die persoon kan nou deur die geloof "in Christus" bestaan, sodat hy "vir Christus en God" kan lewe om eendag "met die Here" te wees (Fitzmyer 1993:430). Netsoos Christus gesterf het onder die heersers van die aarde, so sterf elkeen wat homself met Christus identifiseer. Die gelowige ervaar egter dieselfde oorwinning wat Christus ervaar het. Die volle opstanding kom nog, maar die gelowige ervaar nou reeds iets daarvan deur die heiligende werk van die Heilige Gees.

Volgens Dunn (1982:261) sê Paulus nie dat die gelowiges opgewek is met Christus nie. Hy verkies om net te sê dat die gelowiges in staat gestel is om in die nuutheid van die lewe te lééf. Die opstanding lê volgens Dunn en ander nog in die toekoms, omdat ἐσόμεθα (Rom 6:5) toekomstige tyd is. Volgens sy argument word die gelowige volledig geïdentifiseer met Christus se dood, maar nog nie so volledig met sy opstanding nie.[91] Dit is so dat die fisiese opstanding nog in die toekoms lê, maar die opstanding is nie die hoofsaak waarmee Paulus hier besig is nie, selfs die werklike dood lê eintlik nog in die

[91] Cranfield (1980:308) en Fitzmyer (1993:435) verklaar die Futurum egter anders. Hulle sien dit slegs as 'n logiese gevolgtrekking, wat dus binne die argument opvolgend is, maar nie in die werklikheid toekomstig is nie.

toekoms. Die vraag wat hy hier beantwoord, is of die evangelie wat hy verkondig die moraliteit ondermyn, en sy antwoord is dat dié wat Christus volg in sy kruisiging (selfverloënende dood), ook sal leef in die nuutheid van die lewe. Die gelowiges het nie letterlik gesterf en is nie letterlik opgewek nie, maar sosiaal het hulle gesterf en sosiaal en moreel is hulle lewens vernuwe (Morris 1992:247). Die nuwe lewe is dieselfde as opstanding (Rom 6:5). Gelowiges moet hulleself reken as dood vir die sonde en lewend vir God (Rom 6:11), nóú in die hede. Hy snoer dus die monde van dié wat sê dat die evangelie tot morele onverskilligheid lei. Paulus dui juis die volledigheid van die nuwe lewe aan, en dat die oue heeltemal verby is.

Die verwysing van τῷ ὁμοιώματι τοῦ θανάτου αὐτοῦ (6:5) is nie onmiddellik duidelik nie. Verwys dit na die doop of die kruis? Waarskynlik verwys dit na die aard van Christus se dood aan die een kant en die gelowige se bekering (uitgedruk in die doop) aan die ander kant (Campbell 1999:287). Wat hulle dieselfde maak, is nie die doop in water nie maar die manier wat die doop die gelowige in die openbaar identifiseer met verwerpte Christus. Die gevolg is dat die nuwe gelowige verwerping sal ervaar in die gemeenskap en by sy vriende. In hierdie sin sterf die gelowige eintlik. So 'n sosiale dood is die beste waarborg van 'n opstanding, soos wat Christus se dood deur 'n opstanding gevolg was. Paulus wil sê dat die gelowige se lewe verby is en die nuwe lewe nie iets is wat hyself te voorskyn bring nie; dit vloei uit Christus (Morris 1992:250).

Die "ou mens" dui op die mens in sy "behorende tot die ou bedeling" (Dunn 1982:264). Dit verwys na die solidariteit met die ou lewe, familie en gemeenskap waaraan die persoon tot toe behoort het (Campbell 1999:288). Om na Christus toe te kom beteken 'n volledige einde van die hele manier van lewe waaraan die persoon gewoond was (Morris 1992:251). Nadat Paulus gedoop is, het hy sy sosiale identiteit verloor. Hy was egter nie meer 'n slaaf van die sonde nie (Rom 6:6b). Die dood kanselleer al die eise op hom (Rom 6:7). Dit is nie iets wat die gelowige aangeleer moet word nie; deur sy identifisering met Jesus sal hy dit aan sy lyf ervaar en sal hy homself gee vir die nuwe lewe (Rom 6:12-14).

Die woorde ὁ παλαιὸς ἡμῶν ἄνθρωπος συνεσταυρώθη (6:6) is waarskynlik as metafoor 'n nuutskepping van Paulus. Dit sou die hoorders se harte raak en 'n skokgolf deur hulle stuur in 'n gemeenskap waar hulle dikwels kruisigings gesien en beleef het, en ook gevrees het. In die Grieks is daar geen eksplisiete voltooiing van die συν in συνεσταυρώθη nie; Paulus sê nie eksplisiet saam met wie die "ou mens" gekruisig is nie. Paulus doen dit só, omdat hy waarskynlik die aandag wil fokus op die gebeure van die werkwoord. In die evangelies is daar 'n letterlike saamkruisiging: die rower wat saam met Jesus gekruisig is. In Galasiërs 2:19 is dit "ek" wat saam met "Christus" gekruisig is (Morris 1992:251).

Die aoristus van συνεσταυρώθη dui op die finaliteit van die beëindiging van die ou mens, en van die lewe van die nuwe lewe. Dit sou verseker die boodskap van "dood vir die sonde" duidelik oorgebring het. Die finaliteit van die dood het 'n einde gemaak aan die ou orde en 'n skeiding geplaas tussen die ou lewe en die nuwe lewe in Christus (Bruce 2002:144).

Die kruisiging saam met Christus het twee oogmerke:

- Sodat die sondige natuurlike aard (die "vlees") sy krag verloor. Vanweë die krag van die sonde het die mens nie mag oor sy eie bestaan nie, hy word oorheers en getiranniseer om die sonde te doen (Ridderbos 1977:130). Gelowiges se kruisiging saam met Christus maak die natuurlike aard kragteloos (Lloyd-Jones 1973:69).[92] Die sondaar se verskriklike situasie word heeltemal verander deur dit wat in Christus gebeur. Dit het nie net 'n effek op die innerlike lewe nie maar op die lewe van die hele persoon en sy geskiedenis. Die enigste lewe wat die gelowige het, is die lewe wat God in hom/haar sit deur Jesus Christus.
- Sodat gelowiges nie langer slawe van die sonde is nie. Paulus sien sonde as 'n baas wat mense sy slawe maak en wat volledige beheer het oor dié wat nie saam met Christus gekruisig is nie (Morris 1992:252). Die ou mens (Adam) is verby en die nuwe mens (Christus) leef in die gelowiges (Barret 1977:123). Soos 'n dooie slaaf nie langer vir diens kan aanmeld nie, só kan die een wat saam met Christus gekruisig is, nie meer "aanmeld" vir die sonde nie.

Daarop moet gereken word (6:11), die gelowiges moet die werklike realiteit van die waarheid en situasie waarin hulle is, besef en daaruit lewe. Dit is geskryf in die teenwoordige tyd (λογίζεσθε 2 pers, mv, pres. med, ind.) wat wys dat dit iets is waarop die gelowige voortdurend moet reken. Hier gebruik Paulus vir die eerste keer die term ἐν Χριστῷ Ἰησοῦ, om die noue verhouding wat daar bestaan tussen die gelowige en Christus uit te druk (Morris 1992:256). Omdat dit waar is, moet gelowiges hulle lede tot beskikking van God stel om sý wil te doen (6:12).

#### 4.16.2.2 Die sosio-historiese konteks van die metafoor "saam met Christus gekruisig" in Romeine 6:1-14

Hieroor is volledig gehandel in Hoofstuk 2 hierbo.

#### 4.16.2.3 Die elemente van die metafoor "saam met Christus gekruisig" in Romeine 6:1-14

**Topiek:** *"Die ou mens."* Dit is die self wat die gelowige eens was, die self wat behoort aan die ou bedeling, die self gedomineer deur die sonde en onderworpe aan die oordeel (Fitzmyer 1993:436). "Ou" dui ook op "verslete", as gevolg van die verloop van tyd. Daarom is dit nie iets waarna die gelowige moet streef nie (Morris 1992:251). Die "ou mens" is onder die heerskappy van Adam, onder skuld en morele gebondenheid (Moule 1893:164).

**Illustrasie:** *"saam met Christus gekruisig."* Die "ou mens" is vernietig, die liggaam as die sterke vesting van die sonde kan nou nie meer die toegang wees vir versoekings om die gelowige te oorval nie (Moule 1893:164). Die "ou mens" is nie in 'n proses van sterwe nie; hy ís gekruisig, klaar dood, begrawe, en ís nuut in Christus.


[92] "Vlees" (of: "liggaam") is die sfeer waarin die sonde en dood regeer in en oor die mens. Dit is nie dat die liggaam inherent sleg en boos is nie; die sonde domineer die ou mens se lewe, liggaam, gedagtes en gees. Die besondere effek van die sonde is op die lede van die liggaam: hulle beheer die mens en die mens beheer nie sy liggaam nie. Die mens is onder die beheer van die sonde, onder sy heerskappy en mag. Die sonde het altyd die mens se hele liggaam, sy "vlees" beheer, maar nou in Christus kan dit hoogstens dele beheer (Lloyd-Jones 1973:72).

**Punte van ooreenkoms:** Soos Christus se lewe in hierdie aardse bedeling verby is - veroordeel deur die wet, gesterf aan die kruis - só is die gelowiges se lewe ook verby vir hierdie bedeling waar die sonde oor hulle geheers het. Hulle is nie meer slawe van die sonde nie maar lewend om die wil van God te doen. Sonder hierdie saam-sterwe (identifisering met Christus) kom Christus nie in die gelowige se lewe in nie en kan hy/sy nie vir God lewe nie. Daarom is dit dwaas om te dink dat gelowiges in die sonde kan voortlewe nadat hulle "in Christus" is.

**Nie-figuurlike ekwivalent:** Die gelowige se "ou lewe" is finaal verby en die nuwe lewe regeer, nie meer die dood en die sonde nie. Die lewe onder die wet is vir altyd verby en nou is die gelowige onder die genade om vir God te lewe. "die vlees", die liggaam van sonde, is steeds daar en die sonde sal altyd probeer om daaroor heerskappy te kry. Daarom Paulus se oproep: moenie die sonde laat heers oor julle lede nie (6:11-14).

## 4.17 SAMEVATTING

Die tersaaklike boodskap van Romeine 6:1-14 kan soos volg skematies en andersyds saamgevat word:




(1) Die "ou mens", die self wat die gelowiges eens was, onder heerskappy van die ou Adam, (2) het SAAM MET Christus aan die kruis gesterf. Die ou mens is nie in 'n proses van sterwe nie; hy is gekruisig, dood en begrawe. Die gevolg (3) is tweeledig:

- (4) die "vlees" (liggaam van die sonde) is kragteloos gemaak. Gelowiges word nie meer regeer deur hulle ou, onweergebore natuur nie; hulle is dood vir die ou liggaam.
- (5) die sonde is nie meer gelowiges se baas nie: hulle staan nie meer onder die heerskappy van die sonde nie. 'n Dooie slaaf tree tog nie meer aan vir diens nie.

Paulus argumenteer dat hierdie die feite is waarop die gelowiges in Rome moet staan, waarop hulle moet "reken" (6:11). Daarom moet die gelowiges nie meer die sonde toelaat om te heers nie en moet hulle geen lid van hulle tot beskikking van die sonde stel nie maar elke deel tot beskikking van God, om sý wil te doen.

# HOOFSTUK 5

# DIE OPENBARINGSHISTORIESE PLEK EN BETEKENIS VAN "SAAM MET CHRISTUS GEKRUISIG"

## 5.1 INLEIDING

Met die doel van die studie in gedagte, word die Skrif-met-Skrif-vergelyking en openbaringshistoriese studie beperk tot begrippe wat vir Paulus se gebruik van die saamgekruisig-metafoor van belang is.

## 5.2 METODOLOGIESE OORWEGINGS[93]

Daar het verskillende menslike outeurs meegewerk aan die Bybel; tog is die eintlike Outeur, die Heilige Gees, aan die woord. Wanneer 'n bepaalde perikoop geëksegetiseer word, is dit daarom noodsaaklik om ander Bybelboeke oor dieselfde onderwerp te ontgin (De Klerk & Janse van Rensburg 2005:77). Die belydenisskrifte is ook 'n belangrike (alhoewel sekondêre) gesagbron binne die tradisie waarin ek hierdie navorsing doen, en daarom word ook dit verreken.

Die frase "saam met Christus kruisig" wat tot dusver in sy bepaalde tyd en konteks bestudeer is, moet nou verder ondersoek word om dit met voorafgaande en daaropvolgende openbarings deur God oor dieselfde saak te vergelyk. Hierdeur word die sinkroniese omgang met die perikoop met 'n diakroniese aktiwiteit gekomplementeer; dit erken juis dat God Homself en sy wil deur die geskiedenis heen groeiend openbaar (De Klerk & Janse van Rensburg 2005:77).

Die vrae in die ondersoek is die volgende:

- Wat is die belangrikste openbaringstema in die perikoop?
- Watter addisionele lig werp ander tersaaklike Skrifdele op die betrokke tema(s)?
- Waar pas hierdie perikoop se openbaring oor die betrokke tema(s) in binne die geheel van God se skrifopenbaring oor die betrokke tema(s)?
- Wat is die openbaringshistoriese betekenis van die betrokke perikoop (maw: wat dra die betrokke perikoop by tot die verstaan van God se openbaring oor die betrokke tema)?

[93] De Klerk & Janse van Rensburg (2005:77) se bedoeling met hierdie stap is om ander Bybelboeke wat oor dieselfde tema of onderwerp as in die perikoop wat geëksegetiseer word, te ontgin.

## 5.3 "Saam met Christus gekruisig" elders in die skrif

| Tema | Skrifverwysings | Relevansie en plek in die openbaringsgeskiedenis |
|---|---|---|
| "Saam met Christus gekruisig" | Mat 27:44 Op dieselfde manier het die rowers wat saam met Hom gekruisig is, Hom ook beledig. (Mark 15:32 en Joh 19:32) | **Relevansie:** In die teks gedeeltes gaan dit oor die werklike fisiese kruisiging van die rowers saam met Jesus. Die een rower sterf net fisies saam met Jesus en die ander een sterf fisies en geestelik saam met Jesus. Dit is die verwysing van die beeld wat Paulus gebruik. **Plek in openbaringsgeskiedenis:** Die wyse waarop die waarhede bewoord is, laat blyk dat Christus in die sentrum staan. Hierdie Skrifdeel is dus deel van God se finale openbaring. |
| "Saam met Christus gekruisig" | Gal 3:13 Christus het ons losgekoop van die vloek wat die wet meebring, deur in ons plek 'n vervloekte te word. Daar staan naamlik geskrywe: "Vervloek is elkeen wat aan 'n hout opgehang is." | **Relevansie:** Die sterwe van Christus aan die kruis koop die gelowige los van die vloek van die wet en sonde. Die klem hier is dat Hy die gelowige se plek gevat het en die vervloekte geword het. |
| "Saam met Christus gekruisig" | Gal 5:24 Dié wat aan Christus Jesus behoort, het hulle sondige natuur met al sy hartstogte en begeertes gekruisig. [25] Ons lewe deur die Gees; laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal. | **Relevansie:** Hier word die implikasie vir dié wat aan Christus behoort, uitgespel. Hulle het die sondige natuur en begeertes gekruisig (hulle is saam met Christus gekruisig). Die klem val hier op die voltooide aksie met implikasie vir die hede (Longenecker 1990:264). In Galasiërs 2:19 was die klem op die dood vir die wet en hier, soos in Romeine 6:6, op die skeiding met die ou mens. Beide "die vlees" en die wet behoort tot die voor Christelike era (Bruce 2002:256). Daar is 'n skoon breuk met die ou manier van lewe. Dit is die kruis van Jesus wat die skoon breuk bewerkstellig.<br><br>In hierdie gedeelte is daar 'n nuwe beklemtoning van die rol en werksaamheid van die Gees. In Galasiërs 2:19 is dit Christus wat voorop gestel word as dié Een wat die nuwe lewe bewerk het en Galasiërs |

| | | |
|---|---|---|
| | | 5:24 dat die gelowige deur die Gees lewe. Die opdrag is om onder die beheersing van die Gees te lewe. Paulus stel hier die indikatief en die imperatief langs mekaar. Die begeertes en hartstogte word gekanaliseer volgens die wil en in diens van God. Dit is die ware geestelikes, dié wat saam met Christus gesterf het, dié wat nie die etiese implikasies nalaat nie maar hulle deur die Gees laat lei. |
| "Saam met Christus gekruisig" | Gal 6:14 Maar wat my betref, mag God verhoed dat ek ooit oor iets anders roem as oor die kruis van ons Here Jesus Christus, want deur die kruis is die wêreld vir my dood en ek vir die wêreld. | **Relevansie:** Hier is dieselfde klem as by die betrokke Skrifdele in Galasiërs en Romeine. Die kruis van Jesus het die verskil gemaak. Die kruis maak enige ander verdienste wat geregtigheid kan verwerf, onmoontlik. Dit het gemaak dat gelowiges dood is vir die wêreld en die wêreld vir gelowiges. Weer is dit die daad in die verlede met gevolge in die hede (ἐσταύ-ρωται perfektum passief). "Wêreld" hier dui op dit wat gesien kan word as wêreldse goeie pogings om reg wees met God, wat struikelblokke kan wees vir die geregtigheid in Christus (Longenecker 1990:264). "Wêreld" kan ook 'n aanduiding wees van 'n mag teenoor God (Bruce 2002:272). Die "saam met Christus sterwe" aan die kruis is finaal. |
| | 1 Pet 2:24 Hy het self ons sondes in sy liggaam aan die kruis gedra. Daardeur is ons vir die sondes dood en kan ons lewe in gehoorsaamheid aan die wil van God. Deur sy wonde is julle genees. | **Relevansie:** Die nuwe klem hier is dat die gelowige se sonde aan die kruis gedra is deur Christus; sy dood bring versoening. Dit is egter duidelik dat hier nie slegs na die plaasvervangende werk van Christus verwys word nie maar dat die gelowige self saam met Christus gesterf het (Groenewald 1977:51). Die ge-volg is steeds dieselfde naamlik dat die gelowige dood is vir die sonde om in gehoorsaamheid aan God te lewe. Die slawe kan dus die onregverdige straf |

| | | |
|---|---|---|
| | | van hulle eienaars verdra omdat hulle saam met Christus gesterf het en saam met Hom lewe. |
| | 1 Pet 4:1 Omdat Christus dan liggaamlik gely het, moet julle julle ook met die gedagte wapen dat wie liggaamlik gely het, met die sonde afgereken het: 2 vir die res van sy aardse bestaan word sy lewe nie meer beheers deur menslike begeertes nie, maar deur die wil van God. | **Relevansie:** In die lig van die liggaamlike lyding (πα-θόντος σαρκὶ) (kruisdood) van Christus word die lesers opgeroep om hulle met die-selfde gedagte te wapen, naamlik dat hy ook liggaamlik moet ly (παθὼν σαρκὶ) (saamgekruisig word). Die lyding hier is nie die lyding wat die gelowige ondergaan tydens die aanslag teen Christene in die wêreld nie. Die werkwoord παθὼν (πάσχω) is 'n aoristus deelwoord en πέπαυται (παύω) is in die perfektum wat wys na iets wat gebeur het op 'n definitiewe tyd in die verlede. Dit kan dus nie gemaklik na daaglikse lyding verwys nie. Lyding kan 'n gelowige se karakter ontwikkel (en kan ook skade doen) maar dit neem nie die sonde weg nie (Kelly 1977:167). Dit verwys na die gebeure waar die gelowige saam met Christus gekruisig is (Stibbs en Walls 1983:146). Aan die kruis handel die Here af met die gelowige se ou mens en hy/sy kan nie langer 'n slaaf van die sonde wees nie maar word nou deur die wil van God beheer (die nuwe lewe met Christus). Ons sien hier dus dieselfde ge-dagte as in Romeine 6:1-14. |
| | 1 Joh 5:18 Ons weet dat iemand wat uit God gebore is, nie meer sondig nie, maar die Seun van God bewaar hom, en die duiwel kry geen houvas op hom nie. 19 Ons weet dat ons aan God behoort en dat die hele sondige wêreld in die mag van die duiwel is. | **Relevansie:** Die gelowige wat uit God gebore is (γε-γεννημένος perfektum passief), sondig nie (dieselfde gedagte is teenwoordig in 1 Joh 3:9a). In die gedeelte word die sterwe saam met Christus veronderstel; uit die dood word die gelowige deur God lewend gemaak en hy sondig nie meer nie. Hier is 'n nuwe faset, naamlik dat die duiwel geen houvas kry nie omdat God die gelowige bewaar. Daar is dus 'n |

| | | |
|---|---|---|
| | | vyand wat op die nuwe lewe 'n houvas probeer kry. God is egter in beheer en die duiwel kan die gelowige nie aanraak nie (Brown 1983:622). |
| "Saam met Christus gekruisig" | Kol 2:11 Deur julle verbondenheid met Hom is julle ook besny, nie met die besnydenis wat deur mense verrig word nie, maar met die besnydenis deur Christus, en dit bestaan in die wegneem van die sondige natuur van die mens. [12] Dit het by die doop gebeur deurdat julle toe saam met Hom begrawe is. Deur julle verbondenheid met Hom is julle ook saam met Hom opgewek, omdat julle geglo het in die krag van God wat Hom uit die dood opgewek het. [13] Julle was dood deurdat julle gesondig het en deurdat julle sondige natuur nog nie weggeneem was nie. God het julle egter saam met Christus lewend gemaak deurdat Hy ons al ons sondes vergewe het. [14] Hy het die skuldbewys met sy eise teen ons tot niet gemaak. Deur dit aan die kruis te spyker, het Hy dit vir goed weggeneem. [15] Hy het elke mag en gesag ontwapen en hulle in die openbaar vertoon deur hulle as gevangenes in die triomftog van Christus mee te voer. [16] Daarom moet julle nie dat iemand vir julle voorskrywe wat julle moet eet en drink nie, of dat julle die jaarlikse feeste of die nuwemaansfees of die Sabbatdag moet vier nie. [17] Dit is alles maar net die skaduwee van wat sou kom; die werklikheid is Christus. [18] Moenie dat iemand wat behae skep in danige nederigheid en in die aanbidding van engele en wat voorgee dat hy allerhande visioene gesien het, julle daarmee mislei nie. So iemand verhef hom oor wat hy in eiewaan van homself dink, [19] en hy hou nie aan die hoof, aan Christus, vas nie. Uit Christus groei die hele liggaam, ondersteun deur die gewrigte en saamgebind deur die spiere, soos God dit laat groei. [20] Julle het saam met Christus gesterwe en is dus dood vir die wettiese godsdienstige reëls van hierdie wêreld. Waarom lewe julle dan nog asof julle aan hierdie wêreld behoort? Waarom gehoorsaam julle allerhande voorskrifte [21] soos: "Hieraan mag jy nie vat nie!" "Daaraan mag jy jou mond nie sit nie!" "Daaraan mag jy nie raak nie!"? [22] Dit gaan alles oor dinge wat bedoel is om gebruik te word en te vergaan, en dit is maar net gebooie en leerstellings van mense. [23] Hierdie leerstellings het wel 'n | **Relevansie:** Die sondige natuur word hier netso weggeneem soos in Romeine 6. Die beeld hier is die besnydenis van Christus wat die sondige natuur wegneem en die vergifnis bring, en dit vir die mense moontlik maak om eties op 'n nuwe manier te lewe (Schweizer 1982:143). Dit gebeur in die verbondenheid met Christus (saam met Hom gesterf). Die gelowige is ook saam begrawe in Christus se doop en saam opgewek, deur die geloof. Gelowiges word lewend omdat hulle sonde vergewe word. In dié gedeelte is dit die skuldbewys met sy eise teen gelowiges wat kruis toe gaan en vir goed weggeneem word (14). Die skuldbewys is verteenwoordigend van die gelowige. Die gedagte is dan ook hier teenwoordig dat gelowiges nie meer onder die wet staan nie. Hulle hoef nie en kan nie deur die werke van die wet gered word nie (16 - 18). Die "sterwe saam met Christus" is hier teenwoordig (20). Hier word nie pertinent na die kruis verwys nie maar dit word wel geïmpliseer. Om onder die wet te leef, het wel die skyn van godsdienstigheid, maar die sondige drifte is steeds daar omdat dit nie gekruisig is nie (23). |

| | | |
|---|---|---|
| | skyn van wysheid met hulle selfgemaakte godsdiens, danige nederigheid en streng beheersing van die liggaam, maar dit het geen waarde vir die beteueling van die sondige drifte nie. | |
| "Saam met Christus gekruisig" | Kol 3:1 Aangesien julle saam met Christus uit die dood opgewek is, moet julle strewe na die dinge daarbo waar Christus is, waar Hy aan die regterhand van God sit. 2 Rig julle gedagtes op die dinge wat daarbo is, nie op die dinge wat op die aarde is nie, 3 want julle het gesterwe, en julle lewe is saam met Christus verborge in God. 4 Wanneer Christus, wat julle lewe is, by sy wederkoms verskyn, sal julle ook saam met Hom verskyn en in sy heerlikheid deel. | **Relevansie:** Die gelowige het reeds saam met Christus die oorwinning behaal (συνηγέρθητε aoristus passief: die feitelikheid van die gebeure in die verlede word gekonstateer). Dus moet hulle die gedagtes rig daarbo en nie op die aarde nie. Die rede: hulle het gesterf, saam met Christus (ἀπε-θάνετε aoristus). Die lewe is nou Christus in hulle. Dit is dieselfde opdrag as in Romeine 6:11-14 en Galasiërs 2:19. Gelowiges het gesterwe saam met Christus en lewe saam met Hom; die aantreklikhede en die magte van die wêreld het nie meer 'n houvas op hulle nie. Daarom moet die gelowige strewe na die dinge daarbo en nie fokus op die dinge op die aarde nie. Hier is 'n nuwe faset by wat die eskatologiese na vore bring, dat gelowiges saam met Christus sal deel in sy volle heerlikheid. |
| "Saam met Christus gekruisig" | 2 Kor 4:7 Ons wat hierdie skat in ons het, is maar kleipotte wat maklik breek; die krag wat alles oortref, kom dus van God, nie van ons nie. 8 In alles word ons verdruk, maar ons is nie temeergedruk nie; ons is oor raad verleë, maar nie radeloos nie; 9 ons word vervolg, maar nie deur God verlaat nie, op die grond neergegooi, maar nie vernietig nie. 10 Die sterwe van Jesus dra ons altyd saam in ons liggaam, sodat ook die lewe van Jesus sigbaar kan word in ons liggaam. 11 Voortdurend word ons wat lewe, ter wille van Jesus uitgelewer aan die dood, sodat ook in ons sterflike bestaan die lewe van Jesus sigbaar kan word. 12 Dit beteken dat in ons die dood aan die werk is, maar in julle die lewe. 13 Daar staan in die Skrif: "Ek het geglo, daarom het ek gepraat." Ons het dieselfde Gees wat die geloof wek, en ons glo, daarom praat ons ook. 14 Ons weet immers dat God, wat die Here | **Relevansie:** Die feit dat God 'n gekraakte kruik kan gebruik, kan net verduidelik word vanuit die "dwaasheid" wat uit die kruis-gebeure blyk. Paulus se lewe en bediening illustreer die paradoks van die kruis en daarom is sy lewe en bediening deel van die boodskap wat hy verkondig (10-12). Terwille van Jesus word die risiko van die dood gedra (11) en is hy bereid om die Korintiërs te dien (4:5,12). Sy voorbeeld hierin is Jesus (Fil 2:6-8). Omdat hy identifiseer met Jesus, saamgekruisig is, is die opstandingskrag van God aan die werk in hom (2 Kor 4:11-12). Die nuwe faset wat hier na vore tree, is dat Paulus se lewe dit illustreer waarvan hy skryf in |

| | | |
|---|---|---|
| | Jesus uit die dood opgewek het, ons ook saam met Jesus sal opwek en ons saam met julle voor sy troon sal stel. 15 Ons doen dit alles om julle ontwil, sodat die genade van God steeds meer mense kan bereik. Dan word die dankgebede ook meer, en God ontvang die eer. 16 Om hierdie rede word ons nie moedeloos nie. Al is ons uiterlik besig om te vergaan, innerlik word ons van dag tot dag vernuwe. 17 Ons swaarkry in hierdie lewe is maar gering en gaan verby, maar dit loop vir ons uit op 'n heerlikheid wat alles verreweg oortref en wat ewig bly. 18 Ons oog is nie op die sigbare dinge gerig nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig. 5:1 Ons weet dat, wanneer ons aardse woning wat maar 'n tent is, afgebreek word, ons 'n vaste gebou in die hemel het. Dit is 'n woning wat nie deur mense gemaak is nie, maar deur God, en dit bly ewig staan. 2 Terwyl ons in die tentwoning leef, sug ons, want ons verlang daarna dat ons woning uit die hemel ons sal oordek. 3 Ons wil nie ontklee wees en naak voor God staan nie. 4 Ons wat nog in die tentwoning is, sug en voel bedruk omdat ons nie van die aardse liggaam afstand wil doen nie; ons wil die hemelse bo-oor die aardse aantrek, sodat wat sterflik is, verteer kan word deur die lewe. 5 Hy wat ons vir hierdie oorgang voorberei het, is God. As waarborg hiervan het Hy ons sy Gees gegee. 6 Daarom is ons altyd vol moed. Ons weet dat, solank as ons in die liggaam bly, ons nog nie by die Here woon nie, 7 want ons lewe deur geloof, nie deur sien nie. 8 Ons is vol moed en sou liewer ons verblyf in die liggaam wil verlaat en by die Here gaan woon. 9 Maar, of ons hier woon of daar woon, ons het net een wens, en dit is om te lewe soos Hy dit wil. 10 Ons moet immers almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang volgens wat hy tydens sy aardse lewe gedoen het, of dit nou goed was of kwaad. 11 Ons weet wat dit beteken om die Here te dien. Daarom probeer ons die mense oortuig. God ken ons bedoelings, en ek vertrou dat julle ook van ons bedoelings oortuig is. 12 Ons prys onsself nie opnuut by julle aan nie. Ons gee julle juis eerder aanleiding om trots te wees op ons, sodat julle 'n antwoord kan hê vir dié wat trots is op die uiterlike en nie op die innerlike nie. 13 As | Galasiërs 2:19-20 en Romeine 6:1-14. Hy plaas ook hier die klem op die Gees wat die geloof bewerk (4:13; 5:6-7). Die eskatologiese aspek kom ook na vore (14). Paulus is bereid om te volhard, want só word ander gered; sy oog is nie hier nie maar op die Here (15-17). Paulus dui aan dat Christus gesterf het en dat alle gelowiges daarom gesterf het (5:14). Hulle het gesterf vir die wêreld en sy dinge, en het vriende en kollegas afgelê. Dit is die doodsreuk wat dood bring vir die ongelowige maar lewe vir die gelowige (2:16). Dit is die paradoks: waar dood aan die werk is, kom lewe. Hier kom die korporatiewe gedagte op die voorgrond (5:14). Almal vir wie Hy gesterf het, het saam gesterf. Omdat die sonde nie mag het oor Christus nie, het dit ook nie meer mag oor die Christen nie. Wat geld vir die sonde, geld ook vir sy handlanger, die wet; wie saam met Christus gesterf het, het ook vir die wet gesterf (Pelser 1984:271). Die gedagte wat nuut is hier is die feit dat die dood saam gedra word sodat die lewe al meer sigbaar kan word. Die voortgaande oorlewering van die gelowige aan die dood is hier op die voorgrond (4:11). |

| | | |
|---|---|---|
| | ons in geestesvervoering was, was ons dit vir God; en as ons by ons verstand is, is ons dit vir julle. [14] Die liefde van Christus dring ons, omdat ons tot die insig gekom het dat een vir almal gesterwe het, en dit beteken dat almal gesterwe het. [15] En Hy het vir almal gesterwe, sodat dié wat lewe, nie meer vir hulleself moet lewe nie, maar vir Hom wat vir hulle gesterf het en uit die dood opgewek is. | |

| | | |
|---|---|---|
| "Saam met Christus gekruisig" | Ef 2:1 Julle was dood as gevolg van julle oortredings en sondes [2] wat voorheen julle lewenswyse gekenmerk het. Julle het gelewe soos hierdie sondige wêreld en julle laat lei deur die vors van die onsigbare magte, die gees wat daar nou aan die werk is in die mense wat aan God ongehoorsaam is. [3] So het ons trouens vroeër ook almal gelewe. Ons is deur ons sondige begeertes oorheers en het gedoen net waartoe ons luste ons gelei het en wat in ons gedagtes opgekom het. Vanweë ons sondige natuur sou ons net soos die ander mense deur God gestraf moes word. [4] Maar God is ryk in barmhartigheid en het ons innig lief. [5] Deur sy groot liefde het Hy ons wat dood was as gevolg van ons oortredings, saam met Christus lewend gemaak. Uit genade is julle gered! [6] Ja, in Christus Jesus het Hy ons saam met Hom opgewek uit die dood en ons saam met Hom 'n plek in die hemel gegee, [7] sodat God ook in die tye wat kom, sou laat sien hoe geweldig groot sy genade is deur die goedheid wat Hy in Christus Jesus aan ons bewys het. [8] Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God. [9] Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie. [10] Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het. [11] Hou dan in gedagte wat julle vroeër was. Van geboorte was julle heidene, en julle is "onbesnedenes" genoem deur dié wat hulleself "die besnedenes" noem, al is die besnydenis net mensewerk aan die liggaam. [12] In dié tyd was julle sonder Christus, uitgesluit uit die burgerskap van Israel, ver van God af sonder deel aan die verbonde en die beloftes wat daarmee saamhang, sonder hoop en sonder God in die wêreld. [13] Maar nou is julle een met Christus Jesus. Julle wat vroeër ver van God gelewe het, het nou naby gekom deur die bloed van Christus. [14] Christus is ons vrede, Hy wat dié twee, Jode en nie-Jode, een gemaak het. Deur sy liggaam te gee, het Hy die vyandskap afgebreek wat vroeër soos 'n muur | **Relevansie:** Die gelowige was dood in sy sonde (2:1-3). God bring die redding op grond van sy groot liefde en barmhartigheid (2:4-5). Die gelowige is saam Christus opgewek uit die dood (2:6). Die faset wat hier bykom is dat die gelowige reeds 'n plek in die hemel het (2:6). Die implikasie van hierdie stelling is dat die gelowige ook saam met Hom moes gesterf het.<br><br>Paulus dui aan dat die redding deur die geloof is (2:8). Die gelowige word nie deur die werke van die wet in die regte verhouding met God gestel nie, en daar is nie meer onderskeid tussen Jood en nie-Jood nie (2:14-19). Die eenheid met Jesus word telkens aangedui as die bron en die oorsaak van die nuwe lewe (2:13). Die bloed het versoening bewerk maar dui ook daarop dat die gelowige saam deur die bloedige, skandelike dood van Christus gegaan het (13).<br>Die gelowige het nou vrede met God en vrye toegang tot die Vader en is nie meer ver van God af nie, maar lede van die huisgesin van God (2:19). Die implikasie is dieselfde as in Romeine 6, naamlik dat die gelowige nou moet lewe as lede van die gesin van God. |

| | | |
|---|---|---|
| | skeiding gemaak het. [15] Die wet van Moses met al sy gebooie en bepalings het Hy opgehef, en deur vrede te maak, het Hy in Homself dié twee, Jode en nie-Jode, tot een nuwe mensheid verenig. [16] Deur sy dood aan die kruis het Hy 'n einde gemaak aan die vyandskap en dié twee met God versoen en tot een liggaam verenig. [17] Toe Hy gekom het, het Hy die goeie boodskap van vrede gebring: vrede vir julle wat ver van God was, vrede ook vir dié wat naby was. [18] Deur Hom het ons almal, Jode en nie-Jode, deur die een Gees vrye toegang tot die Vader. [19] Julle is dus nie meer ver van God af nie, nie bywoners nie, maar medeburgers van die gelowiges en lede van die huisgesin van God. | |
| "Saam met Christus gekruisig" | 2 Tim 2:8 Onthou altyd dat Jesus Christus, 'n nakomeling van Dawid, uit die dood opgewek is. Dit is die evangelie wat ek verkondig. [9] Vir hierdie evangelie ly ek verdrukking, selfs in boeie soos 'n misdadiger, maar die woord van God kan nie geboei word nie. [10] Daarom verdra ek alles ter wille van die uitverkorenes, sodat ook hulle die verlossing, wat daar in Christus Jesus is, en die ewige heerlikheid kan ontvang. [11] Dit is 'n betroubare woord: As ons saam met Hom gesterf het, sal ons ook saam met Hom lewe; [12] as ons in die geloof volhard, sal ons saam met Hom regeer; | **Relevansie:** Paulus praat hier van die lyding ter wille van Christus, wat ook aan die orde is in 2 Korintiërs 4:11 ev. Die klem val weereens sterk op die feit dat as gelowiges saam met Hom gesterf het, hulle saam met Hom lewe (11). Indien die gelowige hierin volhard, sal hy ook saam met Christus regeer en ander na Jesus toe trek (12). Dit is deur die geloof dat gelowiges deel daaraan kry (12). Te midde van swaar vervolging kan die gelowige hom troos met die gedagte dat hy saam met Christus gesterf het (9). Die beginsel is dus ook hier teenwoordig dat die sterwe met Christus ook 'n voortgaande faset van die gelowige se lyding inhou (Groenewald 1977b:114). Die lyding is egter onder die wakende oog van die Here Jesus (2 Tim 1:12) en die lyding kan nie die Woord bind nie. Die lyding word gedra terwille van die uitverkorenes. Die gedagte is ook nuut dat dit ter wille van ander se redding is dat gely word. Dit is 'n betroubare woord: as ons saam gesterf het, sal ons ook saam lewe. |
| "Saam met Christus gekruisig" | Rom 8:1 Daar is dus nou geen veroordeling vir dié wat in Christus Jesus is nie. [2] Die wet van die Gees wat aan jou in Christus Jesus die lewe gee, het jou vrygemaak van die wet van sonde en dood. [3] Wat die wet nie by magte was om te doen nie, omdat dit weens ons sondige natuur te swak was, dit het God gedoen. Hy het | **Relevansie:** Die wet was nie in staat om met die sonde af te reken nie (3), nou het Jesus daarmee afgereken (3). Die gelowige kan nou oorwin deur die Gees (4,13). Jesus is in ons en daarom gee die Gees ons lewe (11). Die gelowige staan onder die |

met die sonde afgereken deur sy eie Seun in dieselfde gestalte as die sondige mens te stuur; so het Hy die sonde in die sondige bestaan van die mens veroordeel. 4 Nou kan ons aan die eise van die wet voldoen, óns wat ons lewe nie deur ons sondige natuur laat beheers nie, maar deur die Gees. 5 Dié wat hulle deur hulle sondige natuur laat beheers, hou hulle besig met die dinge van die sondige natuur, maar dié wat hulle deur die Gees laat beheers, hou hulle besig met die dinge van die Gees. 6 Die dinge waarmee die sondige natuur van die mens hom besig hou, loop uit op die dood, maar die dinge waarmee die Gees Hom besig hou, bring lewe en vrede. 7 Die dinge waarmee die sondige natuur van die mens hom besig hou, is immers vyandskap teen God. Die sondige natuur onderwerp hom nie aan die wet van God nie, dit kan trouens ook nie. 8 Dié wat hulle deur hulle sondige natuur laat beheers, kan nie die wil van God doen nie. 9 Julle word egter nie deur julle sondige natuur beheers nie, maar deur die Gees, want die Gees van God woon in julle. As iemand die Gees van Christus nie het nie, behoort hy nie aan Christus nie. 10 Omdat Christus in julle is, gee die Gees aan julle die lewe op grond van God se vryspraak, hoewel die liggaam vir die dood bestem is as gevolg van die sonde. 11 Omdat die Gees van Hom deur wie Jesus uit die dood opgewek is, in julle woon, sal Hy deur wie Christus uit die dood opgewek is, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon. 12 Daarom dan, broers, staan ons onder 'n verpligting, maar nie teenoor ons sondige natuur om daarvolgens te lewe nie. 13 As julle, julle lewe deur die sondige natuur laat beheers, gaan julle die dood tegemoet, maar as julle deur die Gees 'n einde maak aan julle sondige praktyke, sal julle lewe. 14 Almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, is kinders van God. 15 Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie en laat julle nie weer in vrees lewe nie; nee, julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: "Abba!" Dit beteken Vader. 16 Hierdie Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is. 17 En omdat ons kinders is, is ons ook erfgename. Ons is erfgename van God, erfgename saam

verpligting om nie homself tot beskikking van die sonde te stel nie (12). Indien die gelowige nie gesterf het aan die kruis nie, word hy nog beheer deur die sondige natuur, en kan hy nie die wil van God doen nie (8). Die gelowige word egter nie meer deur die sondige natuur beheer nie want hy het gesterf aan die kruis en die Gees woon in hom (9). Juis daarom lê die verpligting op die gelowige om só te lewe (13). Die gelowige moet dus die sondige natuur doodmaak, deur die Gees en hy doen dit deur die eenheid met Christus in sy sterwe. Die dood wat ons hier sterf, is niks teen wat ons sal ontvang nie. As die gelowige deel het aan sy lyding, sal hy ook deel aan sy lewe (17). Die lyding is niks in vergelyking met die heerlikheid wat wag nie (18).

**Plek in openbarings-geskiedenis:** In al die bogenoemde tekste is dit duidelik uit die wyse waarop die waarhede en opdragte verwoord is, dat Christus in die sentrum staan. Hierdie Skrifdele is almal dus deel van God se finale openbaring.

| | | |
|---|---|---|
| | met Christus. Aangesien ons deel het aan sy lyding, sal ons ook deel hê aan sy heerlikheid. [18] Ek is daarvan oortuig dat die lyding wat ons nou moet verduur, nie opweeg teen die heerlikheid wat God vir ons in die toekoms sal laat aanbreek nie. | |

## 5.4 Gevolgtrekking: Die openbaringshistoriese betekenis van Galasiërs 2:19 en Romeine 6:6

Die verskillende Skrifdele laat blyk dat die inisiatief vir redding in die liefde en genade van God lê. Die getuienis is ook eenstemmig dat dit wat aan die kruis gebeur het, finaal en voldoende is. Christus sterf nie net om die gelowige se versoening met God te bewerkstellig nie. Die mens self, die ou mens met die hartstogte en begeertes van die sondige natuur is saam met Christus gekruisig. Die gelowige is dood vir die sonde en die wêreld. Die gelowige het ook saam met Christus uit die dood tot 'n nuwe lewe opgestaan, met die lewe van Christus in hom. Daar word ook melding gemaak van 'n vyand, die duiwel, wat 'n houvas op die nuwe lewe wil kry. Daarom is daar ook in die bogenoemde Skrifdele van 'n voortdurende sterwe sprake, waar die gelowige ly om só die volharding te kweek en Christus sigbaar te maak. In hierdie sin is hulle die erdekruike wat die skat bevat.

**Galasiërs 2:19:** Die besondere hier is dat Paulus begin om te verwys na die geïntegreerde Christen lewe (Fitzmyer 1993:431). Dit is 'n realiteit dat die gelowige in Christus is omdat hy saam met Christus gesterf het. Die gelowige lewe nou die lewe hier op aarde in Christus deur die geloof. Die lewe wat nog hier gelewe word, is Christus se lewe in die gelowige.

**Romeine 6:6:** Die besondere hier is dat Paulus die indikatief (die gelowige is in Christus) kontrasteer met die imperatief (gelowiges moet die Christene wórd wat hulle in staat gestel is om te wees) (Fitzmyer 1993:431). Hulle het gesterf vir die sonde; daarom moet hulle nie hulle lede tot beskikking van die sonde stel nie maar tot beskikking van God om sý wil te doen. Gelowiges is opgewek, en daarom moet hulle nou die nuwe lewe met Christus leef. Die lewe moet doelbewus in die geloof gelewe word.

Die metafoor "saam met Christus gekruisig" bevat dus die hart van die evangelie.

## 5.5 "Saam met Christus gekruisig" in die Gereformeerde Belydenisskrifte

### 5.5.1 "Saam met Christus gekruisig" in die Heidelbergse Kategismus

| | **Die Heidelbergse Kategismus.** | |
|---|---|---|
| | **Sondag 16**<br>*42 Vraag* As Christus dan vir ons gesterf het, waarom moet ons ook nog sterwe?<br>*Antw* Ons dood is nie 'n betaling vir ons sondes nie (a), maar slegs 'n afsterwe van die sondes en 'n deurgang tot die ewige lewe (b). (a) Mark 8:37; Ps 49:8. (b) Fil 1:23; Joh 5:24; Rom 7:24. | **Relevansie:** Vraag 42 handel oor die fisiese dood, wat gesien word as die finale skeiding met die sonde en die deurgang na die ewige lewe. |
| | *43 Vraag* Watter nut verkry ons nog verder uit die offer en dood van Christus aan die kruis?<br>*Antw* Deur sy krag word ons ou mens saam met Hom gekruisig, gedood en begrawe (a). Gevolglik kan ons sondige begeertes nie meer oor ons heers nie, (b) maar kan ons onsself as 'n dankoffer aan Hom toewy (c). (a) Rom 6:6. (b) Rom 6:6,12. (c) Rom 12:1. | Vraag 43 gaan verder deur die implikasie vir hierdie lewe uit te spel; die gelowige is saam met Hom gekruisig en begrawe sodat die sondige begeertes nie meer oor hom kan heers nie. Die gelowige kan homself nou aan God toewy as 'n dankoffer. Hier blyk dieselfde gedagtes as wat in Romeine 6 en Galasiërs 2 duidelik was. |
| | *44 Vraag* Waarom volg daar: *wat ter helle neergedaal het?*<br>*Antw* Sodat ek in my swaarste aanvegtinge verseker kan wees en myself volkome kan vertroos dat my Here Jesus Christus my van die hel se benoudheid en pyn verlos het (a). Hierdie verlossing het Hy bewerk deur sy onuitspreeklike angs, smarte en verskrikking (b) wat Hy ook aan sy siel deur sy hele lewe, maar veral aan die kruis gely het.<br>(a) Jes 53:5. (b) Ps 18:5,6; 116:3; Mat 26:38; 27:46; Heb 5:7. | Vraag 44 laat die klem val op Jesus se verskriklike dood aan die kruis waardeur die gelowige verlos is van die ewige verdoemenis. |
| | ***Sondag 17***<br>*45 Vraag* Watter nut het die *opstanding* van Christus vir ons?<br>*Antw* Eerstens het Hy deur sy opstanding die dood oorwin sodat Hy ons die geregtigheid wat Hy deur sy dood verwerf het, deelagtig kon maak (a). Tweedens word ons nou ook deur sy krag tot 'n nuwe lewe opgewek (b). Derdens is die opstanding van Christus vir ons 'n betroubare waarborg van ons salige opstanding (c).<br>(a) Rom 4:25; 1 Pet 1:3; 1 Kor 15:16. (b) Rom 6:4; Kol 3:1,5; Ef 2:5,6. (c) 1 Kor 15:20,21. | In vraag 45 word die waarheid van die opstanding behandel, wat klop met die Skrifdele wat ondersoek is. Die opstanding volg op die dood aan die kruis. Die gelowige word deur Christus se krag opgewek tot 'n nuwe lewe. |
| | ***Sondag 23.***<br>*59 Vraag* Maar wat baat dit jou nou dat jy | Vraag 59 vra die vraag na |

| | | |
|---|---|---|
| | dit alles glo?<br>*Antw* Dat ek in Christus voor God geregverdig en 'n erfgenaam van die ewige lewe is (a).<br>(a) Hab 2:4; Rom 1:17; Joh 3:36. | die wins van die geloof en dan antwoord hy dat die gelowige geregverdig is in Christus deur die geloof en daarom die ewige lewe het. |
| | *60 Vraag* Hoe is jy regverdig voor God?<br>*Antw* Slegs deur 'n ware geloof in Jesus Christus (a); so dat al kla my gewete my aan dat ek teen al die gebooie van God swaar gesondig het en nie een daarvan gehou het nie (b) en dat ek nog gedurigdeur tot alle kwaad geneig is (c), God nogtans (d) aan my sonder enige verdienste van my kant (e), uit louter genade (f) die volkome genoegdoening (g), geregtigheid en heiligheid van Christus skenk (h). Dit reken Hy my toe asof ek nooit sonde gehad of gedoen het nie, asof ek self al die gehoorsaamheid volbring het wat Christus vir my volbring het (i). Aan hierdie weldaad het ek deel vir sover ek dit met 'n gelowige hart (j) aanneem.<br><br>(a) Rom 3:21,22,24; 5:1,2; Gal 2:16; Ef 2:8,9; Fil 3:9. (b) Rom 3:9. (c) Rom 7:23. (d) Rom 4:4; 2 Kor 5:19. (e) Tit 3:5; Deut 9:6; Eseg 36:22. (f) Rom 3:24; Ef 2:8. (g) 1 Joh 2:2. (h) 1 Joh 2:1. (i) 2 Kor 5:21. (j) Rom 3:22; Joh 3:18. | Vraag 60 dui aan dat dit slegs deur die geloof is dat die gelowige deel kry aan die verdienste van Christus sonder enige verdienste van gelowige se kant. Christus het dit so volledig gedoen dat dit so goed is of die gelowige dit self gedoen het. Die sterwe met Christus bring dus 'n volledige skeiding met die ou lewe. |
| | 61 *Vraag* Waarom sê jy dat jy slegs deur die geloof regverdig is?<br>*Antw* Nie dat ek op grond van die waarde van my geloof vir God aanneemlik is nie, maar omdat slegs die genoegdoening, geregtigheid en heiligheid van Christus my geregtigheid voor God is (a). En dit kan ek nie anders as slegs deur die geloof aanneem en my eie maak nie (b).<br>(a) 1 Kor 1:30; 2:2. (b) 1 Joh 5:10. | Dit wat Christus gedoen het aan die kruis is die begin en die einde van die gelowige se redding en dit kan net deur middel van die geloof toegeëien word. |
| | ***Sondag 24***<br>*62 Vraag* Maar waarom kan ons goeie werke nie die geregtigheid voor God of 'n deel daarvan wees nie?<br>*Antw* Omdat die geregtigheid wat voor die oordeel van God kan bestaan, heeltemal volmaak moet wees en in alle opsigte met die wet van God ooreen moet stem (a) en omdat ook ons beste werke in hierdie lewe almal onvolmaak en met sondes besmet is (b).<br>(a) Gal 3:10; Deut 27:26. (b) Jes 64:6. | Vraag 62 en 63 dui aan dat die gelowige nie goeie werke doen om iets te verdien nie maar tog word hy uit genade alleen beloon. |

| | | |
|---|---|---|
| | 63 *Vraag* Verdien ons goeie werke dan niks nie, terwyl God hulle tog in hierdie en in die toekomstige lewe wil beloon?<br>*Antw* Hierdie beloning word nie uit verdienste nie, maar uit genade gegee (a). (a) Luk 17:10.<br><br>*64 Vraag* Maar maak hierdie leer nie die mense onverskillig en roekeloos nie?<br>*Antw* Nee, want dit is onmoontlik dat 'n mens wat deur 'n ware geloof in Christus ingeplant is, nie vrugte van dankbaarheid sou voortbring nie (a). (a) Matt 7:18; Joh 15:5.<br><br>***Sondag 33***<br>*88 Vraag* Uit hoeveel dele bestaan die ware bekering van die mens?<br>*Antw* Uit twee dele: die afsterwing van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens (a).<br>(a) Rom 6:1,4-6; Ef 4:22-24; Kol 3:5,6,8-10; 1 Kor 5:7; 2 Kor 7: 10.<br><br>89 *Vraag* Wat is die afsterwing van die ou mens?<br>*Antw* Dit is 'n hartlike berou daaroor dat ons God deur ons sondes vertoorn het en daarom hoe langer hoe meer die sonde haat en daarvan wegvlug (a). (a) Rom 8:13; Joel 2:13; Hos 6:1.<br><br>90 *Vraag* Wat is die opstanding van die nuwe mens?<br>*Antw* Dit is 'n hartlike vreugde in God deur Christus (a) en 'n lus en liefde om volgens die wil van God in alle goeie werke te lewe (b).<br>(a) Rom 5:1; 14:17; Jes 57:15. (b) Rom 6:10,11; Gal 2:20. | Vraag 64 dui op wat Paulus in Romeine 6 antwoord dat die regverdiging deur geloof nie iemand tot onverskilligheid of roekeloosheid lei nie maar juis die gelowige dring om vrugte te dra omdat hy in Christus is, ingeplant deur die geloof. Hierdie is vrugte van dankbaarheid.<br>Vraag 88 dui aan dat die sterwe saam met Christus een deel van bekering is en dat die ander deel die opstanding tot 'n nuwe lewe is.<br><br>Die afsterwe van die ou mens word gesien as die berou oor die sonde en die wegvlug daarvan. Ek reken dat dit hier nie dieselfde gedagte as Romeine 6:6 en Galasiërs 2:19 hanteer word nie maar eerder die opdrag wat vloei uit gedeeltes soos Romeine 6:11ev, vir die gelowige aandui. Ook die opstanding dui hier op die reaksie van die mens op die genade van Christus. |

## 5.5.2 "Saam met Christus gekruisig" in die Dordtse Leerreëls

| | DIE DORTSE LEERREËLS | |
|---|---|---|
| | **Hoofstuk 2**<br>6. Baie wat deur die evangelie geroep is, bekeer hulle nie, glo nie in Christus nie, maar sterf in ongeloof. Dit gebeur, nie omdat die offer wat Christus aan die kruis volbring het, gebrekkig of onvoldoende is nie, maar deur hul eie skuld.<br><br>7. Almal wat egter waarlik glo en deur die dood van Christus van die sonde bevry en van die verderf gered word, ontvang hierdie | **Relevansie:** Hier word aangedui dat die kruis vir elkeen wat dit deur die geloof aanvaar, voldoende vir redding is. Dié wat glo, word deur die dood van Jesus aan die kruis van die sonde bevry. Dieselfde gedagte is hier teenwoordig: dat ons saam met Christus sterf en só bevry word van |

| | | |
|---|---|---|
| | weldaad slegs uit die genade van God. Hierdie genade is van ewigheid af in Christus aan hulle gegee, sonder dat Hy dit aan enigiemand verskuldig is. | die mag van die sonde. |
| | **Hoofstuk 3 en 4**<br>11. Verder: wanneer God sy welbehae in die uitverkorenes tot uitvoering bring en die ware bekering in hulle werk, dan laat Hy die evangelie nie net uiterlik aan hulle verkondig nie. Hy verlig ook nie net hulle verstand kragtig deur die Heilige Gees, sodat hulle die dinge van die Gees van God reg verstaan en onderskei nie.<br>Maar deur die kragtige werking van dieselfde Gees, wat die wedergeboorte skenk, dring Hy ook deur tot in die binneste dele van die mens, open Hy die geslote hart, versag Hy wat hard is en besny Hy wat onbesnede is. In die wil stort Hy nuwe eienskappe in en maak die wil, wat dood was, lewend; wat sleg was, goed; wat onwillig was, gewillig en wat ongehoorsaam was, gehoorsaam. Hy beweeg en versterk die wil sodat dit, soos 'n goeie boom, vrugte van goeie werke kan dra. | Dieselfde gedagte is hier teenwoordig: die inisiatief vir die redding van die mens lê by God. Hy is die een wat gelowiges ingesluit het in die dood van sy Seun en Hy verlig gelowiges se verstand deur aan hulle die Heilige Gees te gee. Hy is die Een wat die wonder bewerk in die hart van die mens om te doen en te wil wat reg is. Dit gebeur deurdat ons aan die kruis saam met Christus gesterf het. |
| | 12. Dit is die wedergeboorte, die nuwe skepping, die opwekking uit die dood en die lewendmaking waarvan die Skrif so heerlik spreek wat God sonder ons in ons werk.<br>Dit alles word glad nie deur die uiterlike prediking alleen, deur morele oorreding of op enige ander wyse in ons gewerk nie, sodat, na die voltooiing van God se werk, dit dan in die mens se mag sou lê om weergebore te word of nie, om bekeer te word of nie. Dit is 'n volkome bonatuurlike, baie kragtige en tegelyk baie aangename, wonderlike, verborge en onbeskryflike daad van God. Volgens die getuienis van die Skrif wat deur Hom, die Outeur van hierdie werkinge, geïnspireer is, is dit in sy krag nie minder of geringer as die skepping of die opwekking van die dooies nie.<br><br>Die gevolg is dat almal in wie se harte God op hierdie wonderlike wyse werk, sekerlik, onfeilbaar en kragdadig weergebore word en daadwerklik glo. Dan word die wil, wat nou vernuwe is, nie alleen deur God gedryf en beweeg nie, maar omdat dit deur God beweeg word, werk dit ook self. Daarom word ook tereg gesê dat die mens, deur die | Hier verbind die Dordtse Leerreëls die hele proses van sterf en opstaan aan die weergeboorte: die sterf van die oue en die opstaan van die nuwe. Weereens lê die klem daarop dat die inisiatief lê in die werking van God. God se werking is egter sodanig dat die wil van die mens vernuwe word, sodat van hom gesê word dat hyself glo en hom bekeer. Die werk van die mens word dus beklemtoon, maar as 'n reaksie op dit wat God gedoen het. |

| | | |
|---|---|---|
| | genade wat by ontvang het, glo en hom bekeer. | |
| | 13. Die aard van hierdie werking kan die gelowiges in hierdie lewe nie volkome begryp nie. Intussen is dit vir hulle 'n gerusstelling dat hulle weet en oortuig is dat hulle deur hierdie genade van God van harte glo en hulle Verlosser liefhet. | Daar lê 'n geheimenis in die werking van God. Die gelowige kan in die oortuiging lewe dat God gewerk het en dat hy God lief het. |
| | 14. So is die geloof dan 'n gawe van God, nie omdat dit deur God aan die vrye wil van die mens aangebied word nie, maar omdat dit aan die mens inderdaad geskenk word en vir hom ingegee en ingestort word. Ook is dit nie so dat God net die vermoë om te glo gee nie en daarna van die vrye wil van die mens die instemming of die daadwerklike geloof verwag nie.<br>Sowel die wil om te glo as die geloof self word in die mens tot stand gebring. Immers, Hy wat in die mens werk om te wil sowel as om te werk, bewerk alles in almal. | Die geloof is 'n gawe van God, geskenk, ingestort en ingegee. Die geloof word hier gedefinieer as iets wat absoluut van God is en nie maar net 'n vermoë wat die mens ontvang het, wat die mens dans elf moet realiseer nie. |
| | 15. Hierdie genade is God aan niemand verskuldig nie. Wat sou God immers aan iemand skuld wat Hom vooraf niks kan gee nie en waarvoor by dan vergoed moet word? Inderdaad, wat sou God aan die mens verskuldig wees wat self niks anders as sonde en leuens het nie? Die mens wat hierdie genade ontvang, is aan God alleen ewige dankbaarheid verskuldig en by dank God ook daarvoor. Die mens wat hierdie genade nie ontvang nie, heg geen waarde aan hierdie geestelike dinge nie en skep net in sy eie dinge behae, of beroem hom, sonder om na te dink, tevergeefs op wat hy het, terwyl hy niks het nie. Verder moet oor hulle wat hulle geloof in die openbaar bely en hulle lewe verbeter, volgens die voorbeeld van die apostels, baie gunstig geoordeel en gepraat word, want die binneste van die hart is aan ons onbekend. | God gee die genade en dit is Hy wat die geloof bewerk; die gelowige kan nie maak asof dit uit homself is dat hy die stap in geloof geneem het nie en hyself is wat die saam-sterwe aan die kruis bewerk het nie. |
| | Vir die ander wat nog nie geroep is nie, moet ons tot God bid wat die dinge wat nie bestaan nie, roep asof hulle bestaan. Ons mag ons volstrek nie teenoor hulle in trotsheid verhef asof ons onsself in so 'n bevoorregte posisie geplaas het nie. | |
| | 16. Die mens het egter deur die sondeval nie opgehou om 'n mens, toegerus met verstand en wil, te wees nie. Die sonde, wat die hele menslike geslag deurdring het, het die natuur | Die genade van God werk egter nie met die mens soos 'n stok en 'n blok nie. Die genade dwing nie die mens |

| | | |
|---|---|---|
| | van die mens nie weggeneem nie, maar dit bederf en in geestelike sin gedood.<br>Daarom werk hierdie Goddelike genade van die wedergeboorte nie in die mense asof hulle stokke en blokke is nie; ook vernietig dit nie die *wil* en sy eienskappe *nie*, en *dwing dit* nie met geweld teen sy sin nie. Die genade maak die wil geestelik lewend, genees, verbeter en buig dit tegelykertyd lieflik en kragtig.<br>Terwyl sondige opstandigheid en verset vroeër volkome oorheers het, begin 'n gewillige en opregte gehoorsaamheid aan die Gees nou die oorhand kry. Hierin lê die ware en geestelike vernuwing en die vryheid van ons wil. Inderdaad, as die wonderlike Werkmeester van alle goeie dinge nie so met ons gehandel het nie, dan sou die mens glad geen hoop hê om deur sy vrye wil uit die sondeval op te staan nie. Deur sy vrye wil het hy homself, toe by nog gestaan het, in die verderf gestort. | teen sy wil nie maar maak die wil lewend en buig die wil lieflik en kragtig. Waar die sondige opstandigheid vroeër oorheers het, begin 'n gehoorsaamheid aan die Gees die oorhand kry. |
| | *Hoofstuk 5* **Die volharding van die Heiliges** | |
| | 1. Hulle wat God na sy voorneme tot die gemeenskap van sy Seun, ons Here Jesus Christus, roep en deur die Heilige Gees wederbaar, verlos Hy wel van die heerskappy en slawerny van die sonde. Tog verlos Hy hulle in hierdie lewe nie heeltemal van hulle sondige natuur en bestaan nie.<br><br>2. Hieruit ontstaan die daaglikse sondes van swakheid, en selfs die allerbeste werke van die heiliges is nog gebrekkig. Daarom moet hulle hulle voortdurend voor God verootmoedig, hulle toevlug tot die gekruisigde Christus neem, die sondige natuur hoe langer hoe meer doodmaak deur die Gees van die gebed en heilige geloofshandelinge, en vurig na die bereiking van die volmaaktheid verlang. So moet hulle volhard totdat hulle, losgemaak van hierdie sterflike liggaam, met die Lam van God in die hemel regeer. | Hier is dit weer duidelik dat die Dordtse leerreëls wys dat die Here die gelowige red van die heerskappy van die sonde. Tog is die sondige natuur nie volledig weggeneem nie en soos Romeine sê: die gelowige moet sy lede in diens van die Here stel en nie meer in diens van die sonde nie (Rom 6:13). Die gelowige moet bly reken op die wonder wat gebeur het in die kruisiging van Jesus, waar die gelowige saam met Christus gesterf het. Hier voeg die Leerreëls 'n nuwe faset by: dat die gelowige hierin moet volhard. Dit bly egter steeds 'n aksie wat rus in die Here se krag. |
| | 3. Vanweë hierdie oorblyfsels van die inwonende sonde, en ook vanweë die aanvalle van die wêreld en die Satan, kan die bekeerdes nie in die genade volhard as hulle aan hulle eie kragte oorgelaat was nie. Maar God is getrou. *Uit barmhartigheid bevestig* Hy hulle in die genade wat eenmaal aan hulle gegee is, terwyl Hy hulle ook tot die einde toe kragtig bewaar.<br><br>4. Die mag van God, waardeur Hy die ware | Die bewaring van God maak dit egter nie vir die gelowige moontlik om nie te *sondig nie. Hy kan nog* sondig as hy hom laat verlei deur die begeertes van die sondige natuur. Daar moet dus voortdurend gewaak en gebid word teen die sonde. |

| | | |
|---|---|---|
| | gelowiges in die genade bevestig en bewaar, is so groot dat hulle nie deur die sondige natuur oorwin kan word nie. Tog word die bekeerdes nie altyd so deur God gelei en beweeg dat hulle - deur hulle eie skuld - in sommige besondere gevalle nie van die leiding van die genade sou kon afwyk en deur die begeerlikhede van die sondige natuur verlei word en dit navolg nie.<br>Daarom moet hulle voortdurend waak en bid dat hulle nie in versoekings gelei word nie. As hulle dit nie doen nie, kan hulle deur hulle sondige natuur, die wêreld en Satan tot groot en gruwelike sondes verlei word. Soms word hulle ook inderdaad, onder die regverdige toelating van God, daartoe verlei. Die droewige val van Dawid, Petrus en ander heiliges, wat vir ons in die heilige Skrif beskryf is, bewys dit. | |

## 5.5.3 "Saam met Christus gekruisig" in die Nederlandse Geloofsbelydenis

| | **Die Nederlandse Geloofsbelydenis** | |
|---|---|---|
| | *Artikel 15* **Die erfsonde**<br>Ons glo dat die erfsonde deur die ongehoorsaamheid van Adam oor die hele menslike geslag uitgebrei het. Dit is 'n verdorwenheid van die hele natuur en 'n oorgeërfde gebrek waarmee selfs die klein kindertjies in die moederskoot besmet is. Dit is hierdie wortel wat in die mens allerhande sondes laat uitspruit. Dit is daarom so afskuwelik en gruwelik voor God dat dit rede genoeg is om die menslike geslag te verdoem. Dit word selfs nie deur die doop geheel en al tot niet gemaak of volkome uitgeroei nie, aangesien die sonde aanhoudend uit hierdie verdorwenheid opborrel soos water uit 'n giftige fontein.<br>Dit word die kinders van God ewenwel nie tot verdoemenis toegereken nie, maar deur sy genade en barmhartigheid vergewe.<br>God vergewe nie sodat die gelowiges in die sonde gerus sou slaap nie, maar wel sodat die besef van hierdie verdorwenheid hulle dikwels sou laat sug in die verlange om van hierdie liggaam van die dood verlos word.<br>Ons verwerp hiermee die dwaling van die Pelagiane wat sê dat hierdie sonde uit niks anders as uit navolging onstaan nie. | **Relevansie:** Die mens het die ou natuur wat moet sterf aan die kruis, van Adam geërf. Hier word bevestig dat die doop as ritueel nie die ou natuur geheel en al tot niet maak nie. Die feit dat die genade die gelowige nie roekeloos laat lewe nie, word hier bevestig. Die gelowige wil juis nie in die sonde slaap nie; hy sug en sien met verlange uit na die tyd wat hy van die liggaam van die dood verlos sal word. |
| | *Artikel 22* **Ons regverdiging deur die geloof**<br>Ons glo dat die Heilige Gees 'n opregte geloof in ons hart laat ontvlam om die ware kennis van hierdie groot geheimenis te verkry. Die geloof omhels Jesus Christus met | Die Gees word hier aangedui as die Een wat die geloof werk in die harte van die gelowige. Die begeerte |

| | | |
|---|---|---|
| | al sy verdienstes. Dit maak Hom ons eie en soek na NIKS anders as na Hom nie. Daar is *dus net twee moontlikhede: In Jesus Christus* is nie alles wat vir ons saligheid nodig is nie, of dit is alles wel in Hom, en dan het hy wat Jesus Christus deur die geloof besit, sy volle saligheid. Om nou te beweer dat Christus nie genoegsaam is nie, maar dat daar buite Hom nog iets meer nodig is, sou gruwelike godslastering wees, want dit sou beteken dat Christus slegs 'n halwe Verlosser is. Ons sê daarom tereg saam met Paulus dat ons deur die geloof alleen of deur die geloof sonder die werke geregverdig is (Rom 3:28). Om presies te wees: Ons bedoel nie dat die geloof self ons regverdig maak nie, want die geloof is slegs die middel waardeur ons Christus, ons Geregtigheid, omhels, maar wel dat Jesus Christus ons Geregtigheid is. Hy reken ons sy hele verdienste toe en ook al sy heilige werke wat Hy vir ons en in ons plek gedoen het, terwyl die geloof die middel is wat ons, in die gemeenskap aan al sy weldade, aan Hom verbind. En as die weldade ons eiendom geword het, is hulle meer as genoeg om vryspraak vir ons sondes te verkry. | van die gelowige is om niks anders as Jesus te wil hê *nie. Hier kom die faset* duidelik na vore dat geloof die middel is waardeur die gelowige dit wat Christus gedoen het, omhels. |
| | *Artikel 23* **Ons geregtigheid voor God**<br>Ons glo dat ons geluksaligheid geleë is in die vergewing van ons sondes om Jesus Christus ontwil en dat ons geregtigheid voor God daarin bestaan. Dit leer Dawid en Paulus ons deur te verklaar dat die mens se geluksaligheid daarin bestaan dat God hom die geregtigheid buite die wetsonderhouding om toereken (Ps 32:2; Rom 4:6). Dieselfde apostel sê dat ons verniet, dit wil sê uit genade, geregverdig is deur die verlossing wat in Jesus Christus is (Rom 3:24).<br>Ons hou daarom hierdie grondslag altyd vas: Ons gee aan God al die eer, verneder ons voor Hom, erken dat ons is wat ons is, en roem glad nie in onsself of in ons verdienste nie, maar maak staat en steun op die gehoorsaamheid van die gekruisigde Christus alleen. Hierdie gehoorsaamheid is ons eie as ons in Hom glo; dit is ook genoegsaam om al ons ongeregtighede te bedek en die gewete van vrees, verbystering en skrik te bevry en om ons vrymoedigheid te gee om na God te gaan, terwyl ons nie handel soos ons eerste vader, Adam, wat al bewende probeer het om homself met vyeblare te bedek nie. Waarlik, as ons voor God moes verskyn, terwyl ons, in watter geringe mate ook al, op onsself of op enige ander skepsel sou staatmaak, sou ons - helaas! - verteer moet word.<br>En daarom moet elkeen saam met Dawid | Die gelowige se geregtigheid is volledig die werk van God. Die redding is nie deur die onderhouding van die wet nie, soos Paulus aandui in Galasiërs 2. |

| | | |
|---|---|---|
| | sê: "Moet tog nie 'n regsaak teen my begin nie, want niemand wat leef, is voor U regverdig nie!"(Ps 143:2). | |
| | *Artikel 24 Ons* **heiligmaking en goeie werke**<br>Ons glo dat hierdie ware geloof in die mens voortgebring word deur die hoor van die Woord van God en deur die werking van die Heilige Gees; dat die geloof hom weergebore laat word en tot 'n nuwe mens maak, hom 'n nuwe lewe laat lei en hom van die verslawing aan die sonde bevry. Daarom is daar geen sprake van dat hierdie regverdigende geloof die mens vir 'n vroom en heilige lewe onverskillig sou maak nie. Dit is daarom ook onmoontlik dat hierdie heilige geloof niks in die mens tot stand sou bring nie; ons praat mos nie van 'n dooie geloof nie, maar van wat die Skrif noem "'n geloof wat deur die liefde tot dade oorgaan" (Gal 5:6), wat die mens beweeg om hom voortdurend te oefen in die werke wat God in sy Woord beveel het. Hierdie werke is, as hulle uit die goeie wortel van die geloof voortspruit, goed en vir God welgevallig omdat hulle almal deur sy genade geheilig is.<br>Tog geld hierdie werke nie vir ons regverdiging nie, want ons is geregverdig deur die geloof in Christus nog voordat ons goeie werke doen. Hulle sou anders mos nie goed kon wees nie, net so min as die vrug van 'n boom goed kan wees voordat die boom self goed is. | Hier het ons ŉ nuwe faset: dat die geloof gewerk word deur die Woord en die Gees. Dit werk die weer-geboorte wat die mens vry maak van die verslawing aan die sonde.<br><br>Die bekende refrein is weer hier: dat die genade nie die mens onverskillig maak teenoor ŉ heilige lewe nie (Rom 6); die geloof gaan altyd oor tot die dade. Die gelowige is juis altyd besig om homself te oefen in die werke wat God in sy Woord beveel.<br><br>Die werke moet voortspruit uit die geloof en word nie gedoen om die geregtigheid te verkry nie. |
| | Ons doen dus goeie werke, maar nie om iets te verdien nie - wat sou ons tog kon verdien? Veeleer is ons die goeie werke wat ons doen, aan God verskuldig, terwyl Hy aan ons niks verskuldig is nie, aangesien dit Hy is wat in ons werk. Hy maak ons gewillig en bekwaam om sy heilige plan uit te voer (Fil 2:13).<br>Laat ons daarom let op wat geskrywe staan: "As julle alles gedoen het wat aan julle opgedra is, sê dan net: 'Ons is maar slawe wat niks verdien nie. Ons het net gedoen wat ons verplig was om te doen'" (Luk 17:10).<br>Tog wil ons nie ontken dat God die goeie werke beloon nie, maar dit is deur sy genade dat Hy sy gawes bekroon. Verder, al doen ons ook goeie werke, maak ons dit glad nie die grond van ons saligheid nie want ons kan geen werk doen wat nie deur ons sondige natuur besmet en ook strafwaardig is nie. En al kon ons ook een goeie werk lewer, is die herinnering aan net een sonde vir God genoeg om dit te verwerp. Op hierdie manier sou ons altyd in twyfel verkeer, heen en weer geslinger sonder enige sekerheid; en ons | |

| | | |
|---|---|---|
| | arme gewete sou altyd gekwel word as dit nie op die verdienste van die lyding en sterwe van ons Verlosser kon steun nie. | |
| | *Artikel 34* **Die heilige doop**<br>Ons glo en bely dat Jesus Christus, wat die einde van die wet is (Rom 10:4), deur sy bloed te stort 'n einde gemaak het aan elke ander bloedvergieting wat 'n mens tot versoening of voldoening van die sondes sou kan of wil aanwend. Hy het die besnydenis, wat met bloed gepaard gegaan het, afgeskaf en in die plek daarvan die sakrament van die doop ingestel. Deur die doop word ons in die kerk van God opgeneem en van alle ongelowiges en vreemde godsdienste afgesonder om heeltemal sy eiendom te wees en sy merkteken en vaandel te dra.<br>Dit dien vir ons tot 'n getuienis dat Hy ewig ons God en genadige Vader sal wees.<br>Daarom het Hy beveel om almal wat sy eiendom is, net met gewone water in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees te doop (Matt 28:19). Hy toon ons daarmee dat, soos water die vuilheid van die liggaam afwas as dit oor ons gegiet word, en soos die water op die liggaam van die dopeling gesien word wanneer dit daarop gesprinkel word, so bewerkstellig die bloed van Christus deur die Heilige Gees dieselfde inwendig in die siel: dit besprinkel die siel en reinig dit van sy sondes en laat ons wat kinders van die toorn is, as kinders van God weergebore word.<br><br>Dit gebeur nie deur die uitwendige water nie, maar wel deur die besprinkeling met die kosbare bloed van die Seun van God, ons Rooi See waardeur ons moet trek om aan die slawerny van Farao, dit wil sê die duiwel, te ontkom, en om in die geestelike land Kanaän in te gaan. Die bedienaars gee ons van hulle kant dus net die sakrament en dit wat sigbaar is, maar ons Here gee wat deur die sakrament aangedui word, naamlik die onsigbare genadegawes: Hy was ons siel, suiwer en reinig dit van alle vuilheid en ongeregtigheid; Hy maak ons hart nuut en vul dit met alle vertroosting; Hy gee ons egte sekerheid van sy vaderlike goedheid; Hy beklee ons met die nuwe mens en Hy ontklee ons van die ou mens en al sy werke. | Die doop wys na die bloed van Christus wat ons reinig. Deur die sigbare sakrament van die water, wys God die onsigbare wat Hy in die hart van die gelowige doen. Die klem val hier weer op wat God doen, hoedat Hy gelowiges reinig deur hulle te beklee met die nuwe mens en van die ou mens te ontklee en dus ook van die ou werke. Dieselfde gedagte is dus teenwoordig: om saam met Christus te sterf en saam met Hom op te staan. |

### 5.5.4 Gevolgtrekking uit die belydenisskrifte

Die drie gereformeerde belydenisskrifte laat die klem sterk val op die inisiatief van God in die redding van die mens. Die gelowige kan nie vir die redding werk of betaal nie; hy

kan dit slegs in die geloof aanvaar. Die sterf saam met Christus en die opstaan saam met Christus word aangedui as die weergeboorte (Dordtse Leerreëls Art 24) en as bekering (Heidelbergse Kategismus Antw 88). Die verdere klem wat hier geplaas word, is dat die sterwe die berou oor sonde insluit.

Die verantwoordelikheid van die mens word egter nie ontken nie. Die mens word nie deur God soos 'n stok en 'n blok hanteer nie maar sy wil word omgebuig om te wil en te doen wat God wil. Daar word duidelik aangedui dat die genade die gelowige nie roekeloos maak nie maar hom juis oproep en aanmoedig tot die dra van vrugte wat pas by die nuwe lewe. Daar word ook die belangrike klem gelê dat die gelowige in die geloof moet volhard.

Ek reken dat die boodskap van die Skrifdele wat onder bespreking is, effektief vervat is in die boodskap van die belydenisskrifte.

**5.6 GEVOLGTREKKING**

Paulus praat van die kruisdood en die opstanding van Jesus as twee onderskeie historiese gebeure wat nie versmelt of geskei kan word nie (Beker 1980:196). Dit bring die einde aan die ou werklikheid en lui 'n nuwe werklikheid in. Dié gebeure het die totale werklikheid vir die gelowige verander. Die dood en opstanding is gebeure wat mekaar opvolg (Rom 6:9-10; 2 Kor 13:4; Rom 6:8; Rom 5:9); ná die kruis (die dood) volg die opstanding en na die oordeel aan die kruis volg die nuwe lewe. Die kruisgebeure het die mag van die sonde gebreek en het nie bloot slegs vergifnis van die straf van die sonde gebring nie.

Die kruis is die grond vir die gebeure van die genade van God. Hierdeur ontvang die gelowige die genade van God in Christus; dit skeur hom weg van die ou wêreld (Gal 6:14), van die wet (Gal 2:19) en van die ou lewe (Rom 6:6; Gal 5:24) om só vir die gelowige die nuwe lewe te gee deur die opstanding van Jesus. Die nuwe lewe maak dat gelowiges dwase in die oë van die wêreld is, want die maatstaf van die wêreld word omgekeer (1 Kor 3:18; 4:10). Die gelowige is inderdaad dood vir die sonde (Rom 6:11) want hy is saam met Christus gekruisig (Rom 6:6 en Gal 2:19).

Die kruis wat gereserveer was vir die slawe en die skuim van die aarde, word die hoogtepunt van die genadewerk van Jesus. Paulus gee nie aan die kruis 'n simboliese of allegoriese betekenis nie, soos soms in die kerk gebeur. Die kruisiging roep juis die beeld na vore van wreedheid, naakte vernedering, spot en verwerping. Dit is alleen die genade van God wat deur alles kan breek en maak dat die gelowige die kruis sien as die redding van die mens (1 Kor 1:18) en dat hy gewilliglik saam met Christus sterf deur Hom as Verlosser te bely (wat gewoonlik met die doop saamgeval het).

Die kruis was eens en vir altyd, maar die smaad van die kruis is nie eens en vir altyd verby nie. Die kruis bly 'n skande in die oë van die wêreld en hierdie waarheid kry oor en oor gestalte in lyding, in die lewe van Christene onder die kruis; hulle dra die dood in hulle (2 Kor 4:10). Tog bly die kruis vir die gelowige die objek van hul geloofsverbintenis. Die kruis bly die gelowige herinner aan die nog verborge oorwinning van Christus, maar herinner ook aan die komende finale oorwinning van God in al sy heerlikheid (Bornkamm 1975:197).

Sonde bly vir Paulus die onmoontlike moontlikheid (Gal 5:24); die gelowige wat in sonde lewe, verydel sy nuwe status as gelowige (1 Kor 3:3) (Beker 1980:218). Dit sluit egter nie uit dat die gelowige moet περισσεύειν ("streef om uit te munt") (Rom 15:13; 1 Kor 14:12); διώκετε ("ywer aan die dag lê") (1 Kor 14:1; 14:12); ζηλοῦτε ("soek en begeer") (1 Kor 12:31); παραστήσατε (tot beskikking stel) (Rom 6:13) nie.

Paulus gee die fondasie van die nuwe lewe in Christus. Hy spel nie al die etiese implikasies uit nie maar laat die gelowige leer om hom te laat lei deur die Gees (Gal 5:14). Gelowiges het die vryheid in Christus (Gal 5:1) en hulle lewe sal dit wys. Dit is dus nie 'n stel reëls wat maar weer soos 'n slaaf gevolg moet word nie maar 'n verhouding met die Heilige Gees.

# HOOFSTUK 6

## DIE ETIESE IMPLIKASIE VAN "SAAM MET CHRISTUS GEKRUISIG"-WEES

### 6.1 INLEIDING

Met die doel van die studie in gedagte, word die etiese implikasie van die saamgekruisig-metafoor bestudeer binne die konteks van die Briewe van Paulus. Die ondersoek word gedoen volgens die metode wat voorgestel word deur Van der Watt (2006:2).

Hieronder word die metodologiese oorwegings eers aan die orde gestel en dan onderskeidelik gekyk na die implikasies van die etiek in die twee betrokke Skrifdele (Gal 2:15-21 en Rom 6:1-14).

### 6.2 METODOLOGIESE OORWEGINGS

Die woord ἔθος of ἦθος (ethos) word beskryf as 'n *gebruik* wat voorgeskryf word deur 'n gewoonte of 'n wet (Thomas 1998). Die woord word egter nie self deur Paulus vir hierdie betekenis gebruik nie.[94] Die Nuwe Testament self gebruik ook nie die woord vir 'n bepaalde stel morele beginsels nie (Furnish 1978:208). Paulus se etiek, om só daarna te verwys, word afgelei uit die leefstylopvoeding wat Paulus aan die lesers gee oor wat dit beteken om in Christus te wees en aan Hom te behoort.[95] Dit is geensins los te maak van die sentrale temas waaroor hy skryf nie.

Die woord etiek is egter vandag 'n algemene woord wat baie gebruik word vir verskillende betekenisse. Dit is daarom nodig om die terme wat gebruik gaan word duidelik te definieer. Die etiese implikasie waarna gekyk word, is nie in die eerste plek die implikasie vir die huidige situasie nie maar die implikasie vir die gemeenskappe waarvoor Paulus die briewe geskryf het. Die doel is om te verstaan watter etiese implikasie die metafoor "saamgekruisig", in Romeine en Galasiërs het. Om hierdie doel te bereik, word verwys na die identiteit, etiek en etos van die eerste lesers/hoorders van die betrokke brief (Van der Watt 2006:1).

Ek benader die gedeeltes in Galasiërs en Romeine deur na hierdie drie analitiese kategorieë te verwys (Van der Watt 2006:2):

- *Identiteit* vra die vraag: "Wie is jy?" Die identiteit verwys na wie die persoon of gemeenskap dink hy/hulle is, waarom hy/hulle bestaan en die rede vir sy/hulle

---

94 Die woord kom slegs in 1 Korintiërs 15:33 voor, waar Paulus 'n bekende spreukwoord aanhaal.

95 Furnish (1978:210) dui aan dat Paulus nie 'n sistematiese beskrywing van etiek gee nie maar dat daar tog etiese riglyne vloei uit sy praktiese raad en vermanings aan die lesers.

bestaan. 'n Persoon se identiteit het 'n direkte invloed op en bepaal die etiek en die etos.

- *Etiek* vra die vraag: "volgens watter reëls handel jy of jou groep, en hoekom? Dit gaan hier oor die behorenseis. Dit is die "reëls/ beginsels/ basiese vermanings/ etiese riglyne" wat in 'n bepaalde boek aan die orde kom, soos byvoorbeeld "julle moet mekaar liefhê," en dit is gebaseer op en verbind met die identiteit van 'n persoon.
- *Etos* vra die vraag: "hoe tree jy op" of: "wat doen jy?" Dit gaan dus hier oor gedrag. Dit fokus op die konkrete gedrag van 'n persoon/groep wat bogenoemde reëls (etiek) volg en só 'n bepaalde identiteit vertoon. Dit is nie net 'n unieke optrede van 'n persoon of groep nie maar 'n gedrag wat wyer voorkom in die boeke van die Nuwe Testament. Trouens, al is daar niks uniek aan sy optrede nie, is dit steeds deel van sy etos en verbind dit die persoon of groep aan 'n spesifieke identiteit en etiek.

Die onderskeie kategorieë is nie altyd waterdig te skei nie. In sommige boeke van die Nuwe Testament word die etos duidelik vermeld en in ander word dit nie genoem nie. Baie keer vertel die skrywer hoe hulle behoort op te tree. Dit beteken nie noodwendig dat hulle toe wel só opgetree het nie. Hierdie verskynsel geld veral van Romeine en Kolossense. Hierna word verwys as geprojekteerde (geïdealiseerde) etos, want dit reflekteer die gedrag wat die skrywer verwag. Daar is dus 'n onderskeid tussen geprojekteerde en werklike etos.

## 6.3 IDENTITEIT, ETIEK EN ETOS IN GALASIËRS 2:15-21

### 6.3.1 Inleiding

Die Christen se identiteit is die basis vir sy etiek (Van Rensburg 2006:474). Hierdie identiteit is gevestig in God en veral in die herstelde verhouding met God in Jesus Christus. Die verhouding waarin die gelowige met God staan, verander die gelowige se hele sosiale identiteit. Hierdie nuwe identiteit bepaal sy etiek en etos.

### 6.3.2 Identiteit

Die identiteit van die lesers en hulle omstandighede is reeds volledig bespreek onder in hoofstuk 3 (3.10). Die status van die gelowiges van Joodse afkoms (soos Paulus, Petrus en Barnabas) was anders as wat dit was toe hulle onder die wet gelewe het. Vroeër in hulle lewe het die wet 'n skeiding gevorm tussen hulle en die nie-Jode. Hulle het hulleself gesien as geregverdig in die verbond; die nie-Jode was buite die verbond, sondaars (Longenecker 2004:83). Noudat dié wat voor hulle bekering Jode was, die geloof in Christus aanvaar het, is die skeiding afgebreek en almal het vrye toegang na Christus. Die gemeente in Antiochië was 'n voorbeeld van 'n gemeenskap waar die gelowige Jood en die gelowige nie-Jood in gemeenskap en harmonie gelewe het totdat die afvaardiging van Jerusalem daar aangekom het (MacArthur 1987:53). Onder die druk van die Judaïseerders is die ou skeiding weer opgebou en Paulus wil keer dat dit ook in Galasië gebeur. Paulus wil sê die identiteit van gelowiges is dat hulle saam met Christus gekruisig is en daarom dood is vir die wet. Nou gaan dit net oor die lewe van Christus in hulle en kan hulle nie langer onder die wet staan nie. Indien daar steeds gesoek word na die regverdiging deur die wet te onderhou, sou dit beteken dat Christus verniet gesterf het. Dit is verkeerd om die vryspraak in Christus te ontvang en dan tog die

gelowiges weer onder die juk van die wet te wil plaas soos die Judaïsers wou doen (Hendriksen 1979:97).

**6.3.3 Etiek en Etos**

In 2:15 word gewys op die feit dat hulle wat staan op die onderhouding van die wet, van Joodse afkoms is.[96] Paulus wil hulle herinner dat dit nie moet gaan oor die geboorte (φύσει) nie maar die teologiese oortuiging wat hulle geleer het (εἰδότες Gal 2:16) (Betz 1979:116). Die etiek wat hieruit afgelei kan word, is dat hulle soos Jode behoort te lewe en te dink. Petrus, Barnabas en die ander het dit ook gedoen totdat die afvaardiging van Jerusalem daar in Antiochië opgedaag het. Die geprojekteerde etos is dat hulle moet bly by die verstaan wat daar aan hulle geopenbaar is.

In 2:16 word gewys op die manier waarop die gelowige deel kry aan 'n herstelde verhouding met God.[97] Dit gaan dus oor die vraag: Hoe kan 'n mens regverdig voor God wees? Voorheen sou Paulus gesê het dat dit "deur die werke van die wet" is maar nou nie meer nie. Nou is die enigste antwoord: "deur die geloof" (Bruce 2002:138). Die geleentheid om deur die geloof in Christus regverdig voor God te wees, stuit nie daarop of die persoon Jood of nie-Jood is nie. Die etiek wat hieruit afgelei kan word is dat hulle die vryspraak moet soek deur die geloof in Jesus alleen en nie in die werke van die wet nie. Die etos is dat hulle dit moet glo en aan Christus alleen vashou vir redding. Die geprojekteerde etos is dat hulle moet lewe vanuit Jesus se redding en dit nie verder moet soek deur eie werke van die wet en eie prestasies nie. Dit blyk dat die gelowiges juis mislei was om nie volgens die etos te lewe nie maar die lewe in Christus te soek op 'n verkeerde manier, naamlik deur eie werke. Die etiek is verkeerd as die wet weer voorgehou word as dié manier om in 'n herstelde verhouding met God te kom.[98] Die wet het homself juis uitgewerk uit die taak om vryspraak te verkry deur te wys na Christus. Die gelowige is dus vry van die jurisdiksie van die wet en die "ek" (Longenecker 2004:91).

In 2:19-20a word gewys hoe finaal verby die soeke na vryspraak deur die wet is.[99] Paulus dui aan dat hy vry is van die heerskappy van die wet en ingegaan het in 'n nuwe lewe. Met die sterwe aan die kruis het enige verpligting teenoor die wet opgehou.

[96] Gal 2:15 Ἡμεῖς φύσει Ἰουδαῖοι καὶ οὐκ ἐξ ἐθνῶν ἁμαρτωλοί· ("Ons is Jode van geboorte en nie sondaars uit die heidene nie").

[97] Gal 2:16 εἰδότες [δὲ] ὅτι οὐ δικαιοῦται ἄνθρωπος ἐξ ἔργων νόμου ἐὰν μὴ διὰ πίστεως Ἰησοῦ Χριστοῦ, καὶ ἡμεῖς εἰς Χριστὸν Ἰησοῦν ἐπιστεύσαμεν, ἵνα δικαιωθῶμεν ἐκ πίστεως Χριστοῦ καὶ οὐκ ἐξ ἔργων νόμου, ὅτι ἐξ ἔργων νόμου οὐ δικαιωθήσεται πᾶσα σάρξ. ("En tog weet ons dat 'n mens nie van sonde vrygespreek word deur die wet van Moses te onderhou nie, maar alleen deur in Jesus Christus te glo. Ook ons het tot die geloof in Christus Jesus gekom, en dit is hoe ons vrygespreek is: deur in Christus te glo en nie deur die wet te onderhou nie, want geen mens word vrygespreek op grond daarvan dat hy die wet onderhou nie.")

[98] Gal 2:18 εἰ γὰρ ἃ κατέλυσα ταῦτα πάλιν οἰκοδομῶ, παραβάτην ἐμαυτὸν συνιστάνω ("Maar as ek die bepalings van die wet wat ek nietig verklaar het, weer laat geld, dan maak ek myself daarmee tot 'n oortreder").

[99] Gal 2:19 ἐγὼ γὰρ διὰ νόμου νόμῳ ἀπέθανον, ἵνα θεῷ ζήσω. Χριστῷ συνεσταύρωμαι· ζῶ δὲ οὐκέτι ἐγώ, ζῇ δὲ ἐν ἐμοὶ Χριστός· ("Maar wat my betref, deur die wet is ek vir die wet dood sodat ek vir God kan lewe: ek is saam met Christus gekruisig, en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe").

Paulus verstaan dat die gelowige dood is vir die wet en vir die sonde (Rom 6:2), want om onder die wet te staan beteken om blootgestel te wees aan die mag van die sonde. Die mag van die sonde lê immers in die wet (1 Kor 15:56) (Bruce 2002:143). Die belofte word gegee vir dié wat in Christus is dat die sonde nie meer mag oor hulle het nie, omdat hulle nie meer onder die wet is nie maar onder die genade (Rom 6:14).

Die etiek wat hieruit afgelei kan word is dat die poging om deur die wet vryspraak te verkry, futiel is. Die mens het in homself geen geregtigheid nie; alles lê in Christus (Hendriksen 1979:105). Die enigste wyse waarop geregtigheid verkry kan word, is om dit deur die geloof in Jesus Christus te soek. Die etos is dat Paulus só lewe (hy is die prototipe, Betz [1979:121]): in sy vereenselwiging met Christus sterf hy aan homself en sy bekende omgewing, en aan sy sonde. Deurdat hy saam met Christus gekruisig is, lewe hy nou saam met Christus – dit is sy opstandingslewe (Gal 1:16; 4:6). Die nuwe lewe in Christus is niks minder as die opgestane Christus wat sy lewe in die gelowige lewe (Bruce 2002:144). Die opgestane Christus is die dryfkrag in die nuwe orde, soos die sonde die dryfkrag was in die ou orde (Rom 7:17,20; 2 Kor 13:5). Die nuwe lewe van Christus word deur die Gees gekommunikeer aan die gelowige (Rom 8:10a,11a).

In 2:20b word gewys hoe die lewe net deur die geloof geleef kan word.[100] Die etiek wat hieruit afgelei kan word, is dat die gelowige die nuwe lewe net binne die geloofs-eenheid met Christus kan lewe. Hy bereik dit deur die oorgee van die ou "ek", deurdat hy gekruisig is saam met Christus. Nou lewe hy met Christus, nie langer as die "ek" nie, maar op só 'n wyse dat Christus die nuwe "Ek" in hom is (Bruce 2002:146). Dit alles vanweë die offer wat Jesus uit liefde aan die kruis gebring het. Die etos is dat Paulus dit prakties léêf; in Galasiërs 2:21 beredeneer hy dit ook.[101] Wie agter Christus aankom en daarby ook die wet wil bly navolg, ontken die reddingsbetekenis van die dood van Jesus Christus en maak die genade van God tot niks. Daar is twee maniere om die genade te minag: eerstens deur die genade in Jesus te ontvang maar dan steeds onder die wet verder te wil bly lewe; of tweedens om die genade te ontvang en dan in die sonde voort te lewe (Bruce 2002:146). Paulus wil dit nie op een van dié twee maniere ongeldig maak nie (Rom 6:15).

**6.3.4 Gevolgtrekking**

Uit bogenoemde behandeling van Galasiërs 2:15-21 is dit duidelik dat die identiteit van die leser sowel die etiek as die etos bepaal. Uit die identiteit vloei die etiese beginsels waarvolgens die leser moet optree en op die etiek bou die etos van die lewe waarvolgens hulle moet lewe.

Die onderstaande tabel toon hierdie verhouding aan deur in die eerste kolom die identiteit te formuleer, in die tweede kolom die etiek wat spesifiek gebou is op die identiteit, en in die derde kolom die etos.

---

[100] Gal 2:20b ὃ δὲ νῦν ζῶ ἐν σαρκί, ἐν πίστει ζῶ τῇ τοῦ υἱοῦ τοῦ θεοῦ τοῦ ἀγαπήσαντός με καὶ παραδόντος ἑαυτὸν ὑπὲρ ἐμοῦ ("Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê").

[101] Gal 2:21 οὐκ ἀθετῶ τὴν χάριν τοῦ θεοῦ· εἰ γὰρ διὰ νόμου δικαιοσύνη, ἄρα Χριστὸς δωρεὰν ἀπέθανεν ("Ek verwerp nie die genade van God nie. As 'n mens vrygespreek kon word op grond daarvan dat hy die wet onderhou, sou dit immers beteken dat Christus verniet gesterwe het").

| IDENTITEIT | ETIEK | ETOS |
|---|---|---|
| 1 Die lesers is Jode van geboorte af (Gal 2:15). | Hulle behoort soos Jode te lewe en te dink. | • Geen spesifieke etos gegee nie. |
| 2. Die gelowige is in 'n regte verhouding met God (Gal 2:16). | Die regte verhouding met God moet net gesoek word deur die geloof in Jesus alleen en nie in die werke van die wet nie. | • Hulle moet glo en aan Christus alleen vashou vir redding. Hulle moet lewe vanuit Jesus se redding en geregtigheid nie verder soek deur onderhouding van die wet en deur eie prestasies nie. |
| 3. Die gelowige het saam met Christus gesterf aan die kruis en is vry van die heerskappy van die wet en die sonde; hy staan nou onder 'n nuwe Baas (Gal 2:19-20a). | Die gelowige moet vry wees van enige futiele eie pogings tot redding. Hy moet onder sy nuwe Baas staan. | • Paulus het hierdie lewe ontdek en hy kan nie anders as om só te lewe nie. Hy het gesterf vir sy eertydse bekende omgewing en vriende. |
| 4. Die gelowige is nuut en hy lewe die lewe deur die geloof (Gal 2:20b). | Die gelowige moet die nuwe lewe net binne die geloofseenheid met Christus lewe. Dit word 'n realiteit deur die oorgee van die ou "ek", (saam met Christus gekruisig). Nou moet hy lewe met Christus, op so 'n wyse dat Christus die nuwe "Ek" in hom is. | • Paulus het prakties so gelééf en daardeur ontken hy nie die reddingsbetekenis van die dood van Jesus Christus en maak die genade van God nie tot niet nie. |

Die etiese oproep om Christus na te volg is gevestig in die verlede, op dit wat gebeur het aan die kruis en met die opstanding van Christus. Dáár het God kragtig gewerk in genade wat die beslissende invloed op die hede uitoefen. Die mens is ingetrek in God se veroordeling van die ou mens: op 'n unieke manier, histories en konkreet, sterf hy saam met Christus (2 Kor 5:14). In hierdie era is die kragtige werking van God dus alreeds teenwoordig deur die geloofsverbintenis aan Christus; tog is die kragtige werking ook nog verborge. Dit sal eers in die toekoms 'n volle werklikheid wees. Die sterwe met Christus bring 'n totale breuk met die vorige lewe, nie net van die gelowige se tradisies, beroep en familie nie maar ook van sy/haar bekende manier van lewe. Die gelowige se identiteit het verander in Christus en daarom moet hy/sy optree volgens hierdie nuwe identiteit. Dit is waartoe Paulus die lesers van die brief oproep; hy wys die voorbeeld daarvan in sy lewe vir hulle.[102]

[102] Paulus gebruik nie die uitdrukking van die Sinoptiese Evangelies, nl. "om Christus te volg" nie; hy vervang dié frase met onder andere "sterwe met Christus" en "lewe met Christus" (Goppelt 1982:103).

## 6.4 IDENTITEIT, ETIEK EN ETOS IN ROMEINE 6:1-14

### 6.4.1 Identiteit

Die identiteit van die lesers/hoorders en hulle omstandighede is reeds volledig bespreek in hoofstuk 4 (4.10). Die lesers is nie persoonlik aan Paulus bekend nie. Hy skryf die brief om die evangelie wat hy verkondig, aan hulle uiteen te sit. Hy verduidelik van die vryspraak wat daar in Christus is (3:21-5:21). Hy voorsien dat daar beswaar kan ontstaan teen die feit dat die redding nie op die onderhouding van die wet gebou is nie maar alleen op Jesus Christus. Hierdie waarheid kan dalk verkeerd verstaan word, as sou dit die gelowige roekeloos kan maak om in sonde te volhard. Hy skryf daarom Romeine 6:1-14 om hierdie moontlike verkeerde verstaan te verhoed.

Hy dui duidelik aan wat die identiteit van die gelowige is: hy is dood vir die sonde en kan daarom nie meer daarin voortlewe nie. Paulus sien die Christen se dood met Christus as iets wat alreeds plaasgevind het. In hierdie gedeelte is die werkwoorde almal aoristus of perfektum indikatief: ἀπεθάνομεν (Ons het gesterf, 6:2,8); ἐβαπτίσθημεν (Ons was gedoop, 6:3); συνετάφημεν (ons was begrawe, 6:4); γεγόναμεν (ons is [begrawe], 6:5); συνεσταυρώθη (was gekruisig, 6:6). Dit impliseer dat die effek van die dood vir die sonde ook reeds plaasgevind het: δεδικαίωται (is bevry, 6:7); ἠγέρθη (het opgestaan, 6:4); ἐλευθερωθέντες (was vrygemaak, 6:18,22). Die genade het die gelowige vrygemaak en *hy staan nie verder onder die slawerny van die sonde nie (Morris* 1992:245). Daar is dus geen moontlikheid dat die gelowige nog in die sonde kan bly voortlewe nie. Die Christen hoef nie langer as slawe aan te tree om sonde te doen nie (6:7), want hy is dood vir die sonde.

Die identiteit van die gelowiges is dus dat hulle dood is vir die sonde (Rom 6:2), omdat hulle saam met Christus gekruisig is. Die vryheid van die sonde is nie net 'n moontlikheid nie maar 'n feit. Dit is egter duidelik dat die sondaar gesterf het en nie die sonde nie. Die sonde sal steeds soek om die mens te verslaaf, al is hy dood vir die sonde. Die *belangrike saak is dat die mag van die sonde (wat die wet is, 1 Kor 15:56)* onversoenbaar is met die mag van die genade. Die gevolg is dat die sonde nie verder heerskappy sal uitvoer oor die gelowige nie (ἁμαρτία γὰρ ὑμῶν οὐ κυριεύσει) want hy is nie meer onder die krag van die wet (ὑπὸ νόμον) nie maar onder die krag van die genade (ὑπὸ χάριν) (Rom 6:14). Die gebeure van die genade is die gebeure van Christus se dood en opstanding en die gelowige se deelname daarin (Furnish 1978:172). Dit bepaal en is die identiteit van die gelowige.

### 6.4.2 Etiek en Etos

In 6:1-10,14 word aangedui dat die gelowige wat in Christus is, nie in die sonde kan voortlewe nie omdat hy vir die sonde dood is en vir God lewe.[103] Die etiek wat hieruit

[103] Rom 6:1 Τί οὖν ἐροῦμεν; ἐπιμένωμεν τῇ ἁμαρτίᾳ, ἵνα ἡ χάρις πλεονάσῃ; ("Wat moet ons nou hiervan sê? Moet ons aanhou sonde doen sodat die genade kan toeneem?") [2] μὴ γένοιτο. οἵτινες ἀπεθάνομεν τῇ ἁμαρτίᾳ, πῶς ἔτι ζήσομεν ἐν αὐτῇ; ("Beslis nie. Hoe kan ons wat dood is vir die sonde, nog daarin voortlewe?") [3] ἢ ἀγνοεῖτε ὅτι, ὅσοι ἐβαπτίσθημεν εἰς Χριστὸν Ἰησοῦν, εἰς τὸν θάνατον αὐτοῦ ἐβαπτίσθημεν; ("Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is

afgelei kan word, is dat die gelowige wat die vryspraak in Jesus deur die geloof ontvang het, nie meer onder die baasskap van die sonde staan nie en ook nie onder die tirannie van die wet nie. Die gelowige moet nou in hierdie lewe, ʼn nuwe lewe leef (περιπατέω, Rom 6:4).[104] Die onderhouding van die wet kan nie gesien word as ʼn manier om die vryspraak te ontvang nie; as jy onder die wet is, kan jy nie ook onder die genade wees nie (6:14). Die gelowige is vry. Die nuwe reël van genade eis die mens heeltemal op en aanvaar geen kompromie met die sonde nie (Morris 1992:259). Die gelowige moet op ʼn konkrete wyse God in die lewe van elke dag gehoorsaam (Schreiner 2005:322).

Die etos kan hier net aangedui word as geprojekteerde etos. Hoe hulle lewe behoort te wees, is wat Paulus aandui. Of hulle wel so gelewe het, is nie duidelik nie.[105] Die etos is:

- Die gelowiges moet altyd *onthou* dat hulle vir die sonde dood is en dat hulle vir God moet lewe (6:11). "Onthou" is die geloofsdaad van die mens (Lekkerkerker 1974:275), wat sy vastigheid vind in Christus (Ridderbos 1977:132). Die

nie?") [4] συνετάφημεν οὖν αὐτῷ διὰ τοῦ βαπτίσματος εἰς τὸν θάνατον, ἵνα ὥσπερ ἠγέρθη Χριστὸς ἐκ νεκρῶν διὰ τῆς δόξης τοῦ πατρός, οὕτως καὶ ἡμεῖς ἐν καινότητι ζωῆς περιπατήσωμεν ("Deur die doop is ons immers saam met Hom in sy dood begrawe, sodat, soos Christus deur die wonderbaarlike magsdaad van die Vader uit die dood opgewek is, ons ook so ʼn nuwe lewe kan lei"). [5] εἰ γὰρ σύμφυτοι γεγόναμεν τῷ ὁμοιώματι τοῦ θανάτου αὐτοῦ, ἀλλὰ καὶ τῆς ἀναστάσεως ἐσόμεθα· ("Aangesien ons met Hom een geword het in sy dood, sal ons sekerlik ook met Hom een wees in sy opstanding"). [6] τοῦτο γινώσκοντες ὅτι ὁ παλαιὸς ἡμῶν ἄνθρωπος συνεσταυρώθη, ἵνα καταργηθῇ τὸ σῶμα τῆς ἁμαρτίας, τοῦ μηκέτι δουλεύειν ἡμᾶς τῇ ἁμαρτίᾳ· ("Ons weet tog dat die sondige mens wat ons was, saam met Christus gekruisig is, sodat ons sondige bestaan beëindig kon word. Ons is dus nie langer slawe van die sonde nie"). [7] ὁ γὰρ ἀποθανὼν δεδικαίωται ἀπὸ τῆς ἁμαρτίας ("Iemand wat gesterf het, is immers vry van die mag van die sonde"). [8] εἰ δὲ ἀπεθάνομεν σὺν Χριστῷ, πιστεύομεν ὅτι καὶ συζήσομεν αὐτῷ" ("Ons het saam met Christus gesterwe; daarom glo ons dat ons ook saam met Hom sal lewe"), [9] εἰδότες ὅτι Χριστὸς ἐγερθεὶς ἐκ νεκρῶν οὐκέτι ἀποθνῄσκει, θάνατος αὐτοῦ οὐκέτι κυριεύει ("Ons weet dat Christus wat uit die dood opgewek is, nie weer kan sterwe nie; die dood het nie meer mag oor Hom nie"). [10] ὃ γὰρ ἀπέθανεν, τῇ ἁμαρτίᾳ ἀπέθανεν ἐφάπαξ· ὃ δὲ ζῇ, ζῇ τῷ θεῷ ("Hy het gesterwe en is eens en vir altyd vir die sonde dood. Nou lewe Hy, en Hy lewe vir God"). [14] ἁμαρτία γὰρ ὑμῶν οὐ κυριεύσει· οὐ γάρ ἐστε ὑπὸ νόμον ἀλλὰ ὑπὸ χάριν ("Die sonde moet nie meer baas wees oor julle nie, want julle staan nie onder die wet van Moses nie, maar onder die genade").

[104] Paulus gebruik die woord περιπατέω om te dui op ʼn handeling in die hierdie lewe (Furnish 1978:175).

[105] Rom 6:11-13 οὕτως καὶ ὑμεῖς λογίζεσθε ἑαυτοὺς [εἶναι] νεκροὺς μὲν τῇ ἁμαρτίᾳ ζῶντας δὲ τῷ θεῷ ἐν Χριστῷ Ἰησοῦ ("Julle moet dus altyd onthou dat ook júlle vir die sonde dood is, maar vir God lewe, omdat julle een is met Christus Jesus"). [12] Μὴ οὖν βασιλευέτω ἡ ἁμαρτία ἐν τῷ θνητῷ ὑμῶν σώματι εἰς τὸ ὑπακούειν ταῖς ἐπιθυμίαις αὐτοῦ ("Moet dan nie toelaat dat die sonde nog langer oor julle heerskappy voer en julle die begeertes van julle sterflike aardse bestaan laat gehoorsaam nie"). [13] μηδὲ παριστάνετε τὰ μέλη ὑμῶν ὅπλα ἀδικίας τῇ ἁμαρτίᾳ, ἀλλὰ παραστήσατε ἑαυτοὺς τῷ θεῷ ὡσεὶ ἐκ νεκρῶν ζῶντας καὶ τὰ μέλη ὑμῶν ὅπλα δικαιοσύνης τῷ θεῷ. ("Julle moet geen deel van julle liggame in diens van die sonde stel as ʼn werktuig om goddeloosheid te bedrywe nie. Nee, stel julle in diens van God as mense wat dood was maar lewend gemaak is, en stel elke deel van julle liggame in diens van God as werktuig om te doen wat God wil.")

gelowige moet die waarheid van die sterwe met Christus in sy situasie beskou as 'n onveranderlike feit (Moule 1893:167), en as van toepassing op homself (Käsemann 1980:171). Die dood en die opstanding van Jesus het die gelowiges se situasie heeltemal verander en hulle moet volgens die nuwe realiteit leef. Die gelowige moet sy dood saam met Christus ernstig opneem (6:6), en net so ook Christus se dood vir die sonde (6:10). Dit beteken nie dat die gelowige immuun teen die sonde is nie. Paulus sê nie dat die sonde dood is nie, maar dat die gelowige homself dood vir die sonde moet reken (Schreiner 2005:322). Die gelowige sal nog versoek word en soms sondig. Die sonde van die ongelowige is egter die natuurlike gevolg van die feit dat hy nog 'n slaaf van die sonde is, waar die sonde van die gelowige buite die normale is. Die gelowige is vry van die domein van die sonde. Die dood is permanent; daarom moet hy homself as vir altyd dood vir die sonde reken en lewend vir God, want hy is in Christus. Die gelowige moet in Christus lewe om vir God te kan lewe (Morris 1992:257). Indien die gelowige dit onthou en daaraan vashou, sal hy nie in die sonde val soos voorheen nie (Lloyd-Jones 1973:147).

- Gelowiges *moenie toelaat* dat die sonde langer oor hulle heers nie. Die sonde word gesien as 'n mag wat wil heers en die gelowige moenie toelaat dat die begeertes van hulle sterflike aardse bestaan hulle oorheers deur hierdie begeertes te gehoorsaam nie (6:12). Die opdrag is gerig tot die gelowiges, want hulle ken die reddende krag van Christus. Daarom is 'n lewe aan God gewy 'n noodsaaklikheid en nie iets opsioneel nie (Morris 1992:257). Die sonde is dus nog daar en nie heeltemal verwyder nie. Daar is steeds 'n "in die vlees" net soos daar 'n "in Christus" is. Die verskil is egter dat die sonde nie meer heerskappy het nie (Moule 1893:168). Dit is bespotting om vir 'n slaaf in slawerny te sê hy moet optree as 'n vry man. As hy egter vrygemaak is, maak dit sin. Dan behoort hy op te hou om te dink en te lewe soos 'n slaaf en moet hy begin optree soos 'n vry persoon (Murray 1960:126). Die gelowige moet sê: Ek veto jou (die "vlees") in die naam van my Koning (Moule 1893:167).
- Hulle *moenie* hulleself as 'n *werktuig in diens van sonde* stel om goddeloosheid te bedryf nie (6:13a). Die werkwoord παριστάνετε word soms gebruik vir bring van offers; hierdie betekenis speel ook hier mee (Morris 1992:258). Die gelowige moet hom nie offer, aanbied aan die sonde nie. Die gelowige moet alles in sy vermoë doen om te sorg dat hy geen lid van hom in diens van die sonde stel nie, want hy is 'n lewende mens, uit die dood. Dit is dus nie asof net die gees van die mens geïmpliseer word en dat die "vlees" maar in sonde kan voortlewe nie (Lekkerkerker 1974:277).
- Hulle moet elke deel van hulle liggame in diens van God stel as *werktuie om God se wil te doen* (6:13b). Omdat die gelowige aan God behoort, moet hy in alles sy lede in diens van God gebruik.

Hierdie lewe is moontlik omdat God die gelowige vry en nuut gemaak het. Dit is 'n lewe wat bekragtig word deur die Gees, sodat die gelowige kan gehoorsaam. God vra wat Hy al klaar gegee het. Om aan Christus te behoort, beteken om onder die krag van God te staan op 'n tweeledige wyse: afhanklik van én verantwoordelik aan die soewereine Here (Furnish 1978:240). Die lewe in die Gees hou in dat die gelowige afhanklik bly van die krag van God. Dan sal hy lewe soos God wil. Indien hy egter op sy eie vermoëns

staatmaak, sal hy "in die vlees" lewe. Die eenheid met die Gees moet behou word en die gelowige moet volhard om die nuwe lewe met die Gees te lewe, selfs te midde van baie teenstand.

### 6.4.3 Gevolgtrekking

Dit blyk duidelik uit Romeine 6:1-14 dat die identiteit van die lesers die etiek en die etos van hulle lewe bepaal. Uit hulle identiteit vloei die etiese beginsels waarvolgens hulle moet optree; op die etiek bou die geprojekteerde etos van hulle lewe waarvolgens hulle moet lewe. Die onderstaande tabel toon hierdie verhouding aan deur in die eerste kolom die identiteit te formuleer, in die tweede kolom die etiek wat spesifiek gebou is op die identiteit, en in die derde kolom die etos. In Romeine, wat geskryf is aan mense wat Paulus nie geken het nie, is daar net sprake van 'n geprojekteerde etos.

| IDENTITEIT | ETIEK | GEPROJEKTEERDE ETOS |
|---|---|---|
| Die gelowige se identiteit word bepaal deur die feit dat die ou mens saam met Christus gesterf het en daarom dood is vir die sonde en vir God lewe (Rom 6:1-10,14). | Die gelowige moet nou, in hierdie lewe, 'n nuwe lewe leef, 'n lewe wat nie meer onder die mag van die sonde is nie maar onder die mag van God (περιπατέω, Rom 6:4). | • Die gelowiges moet *onthou* dat hulle vir die sonde dood is en dat hulle vir God moet lewe; dit is 'n geloofshandeling (6:11).<br>• Die begeertes van hulle sterflike aardse bestaan moet hulle nie toelaat deur dié begeertes te gehoorsaam nie (6:12).<br>• Hulle *moenie* hulleself as 'n *werktuig in diens van sonde* stel om goddeloosheid te bedryf nie (6:13a).<br>• Hulle moet elke deel van hulle liggame in diens van God stel as *werktuie om God se wil te doen* (6:13b). |

Die gedagtes hierbo word opgesom in Romeine 14:7-9.[106] Paulus dui aan dat niemand vir homself (ἑαυτῷ) lewe of sterwe nie (Rom 14:7). Die lewe sowel as die dood is vir die Here (τῷ κυρίῳ); beide dui die soewereine krag van God aan en die mens se totale afhanklikheid van Hom (Furnish 1978:180). In lewe en in sterwe behoort die gelowige aan die Here (τοῦ κυρίου ἐσμέν) (Rom 14:8). Die doel van die gelowige se lewe is nou nie meer op homself gerig nie maar op Christus (εἰς τοῦτο) (Rom 14:9). Die gelowige is vry van die tirannie van homself (hy het gesterf) om nou vir Christus te lewe; sy eie ambisies en ideale is iets van die ou lewe en nou kan hy sy ware doel in die lewe volg,

[106] [7] οὐδεὶς γὰρ ἡμῶν ἑαυτῷ ζῇ καὶ οὐδεὶς ἑαυτῷ ἀποθνῄσκει· [8] ἐάν τε γὰρ ζῶμεν, τῷ κυρίῳ ζῶμεν, ἐάν τε ἀποθνῄσκωμεν, τῷ κυρίῳ ἀποθνῄσκομεν. ἐάν τε οὖν ζῶμεν ἐάν τε ἀποθνῄσκωμεν, τοῦ κυρίου ἐσμέν. [9] εἰς τοῦτο γὰρ Χριστὸς ἀπέθανεν καὶ ἔζησεν, ἵνα καὶ νεκρῶν καὶ ζώντων κυριεύσῃ. ("[7] Niemand van ons leef tog vir homself nie, en niemand sterf vir homself nie. [8] As ons lewe, leef ons tot eer van die Here; en as ons sterwe, sterf ons tot eer van die Here. Of ons dan lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here. [9] Hiervoor het Christus ook gesterf en weer lewend geword: om Here te wees van die dooies en die lewendes.")

naamlik Christus. Die eis van God is deel van die geskenk van God, en die genade is ingesluit in die oproep tot gehoorsaamheid.[107]

## 6.5 GOD SE AANDEEL EN DIE MENS SE AANDEEL

Om uit genade te lewe, beteken dat die gelowige in alles hom moet rig op die daad van God in Christus (Bornkamm 1975:201). Die gelowige kan niks uit homself bewerk nie; hy kan net ontvang en aanvaar en in gehoorsaamheid sy eie bestaan oorgee aan Christus (Rom 12:1). Die ontvang en aanvaar bly tog ook 'n aksie.

Om die verhouding tussen die werk van God en die werk van die mens te verstaan, is nie altyd so duidelik nie en is al op die volgende wyses ongeldig verklaar (vgl Bornkamm 1975:202):

- As 'n aktiwiteit wat verdeel is tussen God en die mens. In hierdie verstaan vul die wedersydse aktiwiteite van God en mens mekaar aan.
- Die gelowige moet homself met alle ywer toewy om te doen wat God vra; God sal dan sy dade en krag byvoeg om dit te bekroon.
- God het iets wakker gemaak in die lewe van die gelowige, en nou moet die gelowige dit tot 'n suksesvolle einde bring.

Die werk van God en van die mens moet eerder gesien word as dat die een die ander bevestig as eg of dat die een ware bestaan aan die ander gee: omdat God alles gedoen het, moet die gelowige ook alles doen (indikatief en imperatief) (2 Kor 6:1). Die verlossingsfeit en die oproep het soms dieselfde onderwerp: Romeine 6:2 lees: ἀπεθάνομεν τῇ ἁμαρτίᾳ ("ons is dood vir die sonde"), en Romeine 6:11-12[108] lees οὕτως καὶ ὑμεῖς λογίζεσθε ἑαυτοὺς [εἶναι] νεκροὺς μὲν τῇ ἁμαρτίᾳ ζῶντας δὲ τῷ θεῷ ἐν Χριστῷ Ἰησοῦ ("ons moet ons reken as dood ... ").[109] Die nuwe lewe gaan nie verder as wat God die genade uitgestort het in die gelowige deur die geloof nie. Die nuwe lewe waartoe die Christen opgeroep word, is nie 'n byvoeging by die geloof nie; dit is geloof, 'n toeëiening van wat God reeds toegesê het (Bornkamm 1975:202). Die gelowige se aktiwiteite is afgelei en gebou op die aktiwiteit van Christus.[110] Die genade word deur die Here wat Gees is (2 Kor 3:17), gewerk in die gelowige; dit werk egter nie dwangmatig nie, maar vra menslike reaksie (Ladd 1979:493). Die lewe in die Gees is om oomblik vir oomblik te besluit om onder die heerskappy van die Gees te lewe. Die fokus van die Gees se

[107] Furnish (1978:225) dui tereg aan dat die imperatief nie maar net die resultaat van die indikatief is nie maar ten volle 'n integrale deel daarvan.

[108] Rom 6:11-12: "[11] Julle moet dus altyd onthou dat ook júlle vir die sonde dood is, maar vir God lewe, omdat julle een is met Christus Jesus.[12] Moet dan nie toelaat dat die sonde nog langer oor julle heerskappy voer en julle die begeertes van julle sterflike aardse bestaan laat gehoorsaam nie."

[109] Vir verdere voorbeelde, vergelyk Gal 3:27; Rom 13:14; 1 Kor 5:6v; Gal 5:25.

[110] Bornkamm (1975:203) bevestig hierdie feit deur alternatiewe beklemtoning: *"to live on the basis of **grace**, but also to **live** on the basis of grace"*. Goppelt (1982:103) dui aan dat die indikatief die doodsvonnis oor die ou Adam-mens (wat uitgevoer is op Christus) konstateer; die imperatief is die oproep om die vonnis 'n realiteit te laat word vir die gelowige (Rom 6:11). Ladd (1979:480) skryf dat die nuwe mens nie 'n geleidelike vernuwing van die karakter is nie maar die nuwe mens bestaan reeds in Christus en word progressief in die Christelike kerk gerealiseer. Pelser (1984:275) dui aan dat die indikatief reeds 'n werklikheid in die lewe van die gelowige is, terwyl hy aan die anderkant opgeroep word om die verlossing deur die geloof te realiseer.

werking is die werk van Jesus, met die fokuspunt die sterwe en opstanding van Jesus. Dit is juis deur sy krag dat die magte van hierdie wêreld oorwin word, Hy is die openbaring van die geregtigheid van God en die volheid wat die mens kan ontvang. Die kruis van Jesus is die verwysing na die somtotaal wat die genade verteenwoordig.

Die gelowige het nie net die moontlikheid tot 'n nuwe lewe ontvang nie, maar 'n werklike en totale nuwe bestaan. Dit wil nie sê dat die gelowige nie kan sondig nie; hy kan, maar sal die sonde besef en in Christus dit agter hom sit. Hy is vry van die sonde en vry om vir God te lewe. Gehoorsaamheid is dus nie die voorwaarde vir die nuwe lewe nie maar ook nie bloot die resultaat van die nuwe lewe nie. Gehoorsaamheid is die vestigingskrag (*constitutive power*) van die nuwe lewe (Furnish 1978:226). Die indikatief én die imperatief moet deur die gelowige ernstig opgeneem word, beide vra 'n doelbewuste antwoord op God se eis, die gelowige is aktief betrokke in die stryd om nie die sonde te laat heers in sy lewe nie (Tannehill 1967:81).

Die "saam met Christus" is dus nie 'n vennootskap nie maar iets wat van buite kom, gevestig en opgewek deur God, deur die sterwe en opstanding van Christus. Die "saam met Christus" lei tot "in Christus" (Χριστῷ συνεσταύρωμαι [Rom 6:2-10] lei tot ἐν Χριστῷ Ἰησοῦ [Rom 6:11]) (Goppelt 1982:105).[111]

## 6.6 GEVOLGTREKKING

"Saam met Christus gekruisig" is die heerlike saak wat God in die gelowige gewerk het deur Jesus Christus. Die etiese implikasie is aan die een kant die beëindiging van die ou lewe onder die beheer van die sonde en die wet, en aan die ander kant die begin van die nuwe lewe van Christus in die gelowige deur die geloof. Die mens word egter nie net deur God gedryf en beweeg nie; hyself werk ook vanweë die genade wat hy ontvang het. Die Dordtse Leerreëls dui aan dat hierdie werking nie volledig begryp kan word nie maar tog is daar die gerusstelling dat die gelowige deur die genade van harte glo en sy Verlosser lief het (Dordtse Leerreëls Hoofstuk 3/4:13).

[111] Goppelt (1982:105) dui die basiese betekenis van ἐν Χριστῷ tereg aan as: "beheer/bepaal deur Christus".

# HOOFSTUK 7

## GELOOF EN DIE ETIEK VAN "SAAM MET CHRISTUS GEKRUISIG"-WEES

### 7.1 INLEIDING

Met die doel van die studie in gedagte, word die verwerkliking van die etiese implikasie van die saamgekruisig-metafoor in die briewe van Paulus bestudeer. Die bestaan van die Christen is vir Paulus 'n bestaan in Christus deur die geloof. Die geloof is egter meer as aanvaarding en vertroue; dit is die aktiewe onderwerping aan die krag van die evangelie en die gesag van God (Du Toit 2006:173).

In hierdie hoofstuk kom die geloof as verwerkliking van die etiek in die nuwe lewe onder bespreking. Daar word eers kortliks verwys na die begrip "geloof" in die Ou Testament, in die Nuwe Testament en in die belydenisskrifte. Daarna word 'n woordstudie van geloof volgens die metode van Botha (1989:24-39) met behulp van die leksikon van Louw en Nida (1988:239) gedoen. Daarna word beredeneer watter rol geloof speel in die spesifieke kontekste waar "saamgekruisig" voorkom.

### 7.2 TERMINOLOGIE VIR GELOOF

#### 7.2.1 Geloof soos verwoord in die Ou Testament

#### 7.2.1.1 Geloof as getrouheid in gehoorsaamheid en vertoue op Jahwe

Die Hebreeuse Bybel gebruik hoofsaaklik die stam אמן om die konsep "geloof" uit te druk. Die woord word gebruik in die Qal, Nif'al en Hif'il vorme. In die Qal beteken dit nooit "geloof" nie maar druk dit eerder die betekenis van "ondersteun, dra, sorg" uit (2 Kon 18:16). Die Nif'al word gebruik vir "op die heup dra" (Jes 60:4); "vaste plekke" (Jes 22:23); "permanente poste in die koninklike diens" (1 Sam 2:35); en vir 'n verskeidenheid betekenisse wat vastigheid, stabiliteit, vertroue weergee (Deut 7:9, Jes 49:7, Jer 42:5, Ps 89:29, Neh 9:8). Die Hif'il word gebruik vir "om stewig gevestig te wees in/op iets" (Healey 1992:745).

Die mees betekenisvolle gedeelte waar dit só voorkom, is in Genesis 15:6 ("Abram het toe in die Here **geglo**, en die Here het dit goedgevind dat Abram so volgens die wil van die Here gehandel het"). Abraham maak die woord van God en God self sy sekuriteit en basis, en God handel daarmee as die basis vir die verbondsverhouding (Michel 1980:593). Verdere belangrike gedeeltes is Eksodus 3:1-22 (dit handel oor die gesprek tussen God en Moses en hoe Moses sê dat selfs al stuur God hom, sal die mense nie **glo** nie) en in Eksodus 4:28-31 (die mense glo of glo nie). Daar is ook gedeeltes waar die gedagte oorgedra word van geloof as "instemming", waar die intellektuele element duidelik na vore kom (Jes 43:10-12).

'n Stam wat ook verbind word met geloof, is אֱמֶת wat beteken standvastig, betroubaar en word ook vir die konsep "waarheid" gebruik.[112] Die LXX vertaal אֱמֶת met ἀλήθεια, πίστις en δικαιοσύνη, want waarheid is in die Bybelse konteks gegrond op die goddelike getrouheid en die verbondsverhouding wat dit begin het (Healey 1992:745).

Dit is duidelik dat die woord אמן 'n wye verskeidenheid van betekenismoontlikhede in die Ou Testament het; dit dui egter meer op die gedagte van "getrouheid aan" eerder as "glo in" (Hab 2:4: "wie reg doen, sal lewe omdat hy getrou bly"). Dit gaan oor die onvoorwaardelike vashou aan die woord van Jahwe, selfs te midde van omstandighede wat lyk asof dit sy woord weerspreek. Die Verbondsmens is die een wat reg lewe/doen, iemand wat uit "sy geloof" lewe; dit dui op sy getrouheid ten opsigte van die wet. Dit is juis hý wat sal lewe (Dunn 1998:373).[113]

Geloof word in die Ou Testament eerder in die lewens van die geloofshelde beskryf as wat dit teoreties gedefinieer word. Die begrippe "geloof" en "getrouheid" word vermeng. Geloof is nie primêr 'n intellektuele daad nie maar 'n gesindheid van standvastigheid, wat saam met gehoorsaamheid gaan en die "vertroue" rus op die feit dat Jahwe onwankelbaar en betroubaar is (Michel 1980:593). Die woorde "geloof" en "om te glo" beskryf nie in die eerste plek die kwaliteit van die mens nie maar dat die mens vlug van sy eie swakheid en onstabiliteit na Jahwe wat stewig en standvastig is. Dit gaan in geloof oor die getrouheid van Jahwe, die gehoorsaamheid van die volgeling en die onthou van die dade van Jahwe.

Vanweë die korporatiewe beskouing was geloof in die gemeenskap gesetel en daarom is geloof aanvanklik primêr gesien as verhouding tussen die gemeenskap en Jahwe. Dit was nie 'n "bekerings"-belewing wat individue tot geloof gebring het nie maar eerder die insluiting in die gemeenskap van Jahwe, die volk van die Here (Weiser 1976).

Een van die baie fasette van geloof wat sterk na vore tree, is die idee van "gedenk aan." Die kern van die geloof word saamgevat in die viering van die Paasfees waar hulle onthou wat God in Egipte gedoen het deur hulle te bevry (Eks 13:3-4). Hierdie "onthou" is een van die essensies van die geloof van Israel. Deur die eeue was hulle getrou of ontrou aan hierdie opdrag (Healey 1992:749).

#### 7.2.1.2 Samevattend

Die LXX en die Nuwe Testament was reg deur πιστεύειν te gebruik om die Ou Testament-stam אמן weer te gee, want hierdie woord dui op die mees onderskeidende en omvattendste wyse op dit wat die Ou Testament te sê het oor geloof. In die Ou-Testamentiese אמן word die totale en uitsluitlike persoonlike verhouding tussen God en die mens uitgedruk. Die geloof bestaan daarin dat die mens steun op die getrouheid van God en getrou is aan God.

---

112 In hierdie studie word net kortliks verwys na Ou-Testamentiese Hebreeuse stamme wat met geloof verband hou. Vir verdere stamme wat nie so prominent is nie en in 'n mindere mate verband hou met geloof, vergelyk Weiser (1976).

113 Die Qumran-kommentaar op Habakuk verstaan die teks ook so (1QpHab 7.10-11; 8.1-3). Die LXX verstaan dit as die verbondstrou van God, wat die klem plaas daarop dat dit die getrouheid van God is wat die getrouheid van die verbondslid skep en onderhou (Dunn 1998:374).

### 7.2.2 Geloof soos verwoord in die Nuwe Testament
#### 7.2.2.1 Terminologie
In die klassieke Grieks het die term πίστις verwys na die *getroue* verhouding tussen vennote in 'n ooreenkoms, die *betroubaarheid* van hulle beloftes en om *vertroue* in die gode aan te dui (Michel 1980:593). In die wetlike gebruik van πίστις verwys dit na "betroubaarheid", "waarborg", "vertroue" of alternatiewelik "bewys" en in die filosofiese gebruik verwys dit na "getrouheid."

In die vroeë Christendom word πίστις die term om die verhouding tussen God en mens aan te dui. Dit rus gedeeltelik op die feit dat πίστις alreeds in die Ou Testament (אמן) 'n belangrike term geword het vir dié verhouding (Bultmann 1976). In die Nuwe Testament is "geloof" die self-definiëring van die Christendom; die Christendom is 'n unieke geloofsgebeure. Die selfstandige naamwoord πίστις word vertaal met "geloof" en die werkwoord πιστεύειν met "om te glo." Dit is egter die Griekssprekendes wat uit die Judaïsme gekom het, wat die basiese woorde en raamwerk van die basiese konsepte gevorm het. Die Nuwe Testament het die woord πίστις ontwikkel en formuleer die begrip van hoe redding in Jesus Christus voltrek word in die lewe van die gelowige (Lührmann 1992:751). Daar is ook gedeeltes waar dit gebruik word in die algemene sin van "vertroue" (Mark 13:21).

#### 7.2.2.2 Woordstudie van die begrip geloof
De Klerk & Janse van Rensburg (2005:63) beveel Botha (1989:24-39) se metode vir woordstudie aan, en ek volg dit in hierdie studie.

##### 7.2.2.2.1 Raadpleging van Volume 2 van die Louw & Nida-leksikon
Die inskrywing onder πίστις in volume 2 van die Louw & Nida-leksikon (1988:239) is die volgende:

πίστις, εως *f*
a what can be believed: 31.43
b trust: 31.85
c trustworthiness: 31.88
d Christian faith: 31.102
e doctrine: 31.104
f promise: 33.289

##### 7.2.2.2.2 Interpretasie van die gegewens van Volume 2
Die woord πίστις kom in twee semantiese velde voor naamlik veld 31 ($πίστις^{a,b,c,d,e}$) en 33 ($πίστις^{f}$).

##### 7.2.2.2.3 Fokus binne die konteks
Aangesien daar meer as een betekenismoontlikheid gegee word, en dit nie dadelik duidelik is watter een in Galasiërs 2:20 gebruik word nie, word almal nagegaan.

**7.2.2.2.4 Raadpleging van Volume 1 van die Louw & Nida-leksikon**

Die inskrywings onder die semantiese velde en subdomeine in Volume 1 van Louw & Nida-leksikon (p365) is die volgende:

**31.43 πίστις$^{a}$, εως**: Louw & Nida se betekenisdefinisie is: "*that which is completely believable.*" Hulle stel as moontlike Engels-vertaalekwivalente voor: "*what can be fully believed, that which is worthy of belief, believable evidence, proof*" Hulle gee Handelinge 17:31 as voorbeeld: πίστιν παρασχὼν πᾶσιν ἀναστήσας αὐτὸν ἐκ νεκρῶν ("As bewys daarvan vir almal, het Hy Hom uit die dood laat opstaan").

**31.85 πιστεύω$^{b}$; πίστις$^{b}$, εως**[114]: Louw & Nida se betekenisdefinisie is: "*to believe to the extent of complete trust and reliance.*" Hulle stel as moontlike Engels-vertaalekwivalente voor: "*to believe in, to have confidence in, to have faith in, to trust, faith, trust.*" Hulle gee vir πιστεύω$^{b}$ die volgende Skrifdele as voorbeelde: Matteus 18:6: ὃς δ' ἂν σκανδαλίσῃ ἕνα τῶν μικρῶν τούτων τῶν πιστευόντων εἰς ἐμέ ("Elkeen wat een van hierdie kleintjies wat in My glo, van My afvallig maak"); en Romeine 4:3: ἐπίστευσεν δὲ Ἀβραὰμ τῷ θεῷ ("Abraham het in God geglo"); en 1 Petrus 2:6: ὁ πιστεύων ἐπ' αὐτῷ οὐ μὴ καταισχυνθῇ ("Wie in Hom glo, word nooit teleurgestel nie").

Hulle gee vir πίστις$^{b}$ die volgende Skrifdele as voorbeelde: Markus 11:22: ἔχετε πίστιν θεοῦ ("Julle moet geloof in God hê!") en Handelinge 24:24: ἤκουσεν αὐτοῦ περὶ τῆς εἰς Χριστὸν Ἰησοῦν πίστεως ("hy het hom gehoor oor die geloof in Christus Jesus"); en Romeine 1:17: ὁ δὲ δίκαιος ἐκ πίστεως ζήσεται ("die regverdige sal uit die geloof lewe"); en Kolossense 1:4: ἀκούσαντες τὴν πίστιν ὑμῶν ἐν Χριστῷ Ἰησοῦ ("omdat ons gehoor het van julle geloof in Christus Jesus").

**31.88 πίστις$^{c}$, εως**: Louw & Nida se betekenisdefinisie is: "*the state of being someone in whom complete confidence can be placed.*" Hulle stel as moontlike Engels-vertaalekwivalente voor: "*trustworthiness, dependability, faithfulness.*" Hulle gee Romeine 3:3 as voorbeeld: μὴ ἡ ἀπιστία αὐτῶν τὴν πίστιν τοῦ θεοῦ καταργήσει ("Sal hulle ontrou die trou van God laat ophou?")

**31.102 πιστεύω$^{c}$; πίστις$^{d}$, εως**: Louw & Nida se betekenisdefinisie is: "*to believe in the good news about Jesus Christ and to become a follower.*" Hulle stel as moontlike Engels-vertaalekwivalente voor: "to be a believer, to be a Christian, Christian faith." Hulle gee vir πιστεύω$^{c}$ die volgende Skrifdele as voorbeelde: Handelinge 4:32: τοῦ δὲ πλήθους τῶν πιστευσάντων ἦν καρδία καὶ ψυχὴ μία ("Die

[114] In die weergee van πιστεύω$^{b}$ and πίστις$^{b}$ sal dit verkeerd wees om 'n term te kies wat bloot "afhanklikheid" of "steun op" of "vertroue" weergee. Daar moet 'n deel "glo" wees, want om iemand te vertrou, kan net gebeur indien die persoon inderdaad die kwaliteite het wat aan so 'n persoon toegeken word (Louw & Nida 1988:377).

groot getal wat gelowig geword het, was een van hart en siel"); en Romeine 1:16: δύναμις γὰρ θεοῦ ἐστιν εἰς σωτηρίαν παντὶ τῷ πιστεύοντι ("want dit is 'n krag van God tot redding van elkeen wat glo").

Hulle gee vir πίστις[d] die volgende Skrifdele as voorbeelde: Romeine 1:8: ἡ πίστις ὑμῶν καταγγέλλεται ἐν ὅλῳ τῷ κόσμῳ ("want julle geloof word in die hele wêreld betuig"); en Efesiërs 2:8: τῇ γὰρ χάριτί ἐστε σεσῳσμένοι διὰ πίστεως ("julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof").

**31.104 πίστις[e], εως**: Louw & Nida se betekenisdefinisie is: "*the content of what Christians believe.*" Hulle stel as moontlike Engels-vertaalekwivalente voor: "*the faith, beliefs, doctrine.*" Hulle gee as voorbeelde Judas 3: ἐπαγωνίζεσθαι τῇ ἅπαξ παραδοθείσῃ τοῖς ἁγίοις πίστει ("om te stry vir die godsdiens wat een maal oorgelewer is aan dié wat God vir Hom afgesonder het"); en Galasiërs 1:23: ὁ διώκων ἡμᾶς ποτε νῦν εὐαγγελίζεται τὴν πίστιν ἥν ποτε ἐπόρθει ("Die man deur wie ons vroeër vervolg is, verkondig nou die godsdiens wat hy destyds probeer uitroei het"). Dit is ook moontlik om πίστις in Judas 3 en Galasiërs 1:23 as 'n "daad van glo" of "plaas van vertroue in Jesus" te vertaal (sien 31.102).

**33.289 πίστις[f], εως**: Louw & Nida se betekenisdefinisie is: "*a promise or pledge of faithfulness and loyalty .*" Hulle stel as moontlike Engels-vertaalekwivalente voor: "*promise, pledge to be faithful.*" As voorbeeld gee hulle 1 Timoteus 5:12: ἔχουσαι κρίμα ὅτι τὴν πρώτην πίστιν ἠθέτησαν ("Dan is hulle daaraan skuldig dat hulle hulle vroeëre belofte aan Hom verbreek het").

**7.2.2.2.5 Die relatiewe posisie van die semantiese velde**

Daar is twee semantiese velde ter sprake. In die konteks van Galasiërs 2:20 is dit duidelik dat πίστις[a] ("wat geglo kan word"), πίστις[c] ("betroubaarheid"), πίστις[d] ("gelowige te wees"), πίστις[e] ("dogma") (semantiese veld 31) en πίστις[f] ("belofte van getrouheid") (semantiese veld 33) nie in die konteks waar Paulus sê "leef ek in die geloof in die Seun van God", geldige betekenisse is nie. Die moontlikheid lê by πίστις[b] ("vertrou, glo in"). Daarom sal die ondersoek verder op veld 31 fokus.

**7.2.2.2.6 Kontrastering met direk omliggende semantiese velde**

Die omliggende semantiese velde is die volgende:

- 27 Leer (om inligting te versamel)
- 28 Ken (ken die inhoud, bekend wees, moontlik om te ken, nie moontlik om te ken nie, 'n geheim)
- 29 Onthou en die herroep vanuit die geheue
- 30 Dink, gedagte (dink hoe om te reageer, te beplan, te besluit, te kies, te onderskei, te evalueer en te oordeel)
- 31 Siening te huldig, glo, vertrou
- 32 Verstaan (inligting word gebruik om by die regte begrip of oordeel te kom)
- 33 Kommunikasie (praat, skryf, sing, bid ens)

- 34 Assosiasie (Sub-domeine A-E handel oor die meer algemene soort verhoudings terwyl sub domeine F-J meer verwys na spesifieke soort verhoudings).
- 35 Help, omgee vir (Dit handel hier oor die positiewe aspekte van die interpersoonlike aktiwiteite waar aan mense voorsien word en hulle ondersteun word.)

Die domeine van 24-32 hou almal verband met intellektuele aktiwiteite; daar is baie oorvleueling en multidimensionele verhoudings. Domein 28 ("ken") is die besit van informasie, terwyl Domein 27 ("leer") meer wys op die verkryging van inligting. Domein 30 ("dink") is hoofsaaklik die manipulering van informasie, terwyl domein 32 ("verstaan") handel oor hoe om by 'n korrekte en volledige oordeel uit kom. Tog is die intellektuele aktiwiteite nie so rigied in te deel nie en is daar baie oorvleueling (Louw & Nida 1993:380).

Volgens hierdie ondersoek blyk dit dat geloof deel is van die intellektuele aktiwiteite. Dit loop in die lyn: "Leer, Ken, Onthou, Dink, Glo/Vertrou, Verstaan, Kommunikasie, Assosiasie, Help". Daar is stygende tendens wat begin by die bloot verstandelike, wat oorloop na die onthou en glo/vertrou, wat ook die wil en emosies betrek, verder na 'n verstaan, 'n kommunikeer (waar die belofte lê, 33.289) en tot by hulpverlening, waar die hand ook betrek word.

### 7.2.2.2.7 Kontrastering met sub-domeine

Veld 31 dui op "'n siening te huldig, glo, vertrou". Die sub-domeine is:

- Beskouing/Siening hê (31.1–31.7)
- Verkeerde siening hê (31.8–31.13)
- Saamstem (31.14–31.25)
- Erken (31.26–31.28)
- Veronderstel, dink is moontlik (31.29–31.34)
- Glo om waar te wees (31.35–31.49) (πίστις kom 1 keer voor)
- Aanvaar as waar (31.50–31.57)
- Verander van mening met betrekking tot die waarheid (31.58–31.81)
- Vertrou, rus op (31.82–31.101) (πίστις kom 2 keer voor)
- Wees 'n gelowige (31.102–31.107) (πίστις kom 2 keer voor)

In die sub-domeine is daar 'n toename in die intensiteit van die handelinge van net "om 'n siening te hê", "saamstem", "erken", "glo om waar te wees", na "vertrou" tot "om 'n gelowige te wees", wat die hele mens insluit.

### 7.2.2.2.8 Kontrastering van die betekenisse van die woorde binne die subdomein

Die betekenisse van Domein 31.82 – 31.88 kan soos volg gekontrasteer word:

| Volledige vertroue | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 31.82 | .83 | .84 | .85 | .86 | .87 | .88 |
| Te glo in persoon of iets | + | | | + | + | | |
| Plaas vertroue op/in persoon of iets | + | + | | + | + | | |

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Aan te hou glo in iemand | | + | | + | | | |
| Basis vir vertroue en afhanklikheid | | | + | | | | |
| Volledige vertroue op/in persoon | | | | + | | | |
| Betroubaar | | | | | | + | |
| Volledig betroubaar | | | | | | | + |

Die betekenisse binne die sub-domein dui die verskillende vorms aan van "glo", "vertrou" en "betroubaar". Dit is duidelik dat die betekenisse van 31.85 die mees volledige betekenis van "vertroue en geloof" aandui.

**7.2.2.2.9 Die finale gevolgtrekking oor die betekenis van πίστις**
Die geloof wat die gelowige in Christus het, is die geloof wat lei tot 'n volledige vertroue en geloof in Christus vir Wie Hy is en wat Hy gedoen het. Netsoos dié mens altyd volledig op die wet en die "vlees" vertrou het, vertrou hy nou op Christus vir sy redding en lewe.

**7.2.2.3 Paulus se gebruik van πίστις[115]**
Daar is drie fases waardeur die ontwikkeling van geloof voor Paulus se gebruik daarvan gegaan het (Goppelt 1982:125):

- In sy publieke verkondiging vereis Jesus bekering, 'n bekering wat 'n effek gehad het in die vorm van dissipelskap of geloof. Dié geloof het parallel geloop met navolging in dissipelskap en dissipelskap rus ook op geloof (al is dit nie pertinent so gesê nie). Vir Jesus lê die hart van die geloof in die gedrag van die gelowige.
- Na Pinkster het die Vroeë Kerk in Palestina deur sy *kerugma* weereens die mens opgeroep tot bekering. Dit was nou gerealiseer deur die aanvaarding (geloof) van die *kerugma* van Pinkster. Vir die Vroeë Kerk het dit veral om die inhoud van die geloof gegaan.
- In die Hellenistiese wêreld het *kerugma* heeltemal verander na 'n "omdraai" na die "lewende God" (1 Tess 1:8v; Heb 6:4-6). Die "omdraai na God" was geïdentifiseer met geloof waarvan die kern die aanvaarding van die Pinkster-*kerugma* was (1 Kor 15:11: εἴτε οὖν ἐγὼ εἴτε ἐκεῖνοι, οὕτως κηρύσσομεν καὶ οὕτως ἐπιστεύσατε).[116] Paulus verwys na die εἰς ὑπακοὴν πίστεως ("tot gehoorsaamheid van geloof") as die doel van sy sendingwerk (Rom 1:5). Paulus beklemtoon geloof om aan te toon dat Jesus se pad van redding verskil van dié van die werke van die wet.

"Geloof" (πίστις) en "om te glo" (πιστεύειν) kom dikwels voor in Romeine 3:20-5:2 en in Galasiërs 3. In Romeine is geloof 27 uit die 35 kere verbind met regverdigmaking en 18 van 21 kere in Galasiërs. Paulus plaas die konsep van πίστις/ πιστεύειν in die sentrum van sy teologie (Bultmann 1976), en wel as regverdigmaking. Vir hom is πίστις nie maar net die ingesteldheid van die innerlike mens nie maar die aanvaarding van die *kerugma* van die verlossingswerk van Jesus Christus. Die woord πιστεύειν in die aoristus kry al

[115] Hier word veral die gebruik van πίστις in Paulus se geskrifte ondersoek. Vir 'n volledige bespreking van die gebruik van πίστις in ander dele van die Nuwe Testament, vgl Lührmann (1992:752-756).
[116] 1 Kor 15:11: "In elk geval, of dit ek is of hulle—dit is wat ons verkondig, en dit is wat julle geglo het."

meer die betekenis van "om tot geloof te kom" en word as sinonieme van ἐπιστρέφω ("om te draai") en μετανοέω ("om gedagte te verander") gebruik (1 Tess 1:9, Hand 20:21). "Om tot geloof te kom" (πιστεύειν in die aoristus) beteken om te bekeer tot die *kerugma* van God: Christus wat gesterf en opgestaan het vir ons sonde is die inhoud van die geloof (1 Kor 15:3v). Paulus herinner byvoorbeeld die lesers hoe hulle tot geloof gekom het (ἐπιστεύσατε in 1 Kor 15:2,11).

Dit is nie só in die Grieks kontemporêr met die Nuwe Testament gebruik nie en die feit dat die Nuwe Testament πίστις só gebruik, dui aan dat πίστις/ πιστεύειν sowel in Judaïsme as in die Christendom gebruik is as 'n term vir self-definiëring (Lührmann 1992:753). Die gelowige wat in geloof die verkondiging aanvaar, erken dat dit in die geskiedenis gebeur het en aanvaar Christus as κύριος (Bultmann 1976). In Romeine 3:3 en Galasiërs 5:22 het πίστις die betekenis van "getrouheid" maar in alle ander gevalle verwys dit na "om tot geloof te kom" in dit wat God in Christus tot redding van die mens gedoen het (Lührmann 1992:753).

Paulus beskryf sy eie bekering só in Filippense 3:4b-11: 'n wegdraai van die wet en 'n draai na Christus in die geloof. Die onderhouding van die wet lei nie tot die regte verhouding met God nie maar alleen deur die geloof kan die gelowige in die regte verhouding met God kom. By Paulus is die πίστις gebaseer op verkondiging van die dood en opstanding van Christus en hy bou dit uit tot 'n teenstelling tussen geloof aan die een kant en die werke van die wet aan die ander kant.[117]

Samevattend is dit duidelik dat geloof (πίστις) hoofsaaklik vir twee betekenisse gebruik word:[118]

- "om tot geloof te kom" wat gegrond is op dit wat Christus gedoen het. Die geloof hier is dus 'n aanduiding van die lering met 'n bepaalde inhoud (Paulus en Johannes is goeie voorbeelde) (Bultmann 1976); en
- "getrouheid" as 'n etiese implikasie. Die geloof word gesien as die gedrag van die gelowige, iets wat subjektief is, wat duidelik blyk in gehoorsaamheid. Hierdie siening vind noue aansluiting by die Ou Testament (in die Nuwe Testament is Hebreërs, Jakobus en Matteus die beste voorbeelde) (Bultmann 1976).

Dit is duidelik dat geloof die daad is waar die mens reageer op God se eskatologiese daad in Christus en waar die gelowige uit die wêreld uitgelig word en 'n omkeer maak na God. In hierdie daad van Christus word die bestaan van die gelowige gevestig en lê die gesindheid vir die lewe van die gelowige. Hierdie gesindheid, πίστις, bepaal die gelowige se hele lewe. Paulus praat daarom van die kennis van die gelowige in tweeledige sin. Aan die een kant kennis van die verkondiging en aan die ander kant is dit die kennis wat die gelowige van homself ontdek in 'n nuwe selfverstaan (Bultmann

[117] Jakobus dui πίστις sterk aan as 'n Christelike deug (Lührmann 1992:756).
[118] Bultmann (1976:G4100) dui aan dat in die Ou Testament die regverdige (in getrouheid en gehoorsaamheid) geglo het in God op grond van sy dade wat hulleself beleef het. In die Nuwe Testament is dit juis die daad van God wat geglo moes word, want dit is nie duidelik dat die dwaasheid van die kruis goddelike wysheid is nie, behalwe uit en deur die Woord en die Gees.

1976). Die geloof is nie slegs die aanvaarding van die verkondiging nie maar ook 'n stryd om dit self te vestig as 'n gesindheid wat die hele lewe beheers.

#### 7.2.2.4 Die frase πίστεως 'Ιησοῦ Χριστοῦ

Die frase πίστεως ('Ιησοῦ) Χριστοῦ kom agt (nege) keer voor in die Pauliniese briewe.[119] Grammatikaal kan die genitief Χριστοῦ gesien word as 'n objektiewe of subjektiewe genitief. As objektiewe genitief sou dit beteken; "geloof waarvan Christus die objek is"; die meeste vertalers kies hierdie interpretasie, en vertaal die frase met "geloof in Christus". Χριστοῦ kan egter ook as subjektiewe genitief geïnterpreteer word, met die vertaling: "getrouheid van Christus".

##### 7.2.2.4.1 Argumente vir Χριστοῦ as subjektiewe genitief

Indien die uitdrukking in die lig van die Ou-Testamentiese gebruik van die Hebreeuse term אמן ("geloof"; "getrouheid") bekyk word, is dit moontlik om Paulus se gebruik van πίστεως 'Ιησοῦ Χριστοῦ te verstaan soos πίστιν τοῦ θεοῦ (Rom 3:3 "getrouheid van God") en πίστεως Ἀβραάμ (Rom 4:16 "getrouheid van Abraham) (Longenecker 1990:87).

Die konstruksie πίστις plus genitief van 'n persoon of 'n persoonlike voornaamwoord kom 24 keer in die Pauliniese korpus voor, uitgesluit die kere waar πίστεως Χριστοῦ en sy ekwivalente gebruik word. Twintig keer verwys dit na die πίστις van Christene, individueel of kollektief, een keer na die πίστις van God (Rom 3:3), twee keer na die πίστις van Abraham (Rom 4:12,16) en een keer na iemand vir wie sy πίστις hom tot geregtigheid gereken is (Rom 4:5). In al die gevalle verwys dit na die geloof *van* (subjektiewe genitief) die individu, nooit na die geloof *in* (objektiewe genitief) die individu nie. Indien Paulus die subjektiewe genitief in Romeine 3:3 (getrouheid van God) en die subjektiewe genitief in Romeine 4:16 (getrouheid van Abraham) bedoel het, sal dit die lesers verwar as dieselfde konstruksie in Romeine 3:22,26 nie bedoel die "getrouheid van Christus" nie.

Paulus gebruik die uitdrukking πίστεως 'Ιησοῦ Χριστοῦ om die basis van die Christelike evangelie aan te dui, naamlik Christus se getroue gehoorsaamheid aan God in sy lewe en sterwe. Die gelowige glo dit wat Christus gedoen het en kry só deel aan die verdienste van Christus. Paulus balanseer die gebruik van die subjektiewe genitief πίστεως 'Ιησοῦ Χριστοῦ ("die getrouheid van Christus") en die subjektiewe reaksie van die mens ("iemand glo in") by drie geleenthede. Romeine 3:22 dui aan dat die geregtigheid van God διὰ πίστεως 'Ιησοῦ Χριστοῦ (deur die πίστις ["getrouheid"] van Jesus Christus) is εἰς πάντας τοὺς πιστεύοντας ("vir almal wat glo"). Galasiërs 3:22 dui dieselde gedagte aan: sodat die belofte, ἐκ πίστεως 'Ιησοῦ Χριστοῦ ("wat gebaseer is op die πίστις ["getrouheid"] van Jesus Christus") δοθῇ τοῖς πιστεύουσιν ("gegee kan word vir dié wat glo") en in Filippense 3:9: 'n geregtigheid τὴν διὰ πίστεως Χριστοῦ ("wat gebaseer is op die πίστις ["getrouheid"] van Christus") en τὴν ἐπὶ τῇ πίστει ("rus op

119 Rom 3:22,26; Gal 2:16(2x),20; 3:12; Ef 3:12; Fil 3:9 (In Gal 3:26 gebruik P[46] ook dié frase).

geloof"). Hierdie is nie bloot toutologiese konstruksies van Paulus, soos baie keer beweer word nie, maar Paulus se poging om die objektiewe (buite die mens in Christus) en die subjektiewe (die mens se glo-handeling) basis vir die Christelike lewe duidelik te stel (Longenecker 1990:88).

In Galasiërs 2:16 (εἰδότες [δὲ] ὅτι οὐ δικαιοῦται ἄνθρωπος ἐξ ἔργων νόμου ἐὰν μὴ διὰ πίστεως Ἰησοῦ Χριστοῦ, καὶ ἡμεῖς εἰς Χριστὸν Ἰησοῦν ἐπιστεύσαμεν, ἵνα δικαιωθῶμεν ἐκ πίστεως Χριστοῦ καὶ οὐκ ἐξ ἔργων νόμου, ὅτι ἐξ ἔργων νόμου οὐ δικαιωθήσεται πᾶσα σάρξ) word die kontras gestel tussen ἐξ ἔργων νόμου ("gebaseer op die werke van die wet") en διὰ πίστεως Ἰησοῦ Χριστοῦ ("gebaseer op die πίστις van Jesus Christus") en op hierdie punt stem Paulus en die ander Jode saam. Hier is die gebruik van twee onderskeie konstruksies duidelik deur alternatiewelik διὰ met die genitief te gebruik om die πίστις (getrouheid) *van* Christus uit te druk en εἰς met die akkusatief om die mens se aksie van πίστις (geloof) *in* Christus (oorgawe aan Christus) uit te druk. Die frases kan tog nie dieselfde beteken nie want dit sou toutologie in die vers tot gevolg hê. Die gevolg van hulle geloof word uitgedruk deur die ἵνα-frase wat volg: sodat die gelowige word geregverdig op grond van die getrouheid van Christus (ἐκ πίστεως Χριστοῦ) en nie op grond van die werke van die wet nie (οὐκ ἐξ ἔργων νόμου).

Die gebruik van πίστις in die Hellenistiese Joodse literatuur ondersteun die interpretasie dat Χριστοῦ in hierdie konteks subjektiewe genitief is (sien Howard [1992:758] vir volledige lys van voorbeelde). Dit maak dus nie sin dat die Hellenistiese Jood die objek van die geloof sal uitdruk met 'n subjektiewe genitief nie; teoreties kan dit nog wel, maar daar is nie getuienis dat dit gebeur nie. Die outeurs gebruik 'n voorsetsel as hulle die objek van die geloof wil aandui; πίστις gevolg deur die genitief van persoon het egter nooit dié betekenis nie. Daar is egter baie getuienis dat die outeurs πίστις gevolg deur die genitief gebruik om die subjek van πίστις uit te druk (Howard 1992:758).

Die vroeë vertalings van die Nuwe Testament (Siriese, Latynse en Koptiese Vertalings) het Χριστοῦ in hierdie konteks ook verstaan as subjektiewe genitief, soos blyk uit dié vertalings (Howard 1992:759). In hierdie vertalings onderskei hulle ook tussen die twee genitiewe in Galasiërs 2:16, soos hierbo aangedui. Die ander vertalings deur die eeue het ook die genitief só onderskeidend vertaal. Dit is waarskynlik Luther wat Χριστοῦ in hierdie konteks vir die eerste keer vertaal het as 'n objektiewe genitief (Howard 1992:759). Die meeste moderne vertalings vertaal Χριστοῦ in die frase πίστεως (Ἰησοῦ) Χριστοῦ as 'n objektiewe genitief.

**7.2.2.4.2 Die betekenis van Χριστοῦ as subjektiewe genitief**

Daar is verskeie interpretasies gegee vir die verstaan van πίστεως Ἰησοῦ Χριστοῦ - met Ἰησοῦ Χριστοῦ as subjektiewe genitief, naamlik as die:

- die swakheid van die mens wat sy skuiling vind in die vastigheid en sekerheid van die Here

- die geloof van God en die geloof van die mens wat deur Christus vervul word
- juridiese term om aan te dui hoe die erfenis van Abraham, in Christus, deurgegee is na sowel Jood as Griek
- geloof van Christus dat die kruis nie die einde is nie maar dat God Hom sal opwek uit die dood
- geloof wat gemanifesteer het in die dood van Jesus Christus aan die kruis en sy geloof is verteenwoordigend van die menslike geloof. Die πίστις van Christus het redding gebring en die getrouheid van God gemanifesteer. Die Christene is nie gered op grond van hulle eie geloof nie maar deur hulle deelname in die πίστις van Jesus Christus wat hulle verteenwoordiger in die geloof was (Hays 1983:174).
- geloof van Christus in God wat gedemonstreer is in sy gehoorsame lewe en sterwe. Die Christen deel in die geloof deur te glo in God en deur Hom te gehoorsaam soos Christus dit gedoen het (Pollard 1982).

Die πίστεως Χριστοῦ-formule wat veral in Romeine en Galasiërs gebruik word, verwys primêr na die insluiting van die nie-Jode in die belofte. Die πίστις van Christus is die vervulling van die belofte wat vir Abraham gegee is: dat al die nasies in hom geseënd sal wees. Christus handhaaf die geloof in die goddelike belofte, deur die deur oop te maak vir almal, ook die nie-Jode. Vir Paulus is die leer van die regverdigmaking deur die πίστις van Christus, die wyse waarop God Israel en die nasies verenig in die teenwoordige tyd om hulle te lei tot geloof in God en só die redding van die mensdom bewerkstellig (Howard 1992:760).

#### 7.2.2.4.3 Argumente vir Χριστοῦ as objektiewe genitief

Die argumente wat gebruik word vir die verstaan van Χριστοῦ as objektiewe genitief in die frase πίστεως ('Ιησοῦ) Χριστοῦ is nie baie oortuigend nie. Cranfield (1980:203) maak die subjektiewe gebruik bloot af as onoortuigend (in 'n voetnota). Bruce (2002:139) se argument is dat die tweede gebruik van πίστις in Galasiërs 2:16 (ἡμεῖς εἰς Χριστὸν 'Ιησοῦν ἐπιστεύσαμεν) wel dui op Christus as die objek van die geloof en vanuit hierdie feit maak hy die afleiding dat die eerste en die derde gebruik van πίστις (2:16) daarom ook objektiewe genitief is. Die verdere argument wat gebruik word, is dat πίστις altyd geloof *in* iets/iemand is; tog is hierbo aangedui dat πίστις ook vir "getrouheid" gebruik kan word. Schreiner (2005:185) se argument is dat die meeste voorkomste van πίστις in Romeine en Galasiërs verwys na die geloof van die gelowige "in Christus" en nie na die getrouheid (πίστις) van Jesus nie. Ek het die teendeel hierbo aangedui.

#### 7.2.2.4.4 Samevattend

Jesus Christus is die inhoud van die gelowige se geloof en die gelowige glo wel in Jesus Christus. Jesus Christus is dus inderdaad die objek van die geloof (ἡμεῖς εἰς Χριστὸν 'Ιησοῦν ἐπιστεύσαμεν). Dat die getrouheid (πίστις) van Christus (Χριστοῦ as subjektiewe genitief) die geregtigheid van God verdien het en die basis van die gelowige se geloof is, kan egter nie ontken word nie (διὰ πίστεως 'Ιησοῦ Χριστοῦ). Die gelowige kry deel in die πίστις van Christus deur die geloof wat God in die hart van die gelowige werk.

Daarom is ek oortuig dat die argumente vir die subjektiewe gebruik van Χριστοῦ wel geldig is in die agt (nege) gevalle wat in voetnota 119 genoem is.

**7.2.2.5 Geloof as gehoorsaamheid**

Romeine 5:17 (εἰ γὰρ τῷ τοῦ ἑνὸς παραπτώματι ὁ θάνατος ἐβασίλευσεν διὰ τοῦ ἑνός, πολλῷ μᾶλλον οἱ τὴν περισσείαν τῆς χάριτος καὶ τῆς δωρεᾶς τῆς δικαιοσύνης λαμβάνοντες ἐν ζωῇ βασιλεύσουσιν διὰ τοῦ ἑνὸς Ἰησοῦ Χριστοῦ)[120] is 'n definisie van geloof in die kleine en dui aan wat dit beteken om te glo (Furnish 1978:183). Die gelowiges is dié wat God se genade en geregtigheid ontvang het (οἱ λαμβάνοντες) vanweë die feit dat hulle deur die geloof behoort aan die Een deur Wie die genade en geregtigheid gegee is.

Paulus poog egter nie om 'n definisie van geloof te gee nie; hy bied die voorbeeld van Abraham aan as illustrasie (Rom 4:1vv; Gal 3:6vv; Rom 9:6vv). Abraham se geloof hou in die *vertroue* in die reddingsdoel van die regverdige God (Furnish 1978:183). Abraham se geloof is nie net vertroue nie maar ook *hoop* (Rom 4:18). Geloof is ook 'n verwysing na *intellektuele aanvaarding* van dit wat Christus gedoen het (Whiteley 1974:162). In die laaste plek is dit die krag van God wat maak dat Abraham kan vertrou en hoop, want sy geloof is in die God wat kan doen wat Hy belowe (Rom 4:21).

Geloof sluit *aktiwiteit/gehoorsaamheid* in. Hiermee word nie bedoel 'n werk in die sin van die werke van die wet of die besnydenis nie. Tog is daar aktiwiteit in die geloof as 'n resultaat van God se werk. Daarom kan Paulus praat van die "werk van die geloof" (τοῦ ἔργου τῆς πίστεως) (1 Tess 1:3; 2 Tess 1:11) en "die geloof werk deur die liefde" (πίστις δι' ἀγάπης ἐνεργουμένη) (Gal 5:6). In Romeine 1:5 dui Paulus aan dat hy die nasies wil bring tot die gehoorsaamheid van die geloof; daarmee integreer hy geloof en gehoorsaamheid (Du Toit 2006:173).

Twee keer verwys die gehoorsaamheid na Christus se eie aktiwiteit (Rom 5:19; Gal 1:4), waar Christus se gehoorsaamheid (ὑπακοή) gekontrasteer word met die ongehoorsaamheid (παρακοή) van Adam. Die gehoorsaamheid van Christus is die uitvoering van God se bevel, sy gehoorsaamheid tot die dood. Op ander plekke verwys die gehoorsaamheid na die gelowige, dié wat deur die geloof aan God behoort en só deel in sy gehoorsaamheid.

Die voorwerp van die geloof word soms gespesifiseer as "Christus self" (2 Kor 10:5-6) of die "evangelie" (Rom 10:16) of die "waarheid" (Rom 2:8; Gal 5:7). Soms word gehoorsaamheid gebruik sonder om spesifiek 'n voorwerp aan te dui (Rom 15:18; 15:31; 2 Kor 2:9; 7:15: Fil 2:12; Filem 21). Op geen stadium word daar van gehoorsaamheid aan die "wet" of aan die "wil" van God gepraat nie en die rede is waarskynlik dat Paulus juis wil aandui dat enige eis wat die gelowige op God het, opgegee moet word en dat hy hom moet oorgee aan die totale eis wat God op die gelowige het (Furnish 1978:194).

120 Rom 5:17 "Deur die oortreding van die een mens het die dood begin heerskappy voer deur hierdie een mens, maar deur die Een, Jesus Christus, is veel meer bereik: dié wat die oorvloed van genade en die vryspraak as gawe ontvang het, sal lewe en heerskappy voer."

Abraham het homself heeltemal oorgegee aan God en net op sy krag vertrou. Daardeur ontvang hy die gawe om met God in die regte verhouding te staan (Rom 4:2). Omdat die gelowige se lewe heeltemal vir God in gehoorsaamheid gegee is, is hy vry van die werke van die wet. Gehoorsaamheid is die etiese dimensie van geloof, terwyl geloof die gehoorsaamheid motiveer en van stapel stuur (Du Toit 2006:173).

Die geloof lei die gelowige ook tot die belydenis van Jesus as *kurios* en dit maak die gehoorsaamheidskarakter van die geloof duidelik (Rom 10:9a). Geloof is die erkenning dat die gelowige aan Christus behoort en is dus 'n daad van onvoorwaardelike verbintenis aan Hom. Hierdie gehoorsaamheid aan Christus, wat geloof impliseer, is so volledig dat Paulus praat daarvan dat die gelowige "in Christus" is (2 Kor 5:17) en dat Christus "in die gelowige" is, Hy is absoluut soewerein in sy lewe (2 Kor 13:5; Gal 2:20). Dié wat Jesus Christus as die objek van hulle geloof het, is die kinders van Abraham, want in Hom is die reddingswerk van God vervul (Rom 4:24b-25; Gal 3:16vv). Geloof beteken die openheid en die deelname in die reddingskrag van God deur die dood en opstanding van Jesus Christus. Deur die geloof het die gelowige gesterf vir die sonde en dood soos Christus vir hulle gesterf het en hulle lewe in die hoop op die opstanding saam met Hom (Furnish 1978:184).

Die gelowige moet homself reken as dood vir die sonde en lewend vir God.[121] Die λογίζεσθε is 'n praesens imperatief, wat volg op 'n hele aantal indikatiewe in die aoristus.[122] Die praesens imperatief dui daarop dat die gelowige gedurig en aktief die eenheid in Christus moet toeëien as 'n lewensbepalende realiteit (Du Toit 2006:177). Paulus roep dus die mens op om te glo en dit is 'n wesenlike deel van die evangelie wat Paulus verkondig.

Geloof is dus gehoorsaamheid (Furnish 1978:202).[123] Geloof en gehoorsaamheid is omruilbare terme, netsoos ongeloof en ongehoorsaamheid (Ridderbos 1979:237).[124] Geloof is die middel en die wyse waarop die nuwe lewe realiseer in die lewe van die gelowige.

---

121 Rom 6:11 οὕτως καὶ ὑμεῖς λογίζεσθε ἑαυτοὺς [εἶναι] νεκροὺς μὲν τῇ ἁμαρτίᾳ ζῶντας δὲ τῷ θεῷ ἐν Χριστῷ Ἰησοῦ.

122 Πιστεύω ("glo"): aoristus - Rom 10:9, 14, 16; 13:11; 1 Kor 3:5; 15:2, 11; 2 Kor 4:13; Gal 2:16; Ef 1:13; 2 Tes 1:10; 1 Tim 3:16; praesens (= "gelowige" of "die daad van geloof") -Rom 1:16; 3:22; 4:5, 11, 24; 9:33; 10:4,10,11; 15:13; 1 Kor 1:21; 14:22; 2 Kor 4:13; Gal 3:22; Ef 1:19; Fil 1:29; 1 Tess 1:7; 2:10, 13; 4:14; 1 Tim 1:16; perfektum - 2 Tim 1:12; Tit 3:8.

123 Furnish (1978:202) dui verder aan dat gehoorsaamheid liefde is, veral liefde teenoor die naaste. Omdat gehoorsaamheid die totale behoort aan God is, praat Paulus selde van God as die voorwerp van die liefde. Dié saak val egter buite die skopus van hierdie studie.

124 Vergelyk vir geloof en gehoorsaamheid Rom 1:8 en 16:19 asook 1 Tess 1:8 en Rom 15:18 en vir ongeloof en ongehoorsaamheid Rom 2:8 en Ef 2:2; 5:6.

## 7.3 DIE BELYDENISSKRIFTE OOR DIE GELOOF

Die belydenisskrifte gee 'n nuttige samevatting van die geloof:

- Die Nederlandse Geloofsbelydenis dui aan dat die geloof in die hart van die gelowige ontvlam deur die werking van die Heilige Gees sodat hy die geheimenis van die verdienste van Christus Jesus omhels. Die geloof maak Christus sy eie en die gelowige soek niks anders nie. Die geloof maak nie die gelowige regverdig nie, maar is slegs die middel waardeur Christus Jesus aanvaar word (NGB Artikel 22).
- Die Heidelbergse Kategismus sê dat die geloof 'n *vaste kennis* is van wat God in sy Woord openbaar en dit as waar en eg aanvaar en 'n *vaste vertroue* wat die Gees in die hart werk dat die Here persoonlik vir die gelowige al die weldade in Christus geskenk het (HK Sondag 7 vraag en antw 21).
- Die Dordtse Leerreëls dui die geloof aan as 'n gawe van God wat nie aan die vrye wil van die mens aangebied word nie maar ingegee en ingestort word. Die geloof is nie slegs 'n vermoë om te glo wat dan deur die vrye wil van die mens daadwerklik word nie. Sowel die wil om te glo en die geloof self word in die mens tot stand gebring (DL 3/4:14). Die uitverkiesing word genoem die oorsaak van die geloof en geloofsgehoorsaamheid; God buig die harte om, sodat hulle glo (DL 1:6,9). Die feit dat die gelowige nie permanent uit hierdie geloof en die genade kan val nie, is nie vanweë die inspanning van die gelowige nie maar die genadige barmhartigheid van God (DL 5:8).

Die belydenisskrifte het die Bybel se siening oor die geloof goed saamgevat. Dit is God se genadewerk wat die mens ombuig om te glo en hom in die geloof laat bly. Dit sluit nie uit dat die werk van God so wonderlik is dat die mens self glo op grond van die kennis van die werk van Christus Jesus en daarop vas vertrou vir sy eie redding en vergifnis nie. Daar word nie met die mens gehandel soos met 'n stok en blok nie.

## 7.4 GELOOF EN DIE "SAAMGEKRUISIG"-METAFOOR IN GALASIËRS 2:15-21

Galasiërs 2:15-21 is belangrik vir die verstaan van die nuwe lewe volgens Paulus. Dié Skrifdeel beweeg van die feit dat die gelowige "saam met Christus" is, na feit dat Christus "in hom" is. Die sterwe van die gelowige, eens en vir altyd, saam met Christus, wat die gelowige laat besef hy is dood vir homself en die sonde en dat hy lewe vir God, word alles verbind met die geestelike gemeenskap met Christus (Ridderbos 1979:232). Die gelowige is nie meer aangewese op sy eie self nie; Christus leef nou in hom en hierdie nuwe Christuslewe word 'n realiteit deur die geloof. Die lewe deur die geloof is dieselfde as die lewe in gemeenskap met Christus Jesus.[125]

Die geloof het ook 'n baie spesifieke inhoud naamlik dat dit Christus Jesus is (πίστις Ἰησοῦ Χριστοῦ). Vir Paulus het dit nie gegaan om maar net te glo nie, maar om te glo in Jesus Christus. Paulus het in die regte verhouding met God gekom deur in die geloof na Christus te draai (Gal 2:15vv). Geloof is nie die basis waarop die regverdigmaking

[125] Ridderbos (1979:233) dui tereg aan dat die wandel in Christus (Rom 6:11; Kol 2:6; Fil 4:1; 1Tes 3:8) dieselfde is as wandel deur die Gees (Gal 5:25; Rom 8:4) en ook as die wandel in die geloof (Gal 2:20; 2 Kor 5:7; Rom 11:20; 1 Kor 16:13; 2 Kor 1:24).

gebou word nie maar die wyse waarop dit bemiddel word na die gelowige toe (διὰ πίστεως) (Betz 1979:117). Geloof is nie die rede waarom God sekere mense regverdig maak en ander nie; geloof is ook nie bloot die toeëien-reaksie van dié wat geregverdig is nie (Whiteley 1974:165). Geloof regverdig nie vanweë sy eie aard nie maar vanweë die objek waarheen dit wys, waaraan dit geanker is, Jesus Christus (Ridderbos 1979:172). Die elektriese stroom gaan nie deur die draad omdat die draad gloei nie, nee, die gloei van die draad is die reaksie op die stroom wat daardeur vloei.

Geloof is die totale oorgawe aan Jesus Christus, 'n volledige aanvaarding van alles wat Hy is en alles wat Hy vir die gelowige se redding gedoen het (Ryken 2005:63). Die rede waarom geloof die gelowige in die regte verhouding met God plaas, is omdat die geloof Christus aanvaar en vasgryp. Uit hierdie verhouding groei 'n nuwe lewenssituasie. Paulus is saam met Christus gekruisig en Christus bepaal nou sy lewe en hy lewe sy lewe deur die geloof in die Seun van God wat vir hom gesterf het (Goppelt 1982:129). Paulus dui aan dat die geloof 'n persoonlike verbintenis met Christus is (Gal 2:16 καὶ ἡμεῖς εἰς Χριστὸν Ἰησοῦν ἐπιστεύσαμεν) en persoonlik moet elkeen ophou om te dink dat die werke van die wet hom kan red.

Die regverdiging deur die geloof plaas die gelowige in Christus en wanneer hy in Christus is, word hy 'n nuwe mens. Die gelowige word nie slegs geregverdig deur die geloof nie; dit is ook deur die geloof dat hy lewe. Deur die geloof is die gelowige saam met Christus gekruisig; hy is dus dood vir die wet en die "ek". 'n Deur dieselfde geloof leef Christus nou in en deur hom. In sy ou lewe het die wet sy horison gevul en sy denke gedomineer maar nou is dit Christus wat daardie plek inneem (Cole 1983:83). Die gelowige lewe nou in 'n geloofseenheid met die opgestane Christus en omdat die gelowige in Christus lewe, lewe hy nie meer in die sonde nie maar tot die verheerliking van God.[126] Die Christen is dood vir die wet en homself; tog lewe hy nog "in die vlees" (ἐν σαρκί) maar nou is hy verenig met Christus deur die geloof (ἐν πίστει ζῷ). Vir die gelowige is Christus die enigste betekenis in sy lewe en elke oomblik word in afhanklikheid van Hom geleef.[127]

Samevattend kan gesê word dat die gelowige nie die regverdiging (δικαιοσύνη) ontvang op grond van sy eie dade nie. Paulus verwerp hiermee 'n spesifieke gesindheid wat in die mens ontstaan, naamlik om selfversekerd voor God te staan op grond van sy eie werke. Hy kan dit alleen ontvang as 'n geskenk, met geloof (πίστις) as die hand waarmee die geskenk ontvang word. Hierdie "hand, geloof is self ook 'n geskenk (Ef 2:8). Dit reduseer egter nie die mens tot passiwiteit nie. 'n Boom wat die water en minerale uit die grond opneem, en die lig van die son ontvang, is tog baie aktief (Hendriksen 1979:98). So is die geloof ook: dit ontvang wel alles in genade maar is beslis nie passief nie maar inderdaad baie aktief (Fil 2:12-13). Die hart van die mens word beweeg na die geloof deur die kreatiewe Woord van God en die gelowige dra die getuienis uit van dit wat God in sy hart gedoen het (Rom 10:9-10). Geloof bevestig die menslikheid van die mens: dat hy nie sy eie bestemming kan bepaal nie maar alleen kan rus in die krag van God, die Lewe self (Healey 1992:749).

---

[126] Om te lewe deur die geloof is dieselfde as om te wandel met die Gees (Gal 5:25) (Bruce 2002:145).
[127] Die nuwe lewe word uitgebou in Gal 3:1-4:31 en die opdragte vir die lewe in Gal 5:1-6:10.

## 7.5 GELOOF EN DIE "SAAMGEKRUISIG"-METAFOOR IN ROMEINE 6:1-14

"Deur die geloof" (διὰ πίστεως) is vir Paulus die enigste manier waardeur die gelowige deel kan kry in die geregtigheid van God. In Romeine 1:17 stel hy dit so sterk dat hy sê: ἐκ πίστεως εἰς πίστιν, asof hy wil sê: Van A tot Z is dit 'n saak van geloof en niks anders nie (Ridderbos 1979:172).

Paulus gebruik nooit die imperatief van die werkwoord "glo" nie. In Romeine 6:11 stel hy die imperatief aan dié wat saam met Christus gesterf het met die woorde "reken julleself" (λογίζεσθε ἑαυτοὺς), sien julleself deur die oë van God; dit is: om te glo. Deur die geloof moet gelowige weet hy het gesterf saam met Christus en dat hy lewe vir God (Rom 6:11). Dit is deur die geloof wat die Gees Homself kommunikeer aan die gelowige in al sy handelinge en gawes. Die imperatief word gerealiseer deur die geloof, soos die oproep "bekeer", of die oproepe in Romeine 6:19: "gee julleself tot diens van die geregtigheid" (παραστήσατε τὰ μέλη ὑμῶν δοῦλα τῇ δικαιοσύνῃ) en 2 Korintiërs 5:20: "versoen julleself met God" (καταλλάγητε τῷ θεῷ) (Goppelt 1982:129). Die nuwe lewe waartoe die Christen opgeroep word, is nie 'n byvoeging by die geloof nie; dit is geloof, 'n toeëiening van wat God reeds toegesê het (Bornkamm 1975:202).[128]

As iemand wat aan Christus behoort, is die gelowige verbind tot diens. Paulus gebruik die beeld van die slaaf vir dié mens wat net sy eie luste gehoorsaam (Rom 6:12) maar hy gebruik dit ook om dieselfde gehoorsaamheid wat God vra, aan te dui. Die gelowige moet homself tot die beskikking van God stel (παριστάναι) (Rom 6:13,16,19). Netso volledig en gehoorsaam as 'n slaaf moet die gelowige hom stel tot die beskikking van sy Eienaar.

Daar is twee sake wat hier belangrik is:

- Die gelowige se gehoorsaamheid is onskeidbaar van die gebeure van God se genade wat dit moontlik gemaak het. Die mag van die sonde is verplaas deur die mag van die genade, want die gelowige het saam met Christus gesterf en opgestaan (Rom 4:13,14).[129] Die gelowige het 'n nuwe lewe, want hy het 'n nuwe Eienaar (Rom 6:4) en hy rig sy lewe nou in deur die Gees (Rom 8:4; Gal 5:16) (Furnish 1978:195).
- Dit is duidelik dat Paulus nie in Romeine 6:12vv gehoorsaamheid sien as gelyk met regverdige dade wat kom uit moralisme of 'n wettiese gesindheid nie. As die gelowige opgeroep word om homself as instrument (ὅπλα) tot geregtigheid te gee (Rom 6:13,18), wys dit dat die geregtigheid nie iets onder sy beheer is nie; hy moet juis daardeur beheer word. Geregtigheid is nie binne die gelowige se vermoë om dit self te bewerk nie maar geregtigheid is die krag van God in Wie se diens die gelowige staan (Furnish 1978:196). Geregtigheid is nie die doel van gehoorsaamheid nie maar die noodsaaklike vooraf-gebeure. Die

[128] Vir vollediger bespreking van die verhouding tussen God se werk en die mens se werk, vergelyk Hoofstuk 6 (6.5).

[129] Furnish (1978:195) dui aan dat die gelowige nog nie saam met Christus opgestaan het nie. Hy verstaan die futurum in Romeine 6:5,8 as verwysend na 'n toekomstige gebeure.

gehoorsaamheid aan die sonde is tot die dood (εἰς θάνατον), want om onder die mag van die sonde te wees is om vervreem van God te wees en van die lewe en van die ware bestemming van die mens. Aan die ander kant is die Christen se gehoorsaamheid tot geregtigheid (εἰς δικαιοσύνην), want om onder die krag van die genade te staan, beteken dat sodanige persoon se saak met God reg is; só het hy ware betekenis in die lewe (Rom 6:16). Dit kan lyk asof gehoorsaamheid lei tot die regte verhouding met God, maar dit is nie wat Paulus sê nie. Daar kan nie vir geregtigheid gewerk word nie; dit kan ook nie verdien word nie. Dit word ontvang as 'n geskenk van God en lei tot 'n nuwe lewe, 'n volledig oorgegewenheid aan die Here.[130]

Paulus gebruik "elkeen/almal (πᾶς) wat glo" 71 keer en daarmee wil hy teenoor die Jode wat wil vashou aan 'n bevoorregte posisie vir die Jood, duidelik laat blyk dat daar geen onderskeid in die genade van God is nie (Dunn 1998:372). "Almal wat glo" (1:5,16; 2:9,10; 3:9,19,20,22; 4:11,16; 10:4,11) dui op die Jood en nie-Jood wat op dieselfde manier in die regte verhouding met God kom.

## 7.6 SAMEVATTEND

Die mens kom nie in die regte verhouding met God vanweë dit wat hy is, dit wat hy besit, of dit wat hy bereik nie maar juis omdat hy niks is, niks het, niks besit en niks kan bereik nie. Die gelowige moet juis deur die geloof alles verkry. Geloof staan teenoor werke deurdat dit totaal ontvanklik en afhanklik is (Ridderbos 1979:172). So word alle menslike eise en trots uitgeskakel (Rom 3:27).

Geloof is ook gehoorsaamheid aan die inhoud van die geloof: Jesus Christus. Die gehoorsaamheid is die bevestiging van die geloof en die evangelie. Die geloof reageer op die genade van God en daarmee gee die gelowige enige ander poging om redding te verkry, op. Die geloof word bely omdat dit inhoud het (Rom 10:9,10; 2 Kor 4:13).

Geloof is om Jesus Christus te ken as die Redder; geloof word deur God gewerk in die hart van die gelowige om te kan glo en vertrou op Christus vir sy eie verlossing.

[130] Filippense 1:11 dui die geregtigheid aan as die vrug wat ontvang word van Jesus Christus (καρπὸν δικαιοσύνης τὸν διὰ Ἰησοῦ Χριστοῦ).

# HOOFSTUK 8

# SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

## 8.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word 'n samevatting van die "saamgekruisig"-metafoor gegee binne die konteks van die Briewe van Paulus, met verwysing na die etiese implikasie. Die bestaan van die Christen is vir Paulus 'n bestaan in Christus deur die geloof, en nie meer in die natuurlike lewe nie. Hierdie nuwe lewe is gegrond in die werk van Jesus Christus.

## 8.2 DIE NUWE LEWE IS GEGRONDVES OP DIE GETROUHEID VAN JESUS

Die ondersoek het aangetoon dat die Galasiërs se goedbedoelde begeerte om die geregtigheid te verkry deur die wet te onderhou of deur die besnydenis, absurd is en hulle nie hulle doel sal laat bereik nie. Die gelowige word nie geregverdig deur enige iets wat hy doen, het, of is nie. Paulus argumenteer dat die gelowige geregverdig word deur die getrouheid van Jesus (πίστεως [Ἰησοῦ] Χριστοῦ), wat ons liefgehad en Homself vir ons gegee het (Gal 2:16,20). Die gelowige het saam met Christus gesterf, sy lewe is verby, en kan derhalwe nie dink dat hy enige iets kan bydra nie. Die gelowige is 'n ontvanger van dit wat Christus gedoen het. Galasiërs 4:9 sê dit duidelik: νῦν δὲ γνόντες θεόν, μᾶλλον δὲ γνωσθέντες ὑπὸ θεοῦ, πῶς ἐπιστρέφετε πάλιν ἐπὶ τὰ ἀσθενῆ καὶ πτωχὰ στοιχεῖα οἷς πάλιν ἄνωθεν δουλεύειν θέλετε?[131] Paulus dui aan dat God hulle ken en dat hulle Hom ken én dit wat Hy in Christus gedoen het. Hulle moet nie weer terugval en slawe van die self, van hulle eie pogings, word nie. Hulle moet steun op Christus se getroue uitvoering van die opdrag van God. In 2 Korintiërs 5:18a sê Paulus duidelik: τὰ δὲ πάντα ἐκ τοῦ θεοῦ τοῦ καταλλάξαντος ἡμᾶς ἑαυτῷ διὰ Χριστοῦ.[132]

## 8.3 DIE EINDE VAN DIE SELF-LEWE

Die Here Jesus Christus het die plaasvervangende offer vir die gelowige aan die kruis gebring. Dit is belangrik om te besef dat daar ook 'n heiligmakende werk aan die kruis plaasvind. Aan die kruis word die ou mens, die self, saam met Christus gekruisig. Die gelowige moet homself saam met die sondelose Verlosser aan die kruis sien.

Die kruis is die simbool van skande, degradering en vervloeking - vervloek is elkeen wat aan 'n kruis hang (Gal 3:18).[133] God het met die sondige self aan die kruis afgereken, wat wys dat die self (ou mens) slegs die vloek van God waardig is. Die vloek lê daarin dat die mens ná die sondeval sy self die kern van sy lewe gemaak. Galasiërs 5:19-21 sê: "Die praktyke van die sondige natuur is algemeen bekend: onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, afgodsdiens, towery, vyandskap, haat, naywer, woede,

131 Gal 4:9: "Maar noudat julle Hom leer ken het, of liewer, noudat Hy julle ken, hoe val julle dan nou weer terug na daardie minderwaardige en armsalige wettiese godsdienstige reëls? Wil julle van voor af weer slawe daarvan wees?"

132 2 Kor 5:18: "Dit alles is die werk van God. Hy het ons deur Christus met Homself versoen."

133 Gal 3:18 Χριστὸς ἡμᾶς ἐξηγόρασεν ἐκ τῆς κατάρας τοῦ νόμου γενόμενος ὑπὲρ ἡμῶν κατάρα, ὅτι γέγραπται, **Ἐπικατάρατος πᾶς ὁ κρεμάμενος ἐπὶ ξύλου.** Christus het ons losgekoop van die vloek wat die wet meebring, deur in ons plek 'n vervloekte te word. Daar staan naamlik geskrywe: "Vervloek is elkeen wat aan 'n hout opgehang is."

rusies, verdeeldheid, skeuring, afguns, dronkenskap, uitspattigheid en al dergelike dinge."[134] Dit wys duidelik waarom die ou mens onder die vloek van God is en waarom daar geen ander plan is as dat die ou mens aan die kruis moet sterf nie. Oral in die samelewing word hierdie ou lewe sigbaar.

Christus moet die plek inneem waar die self altyd gesetel was. Paulus gaan verder in Galasiërs 3:3: "Is julle dan so sonder begrip? Julle het met die Gees begin; wil julle nou in eie krag eindig?"[135] Dit is wat baie keer in die lewe van die gelowige gebeur: hy wil die nuwe lewe nou deur "die vlees" (deur die self) lewe. Hy probeer om die Here te vrede te stel en te beïndruk met sy eie lewe. Die self bly egter steeds die kern van sy lewe, en dít is die vloek. Hoe kan die gelowige nog daarin lewe en die ou mens omhels? Die ou self moet sterf en vervang word met die Here Jesus Christus. Die mens is egter so lief vir homself dat hy nie bereid is om die skande van kruis te dra en te sterf nie.

Hoe kan die ou mens sterf? Aan die kruis! Galasiërs 1:4 dui dit duidelik aan: "... wat Homself vir ons sondes gegee het om ons te verlos uit hierdie goddelose wêreld en so die wil van God ons Vader te volbring."[136] Die kruis staan tussen die gelowige en sy verlede, tussen hom en die wêreld, tussen hom en sy ou self (vgl Gal 2:19-21 en Rom 6:6).

## 8.4 DIE NUWE LEWE VANUIT DIE GELOOF

Beteken die feit dat die redding van die mens alleen rus op die getrouheid van Jesus Christus dat die gelowige se geloofsreaksie onbelangrik is? Nee beslis nie. Dit beteken egter dat geloof nie die voorwaarde vir die ontvang van die gawe van God is nie. Die geloof is die regte manier om te reageer op wat God reeds in Jesus Christus gegee het. Dit is die manier om te leef volgens die voorbeeld wat Jesus Christus gegee het: 'n lewe in getrouheid aan die Here. Die gelowige is dus ingetrek in 'n nuwe leefstyl (Gal 2:19 en 6:15), 'n leefstyl van gehoorsaamheid (2 Kor 5:14b-15). Omdat die gelowige deel het in Jesus Christus, wat ἐκ πίστεως gelewe het, lewe die gelowige nou ἐν πίστει.

Christus en die gelowige word een aan die kruis, deur die geloof in Jesus Christus, en so kom die gelowige tot 'n einde aan homself. Deurdat die gelowige kniel by die kruis en homself oorgee aan Christus, word dit 'n realiteit in sy lewe. Die gelowige moet die self, met sy soeke na perfeksie, sy veroordeling van ander, sy sonde, reken as 'n vervloekte en een wat dit verdien om aan die kruis te hang. Die ou mens moet daar hang vanweë die keuse vanuit die wil en geloof van die gelowige.

In die tyd van die Nuwe Testament is dit gewoonlik gesimboliseer deur die doop, waartydens die gelowige sy geloof in Jesus Christus in die openbaar bely het. Die

134 Gal 5:19-21a [19] φανερὰ δέ ἐστιν τὰ ἔργα τῆς σαρκός, ἅτινά ἐστιν πορνεία, ἀκαθαρσία, ἀσέλγεια, [20] εἰδωλολατρία, φαρμακεία, ἔχθραι, ἔρις, ζῆλος, θυμοί, ἐριθεῖαι, διχοστασίαι, αἱρέσεις, [21a] φθόνοι, μέθαι, κῶμοι καὶ τὰ ὅμοια τούτοις.

135 Gal 3:3 οὕτως ἀνόητοί ἐστε, ἐναρξάμενοι πνεύματι νῦν σαρκὶ ἐπιτελεῖσθε;

136 Gal 1:4 τοῦ δόντος ἑαυτὸν ὑπὲρ τῶν ἁμαρτιῶν ἡμῶν, ὅπως ἐξέληται ἡμᾶς ἐκ τοῦ αἰῶνος τοῦ ἐνεστῶτος πονηροῦ κατὰ τὸ θέλημα τοῦ θεοῦ καὶ πατρὸς ἡμῶν.

implikasie van die keuse het gewoonlik gelei tot verwerping en veragting deur die gemeenskap, soos die sterwe aan die kruis.

Die gelowige moet homself reken (λογίζομαι) as "dood aan die kruis" en dat die dood van Christus tussen hom en die ou mens lê. Die gelowige misluk om die lewe in die geloof te lewe, omdat hy nie die ou mens die plek gee wat God aan hom gee nie, naamlik aan die kruis. Waar die self-lewe wil opstaan, moet die gelowige homself reken (λογίζομαι) as dood vir die ou self; en reken dat die kruis tussen hom en die ou mens staan. Dit blyk duidelik uit Galasiërs 5:24: "Dié wat aan Christus Jesus behoort, het hulle sondige natuur met al sy hartstogte en begeertes gekruisig."[137] Ook Galasiërs 6:14 spel dit uit: "Maar wat my betref, mag God verhoed dat ek ooit oor iets anders roem as oor die kruis van ons Here Jesus Christus, want deur die kruis is die wêreld vir my dood en ek vir die wêreld."[138] Hierdie "reken" (λογίζομαι) is juis die geloof waarvan Paulus praat.

**8.5 DIE ETIESE IMPLIKASIES**

Deur die gelowige se eenheid met Christus ondergaan hy 'n transformasie wat veroorsaak dat sy totale leefstyl van 'n nuutheid getuig. Romeine 6:11-14 lê die klem veral op die etiese eis van 'n nuwe lewe as opdrag aan die gelowige, terwyl dit in Galasiërs die natuurlike uitvloeisel is van die gekruisig-wees saam met Christus. Omdat God die slawerny van die sonde verbreek het deur die ingrepe van Jesus Christus, moet die gelowige nou sy verbintenis en getrouheid oordra aan die Een wat hom vrygemaak het. Die gelowige leef in die nuwe bedeling deur die krag van die Heilige Gees, en vry van die wet. Die nuwe bedeling is nie maar net 'n reeds-verworwe *status quo* wat verdedig moet word nie maar ook 'n doel wat bereik moet word (Gal 5:6: Al wat van belang is, is geloof wat deur die liefde tot dade oorgaan.)[139]

Die nuwe lewe van Christus in ons, is net moontlik deur die Gees, deur die geloof. Die Gees stry teen die "vlees", die mens se onweergebore natuurlike geaardheid. So word Jesus 'n lewende realiteit in die gelowige se lewe. Die Gees vestig die gedagtes op Jesus. Die Heilige Gees maak die gelowige se "reken" (λογίζομαι) waar. Die gelowige kies die kruis op grond van die werk van Jesus Christus maar "die vlees" maak dood (Gal 5:17, 5:16, 5:18, 5:25). Terwyl die gelowige sy lewe inrig onder beheer van die Gees, begeer die Gees teen "die vlees".

Christus leef deur sy Heilige Gees in die gelowige (Gal 2:20 en Gal 4:19). Die nuwe lewe lei dus tot 'n lewe van gehoorsaamheid, omdat dit Christus is wat in die gelowige lewe. Die etiek kan nie deur 'n wet gelei word nie maar alleen deur die Gees wat die krag gee, dié Gees wat eenheid met Christus vereis. Die gelowige word geroep om te handel in 'n skeppende vryheid met die Gees om te word wat in Romeine 12:1 geëis word: "En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen." Die Heilige Gees wat aan die

[137] Gal 5:24 οἱ δὲ τοῦ Χριστοῦ ['Ιησοῦ] τὴν σάρκα ἐσταύρωσαν σὺν τοῖς παθήμασιν καὶ ταῖς ἐπιθυμίαις.

[138] Gal 6:14 ἐμοὶ δὲ μὴ γένοιτο καυχᾶσθαι εἰ μὴ ἐν τῷ σταυρῷ τοῦ κυρίου ἡμῶν 'Ιησοῦ Χριστοῦ, δι' οὗ ἐμοὶ κόσμος ἐσταύρωται κἀγὼ κόσμῳ.

[139] Gal 5:6b ἀλλὰ πίστις δι' ἀγάπης ἐνεργουμένη.

werk is deur die geloof, sal deur die vrug van die Gees in die lewe van die gelowige gemanifesteer word.

Die "saam met Christus gekruisig"-wees veroorsaak dat die gelowige se lewe nooit weer dieselfde kan wees nie, maar dat hy/sy afskeid geneem het van die ou mens, en die lewe van die nuwe mens leef – en só deel in die opstanding van Jesus Christus.

# ABSTRACT

**"Being crucified with Christ" and the Ethics in the Letters of Paul. An Exegetical Study.**
**[Keywords: *sunstauroo*, letters of Paul, ethics, sanctification, holiness, crucifixion]**


The aim of this study is to determine how the metaphor "being crucified with Christ" influences the ethics in Paul's letters. The approach is exegetical.

The first purpose was to construct the socio-historical context of the phrase 'being crucified with Christ'. The cross, the modes of crucifixion and the phrase "with" (σύν) are studied from a socio-historical perspective. It became clear that the cross was reserved as punishment for the lowest classes and the worst criminals. The cross was one of the cruellest and inhuman ways to kill someone. The shame and pain that accompany it was too much to bear. Any person in those times who heard they must be crucified with Jesus, would have been shocked to the core.

Detailed exegesis has been done of two Scripture passages, Romans 6:1-14 and Galatians 2: 15-21. The two portions contain the phrase "being crucified with Christ". The grammatical-historical method of exegesis has been used in the research.

The phrase "being crucified with Christ" has then been studied against the background of the whole New Testament, using Scripture to enlighten Scripture, so as to establish the revelation historical development in the Bible. The phrase "being crucified with Christ" has also been studied in the light of the reformed confessions. It has been established that the rest of the scriptural revelation of God and the reformed confessions support the results of the exegesis.

The influence of the phrase "being crucified with Christ" on the ethics of Paul has then been established. Three analytical categories were used, namely identity, ethics and ethos. It became clear that the fact that the believer died with Christ should have a great effect on the life of the believer. His life can never be the same again. Because God has liberated the believer from the power of sin, the believer should transfer all his allegiance to the one who has set him free. The believer is dead to sin and alive to God. He is no longer a slave to sin.

The last chapter explored how these ethical implications of the phrase "being crucified with Christ" should be actialized in the life of the believer. It became clear that by faith the believer lives the new life, with Christ actually living in him. Through his union with Christ, the believer undergoes transformation that should cause him to walk in newness of life. The Holy Spirit is at work through faith and the fruit of the Spirit should be manifest in the life of the believer.

The fact that the believer has been "crucified with Christ" is a metaphor that Paul uses to shock the believer to the realiazation that the new life in Christ has a complete impact on every area of the his life.

# OPSOMMING

**"Gekruisig saam met Christus" en die etiek in die briewe van Paulus. 'n Eksegetiese studie.**
**[Sleutel woorde: *sunstauroo*, briewe van Paulus, etiek, heiligmaking, heilig, kruisiging]**

Die doel van hierdie studie is om die metafoor "saam met Christus gekruisig" eksegeties te plaas en die invloed daarvan op die etiek in die briewe van Paulus te ondersoek.

Die eerste doel is om die sosiohistoriese konteks van die frase "saam met Christus gekruisig" te konstrueer. Die kruis, die kruisigingskonvensies, die skande en pyn wat daarmee gepaard gaan en die frase "saam" (σύν) is sosiohistories geplaas. Dit word duidelik dat die kruis gereserveer is as straf vir die laagste klasse van die samelewing en die ergste kriminele. Die kruis was een van die wreedste en onmenslikste maniere om iemand terreg te stel. Die skande en pyn wat daarmee gepaard gegaan het, was só erg dat 'n Romeinse burger skaars daaroor sou praat. Enige persoon wat sou hoor dat hy saam met Christus gekruisig moes word, sou geskok gewees het tot in sy diepste wese; hy sou nie sommer sy geloof in Jesus geplaas het, wat sulke onredelike dinge vereis nie.

Die grammaties-historiese metode is gebruik om 'n detail eksegese van die twee gedeeltes in die briewe van Paulus te doen waar die metafoor gebruik word. Dié twee gedeeltes is Romeine 6:1-14 and Galasiërs 2:15-21.

Die metafoor "saam met Christus gekruisig" is vervolgens in die hele Nuwe Testament bestudeer deur Skrif met Skrif te vergelyk. Die openbaringshistoriese lyn is op hierdie wyse ondersoek. Die metafoor is ook in die lig van die uitsprake in die gereformeerde belydenisskrifte bestudeer. Daar is vasgestel dat die openbaring van God in die res van die Nuwe Testament die eksegetiese resultate van die belydenisskrifte ondersteun.

Die invloed van die metafoor "saam met Christus gekruisig" op die etiek in Paulus se briewe is vervolgens vasgestel. Drie analitiese kategorieë is gebruik naamlik: identiteit, etiek en etos. Dit het duidelik geword dat die gelowige se sterwe saam met Christus die lewe van die gelowige ingrypend verander het. Die gelowige se lewe kan nooit weer dieselfde wees nie. God het deur die daad van Jesus aan die kruis die gelowige vrygemaak van die mag van die sonde, sodat hy deur die Heilige Gees van God beheer kan word. Die gelowige is dood vir die sonde om nou vir God te lewe; hy is nie langer 'n slaaf van die sonde nie.

Die laaste hoofstuk ondersoek hoe die etiese implikasie 'n realiteit in die lewe van die gelowige kan word. Dit is duidelik dat die gelowige deur die geloof deel kry aan die getrouheid van Jesus se werk aan die kruis en in die opstanding. Deur sy vereniging met Christus, ondergaan die gelowige 'n transformasie omdat Christus in hom lewe en hy daarom in 'n nuwe lewe kan lewe. Die Heilige Gees is deur die geloof aan die werk in die lewe van die gelowige en so word die vrug van die nuwe lewe gemanifesteer in die lewe van die gelowige.

Met die gebruik van die "saam met Christus gekruisig"-metafoor het Paulus die hoorder so geskok dat die besef tot hom moes deurdring dat die lewe met Christus 'n totale impak op sy hele lewe sal hê.

# BIBLIOGRAFIE


Aland, B, Aland, K, Black, M, Martini, CM, Metzger, BM, & Wikgren, A. 1993, c1979. The Greek New Testament 4th ed. United Bible Societies: Federal Republic of Germany.

Barclay, JMG. 1996. The Jews in the Mediterranean Diaspora from Alexander to Trajan (323 BCE-117 CE). Edinburg, Scotland: T&T Clark.

Barret, CK. 1977. A Commentary on the Epistle to the Romans. London, UK: Black.

Beker, J Christiaan. 1980. Paul the Apostle: the triumph of God in Life and Thought. Edinburgh, UK: T&T Clark.

Bekker, Julia. 2002. The characteristics of poetry. (*in* Wolfvaardt, Bennie. *ed.* How to interpret the Bible: a do-it-yourself manual. Surrey,UK: Bookcraft. p 127-142)

Berkouwer, GC. 1952, Faith and Sanctification. Grand Rapids, MI: Eerdmans. (Studies in Dogmatics)

Betz, Hans Dieter. 1979. Galatians: a commentary on Paul's letter to the churches in Galatia. Philadelphia, USA: Fortress Press.

Bligh, John. 1970. Galatians: a discussion of St Paul's epistle. London,UK: St Paul Publications.

Bockmuehl, K. 1988. 'Sanctification', (*in* Ferguson, SB. & Wright, DF. *eds.* New Dictionary of Theology. Leicester/Downers Grove, IL: Inter-varsity Press. p. 613-616)

Botha, WJ. 2000. Die interpretasie van "liggaamlike lyding" in 1 Petrus 4:1: 'n sosio-historiese studie. Ongepubliseerde M-Verhandeling: Potchefstroomse Universiteit vir CHO, Potchefstroom.

Bornkamm, Gunther. 1975. Paul. Norfolk, London: Lowe & Brydone.

Brandenburger, E. 1980. Cross, Wood, Tree. (*in* Brown, Colin. *ed.* The New International Dictionary of the New Testament Theology. Grand Rapids, MI: Paternoster, Vol 1:391-405)

Brown, Raymond E. 1982. The Gospel according to John: introduction, translation, and notes. Vol 2, XII-XXI. Southampton, UK: Camelot (The Anchor Bible).

Brown, Raymond E. 1983. The Epistles of John: translation with introduction, and commentary. Suffolk, Great Britain: Richard Clay. (The Anchor Bible).

Bruce, FF. 1983. The Epistle of Paul to the Romans: an introduction and commentary. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Bruce, FF. 2002. The Epistle to the Galatians: a commentary on the Greek text. Grand Rapids, MI: Paternoster.

Burton, Ernest De Witt. 1921.The Epistle to the Galatians; a critical and exegetical commentary. Edinburgh, Scotland: T &T Clark.

Bultmann, Rudolf. 1976. πιστός (*in* Kittel,G, Bromiley, G W. & Friedrich, G. *Eds* Theological dictionary of the New Testament.. Vol 6 (electronic ed.) Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Bybel. 1992. Die Nuwe Afrikaanse Vertaling met herformulerings. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Bybel, Multivertaling, 2004. (Human, Dirk en Van Rooy, Herrie, *reds.* Ou Testament. Van Rensburg, Fika J en Van der Watt, Jan, *reds.* Nuwe Testament.) Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Calvyn, John. 1996. The Epistles of Paul the Apostle to Galatians, Ephesians, Philippians and Colossians. Grand Rapids, MI: Eerdmans (Calvin's New Testament Commentraries, trans THL Parker, *ed.* David W and Thomas F Torance)

Campbell, Alastair. 1999. Dying with Christ: the origin of a metaphor? (*in* Porter, Stanley E, Cross, R. *eds.* Baptism, the New Testament and the Church: historical and contemporary studies in honour of REO White. Sheffield, England: Sheffield Academic Press p.273-293)

Cicero, Marcus Tullius. 1958. The Speeches: pro T Annio Milone, in L Calpurnium Pisonem, pro M Aemilio Scaura, pro M. Foteio, pro C Rabirio Postumo, pro M. Marcelleo, pro Q. Ligario, pro rege Deiotaro/ with english translation by N.H. Watts. London: Heinemann.

Coetzee, JC. *al.* 1980. Hermeneuse van die Skrif met die oog op hedendaagse kerklik-etiese vraagstukke. *In die Skriflig,* (54):12-26 Junie.

Cole R Alan. 1983. The Epistle of Paul to the Galatians. Grand Rapids. MI: Eerdmans.

Cranfield, CEB. 1980. The Epistle to the Romans. 2 Vols. Edinburgh, Scotland: Clark. (The International Critical Commentary)

Davies, O. 2000, 'Holiness' (*in* Hastings, A, Mason, A, Pyper, H, *eds.* The Oxford Companion to Christian Thought, Intellectual, Spiritual and Moral Horizons of Christianity. Oxford, Great Britain: University Press. p.302-303.)

Deist, FE. & Burden JJ. 1980. 'n ABC van Bybeluitleg. Pretoria: Van Schaik.

Deissmann, Adolf. 1911. Light from the Ancient East: the New Testament illustrated by recently discovered texts of the Graeco-Roman world. London: Hodder and Stoughton.

De Klerk, Ben J & Janse van Rensburg, Fika. 2005. Preekgeboorte. 'n Handleiding vir Gereformeerde eksegese en prediking, toegepas op 1 Petrus 2:11-12, 18-25. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

Dunn, JDG. 1982. Salvation Proclaimed VI. Romans 6:1-11:dead or alive. *In Expository Times* 93:259-64.

Dunn, JDG. 1988. Romans 1-8. Colombia: Nelson Reference & electronic.

Dunn, JDG. 1998. The Theology of Paul the apostle. Edinburgh: T&T Clark.

Du Plessis, IJ. 1978. Die Brief aan Kolossense. Kaapstad:NG Kerk-Uitgewers.

Du Toit, AB. 1984, Oriënterende opmerkings oor die Pauliniese briefliteratuur. (*In* Du Toit, AB, *red.* Handleiding by die Nuwe Testament. Volume V: Die Pauliniese Briewe: inleiding en teologie. Pretoria: NG Kerkboekhandel. p.1-37)

Du Toit, AB. 2006. Shaping a Christian lifestyle in the Roman Capital. *Beihefte zur Zeitschrift für die neutestamentliche Wissenschaft und die Kunde der älteren Kirche* 141:167-198.

Ellis, EE. 1974. Christ Crucified. (*in* Banks, R. *ed.* Reconciliation and Hope: New Testament essays on atonement and eschatology presented to LL Morris on his 60th birthday. Grand Rapids MI: Eerdmans. p 69-75)

Enslin, MS. 1957. The ethics of Paul. Nashville, NY: Abingdon Press.

Fitzgerald, John T. 1988. Cracks in an earthen vessel: an examination of the catalogues of hardships in the Corinthian correspondence. Atlanta, GA: Scholars Press.

Fitzmyer, JA. 1993. Romans. New York, NY: Doubleday. (The Anchor Bible)

Fitzmyer, Joseph A. 1998. To Advance the Gospel: New Testament studies. Grand Rapids, MI:Eerdmans. p 125-148.

Furnish, Victor Paul. 1978. Theology & Ethics in Paul. Nashville, Tennessee: Parthenon Press.

Gammie, J G. 1989. Holiness in Israel. Minneapolis, MN: Fortress.

Garrett, Susan R. 1992. Sociology of Early Christianity. (*In* The Anchor Bible Dictionary. New York: Doubleday. (Vol 6:89-99).

Geertz, Clifford. 1976. From the Native's Point of View: on the nature of anthropological understanding. (*in* Basso, Keith H and Selby, Henry A. *eds.* Meaning in Anthropology. Albuquerque: University of New Mexico Press. p 221-237)

Geldenhuys, Norval. 1979. Commentary on the Gospel of Luke: the English text with introduction exposition and notes. Grand Rapids, MI: Eerdmans. (The International Commentary on the New Testament)

Goede, Hennie. 2004. Die "Swakste Lede" in Paulus se Liggaams-Metafoor: 'n grammaties-historiese studie. Ongepubliseerde M-Verhandeling: Noordwes-Universiteit, Potchefstroom.

Goppelt, Leonhard. 1982. Theology of the New Testament. Volume 2: The variety and unity of the apostolic witness to Christ. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Green,J B. 1993. Crucifixion. (*in* Hawthorne, G F Martin, R P & Reid, D G, *eds.* Dictionary of Paul and his Letters. Downers Grove, IL: Inter-Varsity Press. p 197-199).

Groenewald, EP. 1977a. Die Briewe van Petrus en die Brief van Judas. Goodwood, Kaapstad: NG Kerkuitgewers.

Groenewald, EP. 1977b. Die Pastorale Briewe. Goodwood, Kaapstad: NG Kerkuitgewers.

Grundmann, W. 1979. σύν-μετά. (*in* Friedrich, Gerhard. *ed.* Theological Dictionary of the New Testament. Grand Rapids, MI: Eerdmans. Vol VII:766-796)

Guthrie, Donald. 1978. New Testament Introduction. Aylesbury, England: Watson and Viney.

Guthrie, Donald.1981. New Testament Theology. Downers Grove, IL: Intervasity Press.

Haas, N. 1970. Anthropological Observations on the Skeletal Remains from Giv'at ha-Mivtar, Jerusalem. *Israel Exploration Journal* (20):38-51.

Hawthorne, G F. 1997 'Holy, Holiness' (*in* Ralph, P Martin, Peter, H Davids, *eds.* Dictionary of the Later New Testament and its developments. Downers Grove, IL: Intervarsity Press. p. 485-489)

Hare, DRA. 1967. Jewish persecution of Christians in Matthew. Cambridge, UK: Cambridge University Press.

Harris, MJ. 1978. Prepositions and Theology in the Greek New Testament. (*in* Brown, Colin, *ed.* The New International Dictionary of the New Testament Theology. Grand Rapids, MI: Paternoster, Vol 3:1171-1215)

Hays, RB. 1983. The faith of Jesus Christ: an investigation of the narrative substructure of Gal 3:1-4:11. Chico,CA: Scholars Press.

Healey, Joseph P. 1992. Faith. (*In* The Anchor Bible Dictionary. New York: Doubleday. (Vol 2:744-749).

Hendriksen, William. 1976. The Gospel of Mark. Edinburgh, UK: Banner of Truth.

Hendriksen, William. 1979. Galatians. Edinburgh, Great Britain: The Banner of Truth Trust.

Hengel, M. 1977. Crucifixion in the Ancient World and the folly of the message of the Cross. Philadelphia: Fortress.

Hoekema, AA. 1989. Saved by Grace. Grand Rapids, IL: Eerdmans.

Howard, George. 1990. Paul: Crisis in Galatia: a study in early Christian theology. Cambridge, Great Britain: University Press.

Jenny, Timothy P. 2000. 'Holiness, Holy' (*in* Noel, David *ed.* Dictionary of the Bible. Grand Rapids, IL: Eerdmans.)

Jewett, Robert. 1971. Paul's Anthropological Terms: a study of their use in the conflict settings. Leiden, Netherlands: Brill.

Jewett, Robert. 2004. Romans. (*in* Dunn, James DG. *Ed.* ST Paul. Cambridge, UK: University Press. p 91-104)

Jonker, WD. 1981. Die Gees van Christus. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

Jordaan, GJC. 1991. Skrifbeskouing: Deurslaggewende faktor by Skrifverklaring. Inougurele rede. Potchefstroom : PU vir CHO, Departement Sentrale Publikasies.

Josephus, Flavius. 1991. The works of Josephus: complete and unabridged/ translated by Whiston, William. Peabody, Mass: Hendrickson.

Justinus, Martelaar. 1922-1923. Justijn de Martelaar. Bewerkt door Meyboom, HU. Leiden, Netherlands: Sijthoff.

Käsemann, Ernst. 1980. Commentary on Romans. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Käsemann, Ernst. 1970. Pauline Theology of the Cross. *Interpretation* 24:151-177.

Kelly, JND. 1977. A Commentary on the Epistles of Peter and of Jude. London, Great Britain: Billing and Sons.

Kruse, CG. 1992. The Price paid for a ministry among the Gentiles: Paul's persecution at the hands of the Jews. (*in* Wilkens, M. Paige, T. *eds.* Worship, Theology and Ministry in the Early Church. JSNTSup, 87; Sheffield: JSOT Press. p 260-72).

Kummel, WG. 1979. Introduction to the New Testament. London, UK: SCM Press.

Ladd, GE. 1979. A Theology of the New Testament. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Lane, William L. 1979. The Gospel According to Mark: the English text with introduction, exposition and notes. Grand Rapids, MI: Eerdmans. (New International Commentary on the New Testament)

Lategan, BC. 1984. Galasiërs. (*in* Du Toit, AB. *ed.* Handleiding by die Nuwe Testament. Volume V: Die Pauliniese briewe: inleiding en teologie. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel. p 95-113)

Lekkerkerker, AFN. 1974. De Brief van Paulus aan de Romeinen. Nijkerk, Nederland: GF Callenbach.

Longenecker, Bruce. 2004. Galatians. (*in* Dunn, James DG. *ed.* ST Paul. Cambridge, UK: University Press. p 64-73)

Longenecker, Richard N. 1990. Galatians. Nashville: Thomas Nelson.

Louw, JP & Nida, EA. *eds.* 1988a. Greek-English lexicon of the New Testament based on semantic domains. Volume 1. New York: United Bible Societies.

Louw, JP & Nida, EA. *eds.* 1988b. Greek-English lexicon of the New Testament based on semantic domains. Volume 2. New York: United Bible Societies.

Lloyd-Jones, DM. 1973. Romans:an exposition of chapter 6 the new man. Grand Rapids, MI: Zondervan.

Lühmann, Dieter. 1992. Faith: New Testament. (*In* The Anchor Bible Dictionary. New York: Doubleday. (Vol 2:749-758).

Luther, Martin. 1963. Lectures on Galatians, 1535 (*in* Luther's Works. Pelikan, Jaroslav, translated and ed. ST Louis: Concordia.

MacArthur, John F. 1987. Galatians. Chicago, IL: Moody. (The MacAthur New Testament Commentary)

MacAthur, John F. 1991. Romans 1-8. Chicago, IL: Moody. (The MacAthur New Testament Commentary)

Machen, Gresham J. 1973. Machen's Notes on Galatians, *ed.* J. Skilton. Philadelfia: Presbyterian and Reformed.

Malherbe, Abraham J. 1983. Social Aspects of Early Christianity. 2nd ed. Philadelphia: Fortress.

Malina, Bruce. 1979. The Individual and the Community: personality in the social world of Early Christianity. *Biblical Theology* (9):126-138.

Martyn,J Louis. 1998. Galatians: a new translation with introduction and commentary. New York,NY: Doubleday.

McKnight, Scot. 2000. The Ego and "I": Galatians 2:19 in new perspective. *Word & World* 20(3):272-280.

Meeks, Wayne A. 1986. The moral world of the first Christians. Philadelphia: Westminster.

Meyer, Heinrich AW. 1873. Critical and Exegetical Handbook to the Epistle to the Galatians. Edinburgh, Scotland: Murray & Gibb.

Michel, O. 1980. Faith. (*in* Brown, Colin, *ed.* The New International Dictionary of the New Testament Theology. Grand Rapids, MI: Paternoster, Vol 1:539-605)

Morris, Leon. 1976. The Cross in the New Testament. Exeter: Paternoster Press.

Morris, Leon. 1966. The centrality of the Cross: the firm conviction of the permanent efficacy of the crucifixion leads Paul to say that he will glory in the cross. *Christianity Today* 10:14-17.

Morris, Leon. 1992. The Epistle to the Romans. Grand Rapids MI: Eerdmans.

Moule, CFD. 1970. Death 'to Sin', 'to Law, and 'to the World': a note on certain datives. (*in Melanges Biblique* Festschrift RP Beda Rigaux. Gembloux: Duculot. pp 367-75)

Moule, Handley CG. 1893. The Epistle to the Romans. London: Pickering & Inglis.

Murray, J. 1960. The Epistle to the Romans. Grand Rapids MI: Eerdmans.

Murray, J. 1977. Collected Writings, Vol 2. Carlise, Edinburgh: Banner of Truth.

Neusner, Jacob. 2005. What, Exactly is Israel's Gentile Problem?: Rabbinic perspectives on Galatians 2. (*in* Chilton, Bruce & Evans, Craig, *eds.* The Missions of James, Peter and Paul: tensions in early Christianity. Leiden, Netherlands: Brill Academic Publishers. p 275-306)

O'Collins, Gerald G. 1992. Crucifixion. (*in* The Anchor Bible Dictionary. New York: Doubleday. (Vol 1:1207-1210)

Packer, JI. 1984. Keep in step with the Spirit. Leicester, UK: Inter-varsity Press.

Pelser, GMM. 1984. Die brief aan die Romeine. (*in* Du Toit, AB. *ed.* Handleiding by die Nuwe Testament. Volume V: Die Pauliniese briewe: inleiding en teologie. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel. p 41-56)

Plautus, Titus Maccius. 1951-1957. Plautus. With an English translation by Paul Nixon. London, UK: Heinemann.

Pollard, JP. 1982. The problem of the faith of Christ. Diss (PhD), Baylor University. Waco, Texas.

Porter, SE. 1993, 'Holiness, Sanctification', (*in* Hawthorne, GF. Martin, RP. & Reid, DG, *eds.* Dictionary of Paul and his Letters. Downers Grove, IL: Inter-Varsity Press. p 397-402)

Poythress, Vern S. 1988. Science and hermeneutics: implications of scientific method for Biblical interpretation. Grand Rapids, IL: Academie Books.

Peterson, David. 1995. Possessed By God. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Ridderbos, H. 1977. Aan De Romeinen. Kampen: J.H. Kok. (Commentaar op het Nieuwe Testament)

Ridderbos, H. 1979. Paul: an outline of his theology. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Ryken, Phillip Graham. 2005. Galatians. Phillipsburg, NJ: P&R Publishing. (Reformed Expository Commentary)

Sanders, EP. 1991. Paul. Oxford, Great Britain: Oxford University Press.

Schnackenburg, Rudolf. 1982. The Gospel According to St John. Vol 3 Chapters 13-21. Guildford, Surrey: Biddles.

Seneca, Lucius Annaeus, ca 55 BC - ca 39 AD. 1928-1935. Epistulae morales ad Lucilium. English translation by John W Basore. London, UK: Heinemann.

Siede, B. 1980. Cross, Wood, Tree. (*in* Brown, Colin. *ed.* The New International Dictionary of the New Testament Theology. Grand Rapids, MI: Paternoster, Vol 1:389-391).

Schneider, J. 1979. σταυρός. (*in* Friedrich, Gerhard. *ed.* Theological Dictionary of the New Testament. Grand Rapids, MI:Eerdmans. Vol VII:572-584).

Schreiner, Thomas R. 2005. Romans. Grand Rapids, MI: Baker Academics. (The Baker Exegetical Commentary on the New Testament)

Schweizer, Eduard. 1982. The Letter to the Colossians. Minneapolis, Minnesota: Augsburg Publishing House.

Stibbs, AM. and Walls, AF. 1983. 1 Peter. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Stott, J. 1994. The Message of Romans. UK: Intervasity Press.

Tannehill, Robert C. 1967. Dying and Rising with Christ: a study in Pauline theology. Berlin: Verlag Alfred Topelmann.

Thielman, Frank. 1989. From Plight to Solution: a Jewish framework for understanding Paul's view of the law in Galatians and Romans. Leiden, Netherlands: EJ Brill.

Thomas, RL. 1998, 1981. New American Standard Hebrew-Aramaic and Greek dictionaries : Updated edition . Foundation Publications, Inc.: Anaheim.

Tolmie, DF. 2006. Liberty-love-the Spirit: Ethics and ethos according to the Letter to the Galatians. *Beihefte zur Zeitschrift für die neutestamentliche Wissenschaft und die Kunde der älteren Kirche* 141:241-256.

Tolmie, DF. 2004. A Rhetorical Analysis of the Letter to the Galatians. Ongepubliseerde proefskrif. Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

Tolmie, DF. 2000. Paulus se retoriese strategie in Galasiërs 2:11-21. *Skrif en Kerk* 21:(2):353-370.

Tzaferis, V. 1970, Jewish tombs at and near Giv'at ha-Mivtar, Jerusalem. *Israel Exploration Journal* (20):18-31.

Van der Walt, Tjaart. 1988. Openbaringsgeskiedenis van die Nuwe Testament: 'n gids vir Bybelkundestudente. Potchefstroom:Departement Sentrale publikasies PU vir CHO.

Van der Watt, Jan G. 2006. Preface. *Beihefte zur Zeitschrift für die neutestamentliche Wissenschaft und die Kunde der älteren Kirche* 141:V-IX.

Van der Watt, JG. 2000. Family of the King: dynamics of metaphor in the Gospel to John. Leiden: Brill.

Van Rensburg, Fika J. 2006. A code of conduct for children of God who suffer unjustly: Identity, Ethics and Ethos in 1 Peter. *Beihefte zur Zeitschrift für die neutestamentliche Wissenschaft und die Kunde der älteren Kirche* 141:473-510.

Van Rensburg, Fika J. 2000. Dekor of Konteks?: die verdiskontering van sosio-historiese gegewens in die interpretasie vir die prediking en pastoraat van 'n Nuwe Testamentteks, geïllustreer aan die hand van die 1 Petrus-brief. *Skrif en Kerk*: 564-582.

Van Rensburg, Fika J & Van Wyk, Gerrie J. 1997. *Oiketai* (huisbediendes) in die eerste-eeuse Grieks-Romeinse samelewing. 'n Sosio-historiese konstruksie vir die interpretasie van 1 Petrus 2:18. *In die Skriflig* 31 (3):229-249.

Van Rensburg, Fika J. 1998. Christians as 'resident and visiting aliens'. Implications of the exhortations to the 'paroikoi' and 'parepidemoi' in 1 Peter for the church in South Africa. *Neotestamentica* 32(3):573-584.

Weiser, Artur. 1976. πιστός (*in* Kittel,G, Bromiley, G W. & Friedrich, G. *Eds* Theological dictionary of the New Testament.. Vol 6 (electronic ed.) Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Wenham, GJ. 1979. The Book of Leviticus. Grand Rapids, MI: Eerdmans. (The New International Commentary on the Old Testament)

Whiteley, DEH. 1974. The Theology of St.Paul. Oxford, Great Britain: Basil Blackwell.

Wright, David P. 1992. Holiness (*in* the Anchor Bible Dictionary. New York,NY: Doubleday. (Vol 3:237-249)

Wuest, Kenneth S. 1948. Galatians in the Greek New Testament: for the English reader. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Ziesler, JA. 1992. The Epistle to the Galatians. London,UK: Epworth Press.